Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne

Jaarverslag 2024/25

WES-KAAPSE RAAD OP DOBBELARY EN WEDRENNE

JAARVERSLAG

2024/25

CONTENTS

DEEL A: ALGEMENE INLIGTING 4

1. ALGEMENE INLIGTING OOR DIE RAAD 4
2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME 5
3. VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER 8
4. OORSIG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTE 10
5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN AKKURAATHEID VAN DIE FINANSIËLE JAARVERSLAG 12
6. STRATEGIESE OORSIG 13
7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE 14
8. ORGANISASIESTRUKTUUR 17

DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING 20

1. OUDITEUR-GENERAAL SE VERSLAG: VOORAFBEPAALDE DOELWITTE 20
2. OORSIG VAN PRESTASIE 20
3. VORDERING TER BEREIKING VAN INSTITUSIONELE IMPAKTE EN UITKOMSTE 33
4. PROGRAMPRESTASIE-INLIGTING 34
5. INKOMSTE-INVORDERING 45
6. KAPITAALBELEGGING 45

DEEL C: REGERINGSBESTUUR 48

1. INLEIDING 48
2. PORTEFEULJEKOMITEES 48
3. UITVOERENDE GESAG 48
4. DIE REKENINGKUNDIGE GESAG – DIE RAAD 48
5. RISIKOBESTUUR 61
6. INTERNE KONTROLE-EENHEID 64
7. INTERNE OUDIT EN OUDIT- EN RISIKOKOMITEE 64
8. VOLDOENING AAN WETTE EN REGULASIES 65
9. BEDROG EN KORRUPSIE 66
10. MINIMERING VAN BELANGEBOTSING 66
11. GEDRAGSKODE 66
12. KWESSIES RAKENDE GESONDHEID, VEILIGHEID EN DIE OMGEWING 66
13. MAATSKAPPYSEKRETARIS 66
14. MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID 66
15. VERSLAG VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE 67
16. PRESTASIE-INLIGTING OOR VOLDOENING AAN BBSEB 70

DEEL D: MENSLIKEHULPBRONBESTUUR 72

1. INLEIDING 72
2. OORSIG VAN MENSLIKEHULPBRONSTATISTIEK 74

DEEL E: VERSLAG OOR WOFB-VOLDOENING 80

1. ONREËLMATIGE, VRUGTELOSE EN VERKWISTENDE UITGAWES EN WESENLIKE VERLIESE 80
2. LAAT EN/OF NIEBETALING VAN VERSKAFFERS 84
3. VOORSIENINGSKETTINGBESTUUR 84

DEEL F: FINANSIËLE INLIGTING 86

1. VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL 87
2. FINANSIËLE JAARSTATE 94

DEEL A:

Algemene inligting

1. ALGEMENE INLIGTING OOR DIE RAAD

NAAM:	Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
STRAATADRES:	Fairwaysingel 24 Fairway Terraces Parow 7500 Kaapstad Republiek van Suid-Afrika
POSADRES:	Posbus 8175 Roggebaai 8012
TELEFOONNOMMER/S:	+27 21 480 7400
E-POSADRES:	ceo@wcgrb.co.za
WEBWERF:	www.wcgrb.co.za
EKSTERNE OUDITEURE:	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
BANKIERS:	Nedbank
RAADSEKRETARIS:	Heinrich Brink

2. LYS MET AFKORTINGS/AKRONIEME

Die volgende lys bevat al die afkortings/akronieme wat in die jaarverslag gebruik word, ongeag die afdeling van die jaarverslag waarop dit betrekking het:

Afkorting/ Akroniem	Beskrywing
AARP	Algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk
ADFIN / Adfin	Administrasie en Finansies
BBP	Bruto binnelandse produk
BBSEB	Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging
BDI	Bruto dobbelinkomste
BTA	Beskrywing van tegniese aanwyser
BU	Bedryfsuitgawes
CATHSSETA	Onderwys- en opleidingsowerheid vir die kultuur-, kunste-, toerisme-, gasvryheid en sportsektor
COVID-19	Coronavirussiekte 2019
DB	Diensbillikheid
DH	Departementshoof
DHNM	Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging
DSA	Departement van Staatsdiens en Administrasie
DSK	Dobbelary-skakelkomitee
DvA	Departement van Arbeid
DvI	Departement van Infrastruktuur
FIS	Finansiële Intelligensiesentrum
FIT	Komitee oor Finansies en Inligtingstegnologie
FJ	Finansiële jaarstate
GR (SA)	Geoktrooieerde Rekenmeester (Suid-Afrika)
Grondwet	Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
HFB	Hoof- Finansiële Beampte
HHA	Hoogste Hof van Appèl
HUB	Hoof- Uitvoerende Beampte
IDSA	Instituut van Direkteure in Suid-Afrika
IGSF	Individueel-gekoppelde spaarfasiliteit
IIO	Instituut van Interne Ouditeure
IJM	In-jaar-monitering
IKT	Inligting- en kommunikasietegnologie
IT	Inligtingstegnologie
JOV'e	Jaarlikse opleidingsverslae
JPP	Jaarlikse Prestasieplan
KMB	Korporatiewe maatskaplike belegging

ALGEMENE INLIGTING

Afkorting/ Akroniem	Beskrywing
KMK	Komitee oor Menslike Kapitaal
KOR	Komitee oor Openbare Rekeninge
KU	Kapitaaluitgawes
KVD	Komitee oor Verantwoordelike Dobbelary
KvI	Koste van indiensneming
LDT	Langdienstoekenning
LKA	Lewenskoste-aanpassings
LP	Lid van die Parlement
LPM	Beperkte-uitbetalingsmasjiene
LUR	Lid van die Provinsiale Uitvoerende Raad
MH	Menslike Hulpbronne
MHB	Menslikehulpbronbestuur
Minister	Wes-Kaapse Minister van Finansies
MSW	Maatskappy sonder winsoogmerk
MTBBV	Mediumtermynbegrotingbeleidsverklaring
MTUR	Mediumtermynuitgaweraamwerk
NDMF	Nadiens-mediese fonds
NRD	Nasionale Raad op Dobbelary
NTR	Nasionale Tesourieregulasies
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
OKT	Ononderbroke kragtoevoer
OO	Organisasieontwikkeling
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORK	Oudit- en Risikokomitee
ORRO	Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure
OTV	Oorspronklike toerustingvervaardiger
PA	Prestasie-aanwyser
PLO	Provinsiale Lisensiëringsowerheid
PTR	Provinsiale Tesourieregulasies
Raad	Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
raad	kollektief van nie-uitvoerende Raadslede
RHP	Rampherstelplan
SA	Senior Advokaat
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisiediens
SASVD	Suid-Afrikaanse Stigting vir Verantwoordelike Dobbelary
SBP	Standaardbedryfsprosedure
SKOF	Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se Staande Komitee oor Finansies

Afkorting/ Akroniem	Beskrywing
SR	Strategiese risiko
Tipe A LPM-perseel	LPM-persele met tot 5 LPM'e
Tipe B LPM-perseel	LPM-persele met 6 tot 20 LPM'e
Tipe C LPM-perseel	LPM-persele met 21 tot 40 LPM'e
Tipe D LPM-perseel	Onafhanklike LPM-perseeloperateur
TR	Tesourieregulasies
UBK	Uitvoerende Bestuurskomitee
VBD	Voorafbepaalde doelwit
VKB	Voorsieningskettingbestuur
VPI	Verbruikersprysindeks
VR	Verwysingsraamwerk
WAV	Wet op Arbeidsverhoudinge
WBAG	Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000
WBPI	Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013
WBTI	Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000
WBV	Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993
WDB	Wet op Diensbillikheid
Wes-Kaap	Die Provinsie van die Wes-Kaap
Wet	Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996
WFIS	Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001
WK	Wes-Kaap
WKDvI	Wes-Kaapse Departement van Infrastruktuur
WKPT	Wes-Kaap Provinsiale Tesourie
WKR	Wes-Kaapse Regering
WKRDW	Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
WVHA	Werk van huis af
WVP	Werkplekvaardigheidsplan
WWP	Werknemerwelstandsprogram

3. VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER

Mnr. Claude Bassuday
Voorsitter van die Raad

Dit is vir my aangenaam om die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne se Jaarverslag vir die boekjaar 2024/25 aan te bied.

Die WKRDW is 'n WOFB Skedule 3C- provinsiale openbare entiteit wat ingestel is deur die uitvaardiging van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, Wet 4 van 1996.

Die wetgewende mandaat van die WKRDW is om die dobbelbedryf in die Wes-Kaap te reguleer. Dié mandaat word uitgevoer deur aansoeke om die dobbelbedryf in die Wes-Kaap te betree, te aanvaar en noulettend te ondersoek met die doel om te verseker dat slegs geskikte en gepaste persone 'n lisensie kry om in die Wes-Kaapse dobbelbedryf sake te doen. Die WKRDW onderneem ook regulatoriese voldoeningsoudits om te verseker dat gelisensieerde operateurs aan die voorskrifte van toepassing op die bedryf voldoen. Onwettige dobbelary-operateurs word geïdentifiseer en met behulp van die SAPD toegemaak.

Verder is die WKRDW verantwoordelik om dobbelbelasting van die bedryf in te vorder en te verifieer. Daar was in die afgelope jaar aansienlike groei in dobbelbelasting nadat R1.5 miljard in die boekjaar 2023/24 ingevorder is. Soos verwag, is die vroeë snelle groei nie gehandhaaf nie en die toename in belastinginkomste was minder dramaties – die WKRDW het R1.75 miljard vir die boekjaar 2024/25 ingevorder en geverifieer.

Die WKRDW gaan voort om die bedryf se KMB-bydraes te monitor en is verheug om te berig dat die bedryf vir die verslagtydperk R15 937 127 miljoen tot KMB-programme bygedra het.

Die wetlike getal Raadslede is sewe nie-uitvoerende lede. Die sewe lede maak as 'n kollektief die WKRDW se Rekenpligtige Gesag uit. Die kworum vir 'n Raadsvergadering is vyf lede. Gedurende die oorsigjaar het die WKRDW sewe aangestelde lede gehad en was dus volledig saamgestel. Ten tye van die ondertekening van hierdie verslag het me. Fani se termyn ten einde geloop, en die WKRDW het nou slegs ses van sy sewe toegekende Raadslede. Raadslede se termyne word in Deel C vanaf bladsy 52 aangedui.

Die WKRDW se personeelstruktuur het vir ten minste die afgelope 16 jaar konstant gebly terwyl die dobbelbedryf eksponensieel ontwikkel en gegroei het. Hierdie uitbreiding plaas tans druk op die WKRDW se hulpbronne om hul funksies optimaal te verrig en in die verwagtinge van lisensiehouers te voorsien.

Die WKRDW het 'n diensverskaffer aangestel om die WKRDW se struktuur en die hulpbronne wat nodig is om sy mandaat doeltreffend uit te voer, te assesseer. Hierdie oefening is voltooi en deur die Raad van die WKRDW goedgekeur, maar die WKRDW sal die finansiële hulpbronne benodig om die implementering van die aanbevelings te befonds.

Die WKRDW het nie die magtiging om sy inkomstestroom te verhoog sonder die goedkeuring van die betrokke Minister nie, aangesien alle besluite ten opsigte van finansies aan die ministeriële begrotingsgoedkeuring onderworpe is.

Die WKRDW se inkomstestrome word voorgeskryf deur wetgewing en die WKRDW het nie magtiging om dit te wysig nie, en is gevolglik van die Wes-Kaapse Regering afhanklik om wetgewing te wysig.

Tydens 'n onlangse hersiening van WKPT- openbare entiteite, is daar bevind dat die WKRDW se vergoeding vir senior personeel onder die laagste van die Wes-Kaapse provinsiale openbare entiteite tel. Daarbenewens, in vergelyking met die ander Suid-Afrikaanse rade wat dobbelary reguleer, is die vergoedingstruktuur laer as die meeste daarvan. Dit plaas die WKRDW in 'n nadelige posisie en in gevaar om sy sleutelwerknemers aan ander entiteite te verloor – drie sodanige werknemers is aan ander reguleerders verloor.

Die WKRDW het besit geneem van sy nuwe kantoorakkommodasie by Fairwaysingel 24 en het die dienste van 'n toepaslik gekwalifiseerde projekbestuurder bekom om die proses vir die opknapping en inrigting van die WKRDW-gebou te bestuur.

Die WKRDW het, nieteenstaande die uitdagings, sy mandaat nagekom.

Die WKRDW het 'n uitkoms van skoon oudit ontvang en 16 van sy 19 beplande prestasie-aanwysers behaal.

Mediumtermyndoelwitte

Die proses vir die uitrol van tipe B-LPM'e is goed op dreef en behoort teen die derde kwartaal van die boekjaar 2025/26 te begin. Daarbenewens sal die WKRDW die raamwerke vir tipe C- en tipe D-LPM'e asook Bingo hersien. Dit sal nie alleen 'n uitwerking hê op die WKRDW se inkomstestroom asook belasting vir die WKR-fiskus nie, maar gee ook gehoor aan die bedryf se versoek dat hierdie wetgewende aanbiedings beskikbaar gestel word.

Die WKRDW sal in die uitvoering van sy mandaat deeglike aandag skenk aan die beskerming van die samelewing teen die oorstimulasie van dobbelary, 'n billike en lewensvatbare dobbelbedryf in die Provinsie van die Wes-Kaap, ekonomiese bemagtiging van die histories benadeeldes, en die bevordering van ekonomiese groei, ontwikkeling en werkgeleenthede.

Die versterking van maatreëls vir verantwoordelike dobbelary in die Wes-Kaapse dobbelbedryf ontvang gefokusde aandag van die WKRDW. Navorsing is gedoen om die WKRDW in te lig oor die voorkoms van dobbelary en probleemdobbelary in die Wes-Kaap ten einde beleide en planne oor ander vorme van dobbelary in te lig, en om die WKRDW in te lig oor die formulering van beleide en maatreëls om probleemdobbelary te bestry en verantwoordelike dobbelary in die Provinsie te bevorder.

Die WKRDW het deur die loop van die boekjaar 2024/25 sy Strategiese Plan vir die tydperk 2025-2030 saamgestel.

Erkennings

Ek gee hiermee erkenning aan en bedank die Provinsiale Minister, advokaat Deidré Baartman, vir haar uiters waardevolle ondersteuning en begrip van die WKRDW, die WKPT, die SKOF en die KOR vir hul ondersteuning en leiding, mede-Raadslede, die WKRDW se Oudit- en Risikokomitee vir hul toesig en leiding in die nakoming van die mandaat van die Raad, en die OGSA, Interne Oudit en WKRDW se uitvoerende bestuur en werknemers vir die bekwame verrigting van hul take, nieteenstaande die kompleksiteite en hindernisse wat deur onvoldoende hulpbronne teweeggebring is. Hul pogings word erken en hoogs waardeer

Mnr. Claude Bassuday
Voorsitter
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Julie 2025

4. OORSIG VAN DIE HOOF-UITVOERENDE BEAMPTE

Mnr. Primo Abrahams
Hoof- Uitvoerende Beampte

Ek bied hiermee die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne (WKRDW) se finansiële prestasie vir die boekjaar 2024/25 aan.

Die WKRDW kan slegs inkomste invorder ingevolge die bepalings van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, Wet 4 van 1996. Ingevolge die huidige bepalings van die Wet kan die WKRDW nie finansieel self-volhoubaar wees nie. Die Raad bly dus afhanklik van openbare fondse, hoofsaaklik deur toewysings van die Wes-Kaapse Regering, om sy bedrywighede te finansier. Hierdie afhanklikheid sal na verwagting in die afsienbare toekoms voortduur.

Die WKRDW het in die oorsigjaar 'n toewysing van die Wes-Kaapse Regering ter waarde van R24.5 miljoen ontvang, 'n verhoging van die R21 miljoen in 2023/24. Belasting en heffings wat in dieselfde tydperk namens die Wes-Kaapse Regering ingevorder is, het R1.75 miljard (R1.50 miljard in 2023/24) beloop, wat 'n regeringstoewysing gelyk aan 1.40% van die ingevorderde belasting en heffings is.

Die WKRDW se goedgekeurde uitgawebegroting vir 2024/25 was R86.3 miljoen. Daarbenewens is R6.225 miljoen vir die behoud van oorskotfondse goedgekeur. Die oorblywende verskil van R55.5 miljoen tussen die regeringsbefondsing wat ontvang is en die goedgekeurde begroting is uit die WKRDW se eie inkomstebronne befonds.

Werklike uitgawes vir die jaar het R77.5 miljoen beloop, terwyl werklike inkomste – insluitend die regeringstoewysing – R98.2 miljoen beloop het. Dit het gelei tot 'n vergelykende oorskot van R20.77 miljoen en 'n rekeningkundige oorskot van R12.47 miljoen.

Aangesien die WKRDW bewus is van sy finansiële beperkings, het die entiteit uitgawebesparings van R8.85 miljoen vergeleke met die goedgekeurde begroting behaal. As deel van hierdie besparings kon R6.225 miljoen wat vir kantooropknapping bewillig is, nie bestee word nie aangesien die projek teen jaareinde jaar nog in die beplanningsfase was.

Die WKRDW het in reaksie op die snelontwikkelende dobbelbedryf 'n organisasie-ontwerpstudie gedoen om bedryfsdoeltreffendheid te versterk en sy belanghebbendes beter te dien. Die resultate is deur die Raad goedgekeur en die befondsing vir nuwe poste word tans deur die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie (WKPT) en die Minister hersien.

Soos deur die Voorsitter genoem, het die WKRDW belasting en heffings ten bedrae van R1.75 miljard vir die boekjaar 2024/25 ingevorder, wat 'n verhoging van 16.2% teenoor die vorige jaar is.

Die WKRDW het sy nuwe kantoorruimte in besit geneem en vorder met ontwikkelingswerk ten einde volle okkupasie te neem. Die finale oorhandiging, insluitend die tydperk om die lys "haakplekke" uit te sorteer, word teen Junie 2026 verwag.

Die WKRDW gaan voort om as 'n lopende saak te funksioneer en het begroot vir regerings-toewysings om begrotingstekorte te dek. Bykomende finansiële hulpbronne sal egter nodig wees om die toenemende behoeftes ten opsigte van menslike kapitaal te ondersteun. Hierdie aangeleentheid geniet aandag en sal in die Raad se nuwe strategiese beraadslagings behandel word.

Die entiteit het gedurende die jaar onreëlmatige uitgawes van R703 537 aangegaan ten opsigte van die verkryging van loodgieters- en elektriese instandhoudingsdienste. Die rede hiervoor was omdat die dokumentasie vir die versoek om kwotasie nie die minimum CIDB-graderingsvereistes gespesifiseer het nie, soos vereis deur Regulasie 25 van die Regulasies vir die Ontwikkeling van die Konstruksiebedryf. Die weglating is toeskryfbaar aan die verkeerde klassifikasie van die werk as algemene instandhouding in plaas van konstruksie. Alhoewel die proses nie ten volle aan vereistes voldoen het nie, was die diensverskaffers met aanstelling by die CIDB geregistreer. Die onreëlmatige uitgawes sal ingevolge die WOFB-voldoeningsraamwerk hanteer word.

Die WKRDW het uitvoering gegee aan die OGSA se aanbevelings en streef voortdurend daarna om ten volle aan die voorskrifte en instruksies te voldoen.

Erkennings

Die WKRDW erken met dankbaarheid die bydrae en ondersteuning van die Minister, advokaat Deidré Baartman, die goeie advies van die Staande Komitee oor Finansies en die Komitee oor Openbare Rekeninge, asook die bystand van die WKPT, die OGSA en hul interne ouditeure.

Dit is met dankbaarheid dat die WKRDW erkenning gee aan die ongelooflike werk en toewyding van sy Raadslede, die Oudit- en Risikokomitee en die WKRDW-werknemers vir hul bydrae tot die sukses van die boekjaar 2024/25.

Mnr. Primo Abrahams
Hoof- Uitvoerende Beampte
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Julie 2025

5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAATHEID VAN DIE FINANSIËLE JAARVERSLAG

Na die beste van ons kennis en wete, bevestig ons die volgende:

Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag bekendgemaak is, is in ooreenstemming met die finansiële jaarstate wat deur die Ouditeur-generaal geoudit is. Die jaarverslag is volledig, akkuraat en vry van enige weglatings. Die jaarverslag is opgestel in ooreenstemming met die riglyne vir die jaarverslag, soos uitgereik deur Nasionale Tesourie. Die Finansiële Jaarstate (Deel F) is in ooreenstemming met die AARP-standaarde van toepassing op die Raad saamgestel.

Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir die samestelling van die finansiële jaarstate en vir die menings wat in hierdie inligting gestel word. Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n stelsel van interne kontrole wat ontwerp is om redelike sekerheid oor die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslikehulpbronne-inligting en die finansiële jaarstate te verskaf.

Die eksterne ouditeure word betrek om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate te gee.

Na ons mening is die jaarverslag 'n redelike weergawe van die bedrywighede, die prestasie-inligting, die menslikehulpbronne-inligting en die finansiële sake van die Raad vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2025.

Mnr. Primo Abrahams
Hoof- Uitvoerende Beampte
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Julie 2025

Mnr. Claude Bassuday
Voorsitter van die Raad
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Julie 2025

6. STRATEGIESE OORSIG

6.1 Visie

Om erken te word as die toonaangewende owerheid vir die regulering van dobbelary wat innoverende, volhoubare sakepraktyke handhaaf en ekonomiese geleenthede op 'n maatskaplik verantwoordelike wyse maksimeer.

6.2 Missie

Om dobbelary in die Provinsie van die Wes-Kaap te beheer en te reguleer om:

- 'n Stabiele, regverdige, bestendige en doeltreffende regulatoriese omgewing te verskaf;
- Openbare vertroue te inspireer in 'n omgewing wat vry is van korrupsie en onwettige dobbelary- en wedrenaktiwiteite; en
- Op 'n innoverende en maatskaplik verantwoordelike wyse tot die ekonomie van die Wes-Kaap by te dra.

6.3 Waardes

In die uitvoering van hul gesamentlike funksies plaas die Raad en hul Kantoor die hoogste waarde op:

- *Integriteit*
  Die kenmerk om 'n morele of etiese kode en hoë professionele standaarde te besit en dit standvastig na te kom.

- *Deursigtigheid en verantwoordbaarheid*
  Die beginsel dat die Raad sy werksaamhede op 'n toeganklike, duidelike en sigbare wyse sal uitvoer, met aktiwiteite wat oop is vir ondersoek en verantwoording wat aan belanghebbendes en die publiek gedoen word.

- *Bevoegdheid*
  Om 'n bevoegde en responsiewe regulerende owerheid te hê.

- *Innovering*
  Om sake doeltreffend te doen deur middel van praktiese, innoverende oplossings en idees.

7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

7.1 Grondwetlike mandaat

Die Raad se grondwetlike mandaat word afgelei van Bylae 4 van die Grondwet. Dit bepaal dat die regulering van casino's, wedrenne, dobbelary en weddery (uitgesonderd loterye en sportpoele) 'n konkurrente wetgewende bevoegdheid van die provinsiale en nasionale wetgewers is. Die Raad moet in die uitoefening van sy bevoegdhede en die nakoming van sy mandaat die fundamentele regte van alle persone eerbiedig (soos vervat in Hoofstuk 2 van die Grondwet). Hoofstuk 6 van die Grondwet reguleer onder meer die wetgewende bevoegdheid van die verskillende provinsiale wetgewers. Dit handel verder oor die beslegting van geskille op gebiede van konkurrente wetgewende bevoegdhede tussen nasionale en provinsiale wetgewing. Hoofstuk 6 geld vir die Raad se funksionering met betrekking tot die Raad se insette op voorgestelde wysigings aan die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, Wet 4 van 1996.

7.2 Wetgewende mandaat

Die volgende nasionale en provinsiale wetgewing het betrekking op die Raad se bedrywighede:

Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) soos gewysig

Hierdie Wet bepaal die basiese diensvoorwaardes vir werkplekke in Suid-Afrika en het direkte betrekking op werknemers van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne.

Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003) en Kodes soos gewysig

Hierdie Wet bepaal die wetgewende raamwerk vir die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging en bemagtig die Minister van Handel en Nywerheid om kodes van goeie praktyk uit te reik en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan. Die Raad pas die wetgewende en beleidsdoelwitte van breëbasis swart ekonomiese bemagtiging toe deur die oplegging van lisensievoorwaardes aan lisensiehouers en voldoen aan die bepalings wat bindend op die Raad as 'n openbare entiteit is.

Wet op die Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993 (Wet 130 van 1993) soos gewysig

Hierdie Wet het 'n wetlike raamwerk ingestel vir vergoeding vir ongeskiktheid wat veroorsaak is deur beroepsbeserings of -siektes wat werknemers opgedoen het tydens hul indiensneming of vir sterfte as gevolg van sodanige beserings of siektes; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002) soos gewysig en Regulasies

Hierdie Wet bepaal 'n wetgewende raamwerk vir 'n geïntegreerde en gekoördineerde rampbestuurbeleid wat fokus op die voorkoming of vermindering van die risiko van rampe, versagting van die felheid van rampe, noodgereedheid, vinnige en effektiewe reaksie op rampe en herstel ná rampe. Dit maak voorsiening vir die instelling van nasionale, provinsiale en munisipale rampbestuursentrums, met 'n beleidsfokus op die rehabilitasie en funksionering van hierdie sentrums. Die Wet maak ook voorsiening vir die belyning van die funksies van die Nasionale Rampbestuuradviesforum om die Suid-Afrikaanse Nasionale Platform vir Ramprisikovermindering te akkommodeer.

Wet op Diensbillikheid, 1998 (Wet 55 van 1998) soos gewysig

Hierdie Wet bepaal die wetlike raamwerk vir die uitskakeling van onbillike diskriminasie in die werkplek en skryf die prosesse en prosedures voor wat die Raad moet implementeer om 'n diverse en bekwame werkmag te hê wat algemeen verteenwoordigend van die demografie van die Wes-Kaap is.

Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (Wet 38 van 2001), soos gewysig ("WFIS")

Die WFIS het die Finansiële Intelligensiesentrum en die Adviesraad vir Geldwassery ingestel om geldwassery en die finansiering van terroris- en verwante aktiwiteite te bekamp. Wat die wysiging van

wetgewing aanbetref, is die Raad, saam met ander provinsiale dobbelrade, nie meer 'n toesighoudende liggaam nie, ondanks die feit dat die lisensiehouers van die Raad verantwoordbare instellings is.

Wet op die Raamwerk vir Interregeringsbetrekkinge, 2005 (Wet 13 van 2005)

Hierdie Wet bepaal 'n raamwerk vir die nasionale regering, provinsiale regerings en plaaslike regerings om interregeringsverhoudinge te bevorder en te fasiliteer; om voorsiening te maak vir meganismes en prosedures om die beslegting van interregeringsgeskille te fasiliteer; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Wet op Arbeidsbetrekkinge, 1995 (Wet 66 van 1995), soos gewysig ("WAV")

Die WAV reguleer en lei die Raad, as werkgewer, om uitvoering te gee aan die regte, pligte en strukture wat ingevolge die Wet geskep is en verseker sodoende dat daar arbeidsvrede heers en dat die werkplek gedemokratiseer is.

Nasionale Dobbelwet, 2004 (Wet 7 van 2004) en Regulasies

Hierdie Wet bepaal die bevoegdhede van die nasionale en provinsiale dobbelrade met betrekking tot die regulering en beheer van dobbelary en wedrenne in Suid-Afrika. Hierdie Wet, tesame met die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996 en die onderskeie regulasies daarvolgens uitgevaardig, bepaal die statutêre mandaat van die Raad as reguleerder. Hierdie Wet maak verder voorsiening vir eenvormige norme en standaarde met betrekking tot dobbelary en wedrenne regoor die Republiek.

Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) soos gewysig

Hierdie Wet maak voorsiening vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk en vir die gesondheid en veiligheid van persone in verband met die gebruik van bedryfstoerusting en masjinerie; die beskerming van ander persone teen gesondheids- en veiligheidsgevare wat ontstaan uit of in verband met die werkplek; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Wet op 'n Beleidsraamwerk vir Voorkeurverkryging, 2000 (Wet 5 van 2000) en Regulasies

Hierdie Wet bepaal die raamwerk waarvolgens die Raad uitvoering moet gee aan die grondwetlike vereiste om 'n beleid en stelsel vir voorkeurverkryging te implementeer wat regverdig, billik, deursigtig en kostedoeltreffend is.

Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000) ("WBTI")

WBTI bepaal die statutêre proses waarvolgens aansoeke of versoeke om toegang tot inligting oorweeg en verwerk word en gee uitvoering aan die grondwetlike reg op toegang tot inligting. Dit is van toepassing op private entiteite of organisasies asook openbare liggame.

Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000) ("WBAG")

WBAG is verorden op grond van artikel 33 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika om uitvoering te gee aan die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is en die reg om skriftelike redes vir administratiewe optrede aan te vra. As 'n openbare liggaam is die Raad verplig om uitvoering te gee aan die beginsels van prosedureel billike administratiewe optrede, soos bepaal deur hierdie Wet.

Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013) ("WBPI") soos gewysig

Die doelwitte van WBPI is onder meer om die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private liggame verwerk word, te bevorder; om sekere voorwaardes te bepaal om die minimumvereistes vir die verwerking van persoonlike inligting te stel en om voorsiening te maak vir die instelling van 'n Inligtingsreguleerder om sekere bevoegdhede uit te oefen en sekere pligte en werksaamhede kragtens hierdie Wet uit te voer. Sekere bepalings van die WBPI het op 11 April 2014 in werking getree. Artikel 2 tot 38; 55 tot 109; 111; en 114(1), (2) en (3) het op 01 Julie 2020 begin en artikel 110 en 114(4) het op 30 Junie 2021 begin. Die gevolg hiervan is dat alle organisasies teen 1 Julie 2021 aan die WBPI moes voldoen.

Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) (“WOFB”) soos gewysig

Die Raad is ’n Skedule 3C Provinsiale Openbare Entiteit en word deur hierdie Wet se bepalings insake finansiële en begrotingsbestuur gereguleer. Die WOFB se primêre doelwit is om te verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van regeringsinstellings en -departemente doeltreffend en doelmatig bestuur word; en Die WOFB maak voorsiening vir die verantwoordelikhede van persone wat met finansiële bestuur in die regering belas is en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)

Hierdie Wet bepaal ’n institusionele raamwerk om nasionale, sektorale en werkplekstrategieë te ontwerp en implementeer om die vaardighede van die Suid-Afrikaanse werkmag te ontwikkel en verbeter; om daardie strategieë te integreer met die Nasionale Kwalifikasieraamwerk soos beoog in die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid, 1995; om vir leerderskappe te voorsien wat sal lei tot erkende beroepskwalifikasies; om vir die finansiering van vaardigheidsontwikkeling deur middel van ’n heffingstoewysingskema en ’n Nasionale Vaardighede-fonds voorsiening te maak; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Wet op Vaardigheidsontwikkelingheffings, 1999 (Wet 9 van 1999)

Hierdie Wet bepaal die oplegging van ’n vaardigheidsontwikkelingsheffing; en maak voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996)

Dit is die hoogste reg van die land en bied ’n uiteensetting van onder meer Suid-Afrika se stelsel van regering, die rol en verantwoordelikhede van die verskillende vlakke van regering, en die basiese menseregte van alle burgers, en skep ’n aantal grondwetlike instellings.

Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996 (Wet 4 van 1996) soos gewysig en Regulasies

Dit is die primêre wetgewing wat die Raad se funksies en bevoegdhede reguleer. Dit bepaal onder meer die vestiging en werksaamhede van die Raad, die tipe lisensies wat die Raad gemagtig is om te oorweeg asook die Raad se bronne van befondsing. Dit maak verder voorsiening vir die oplegging van statutêre belasting en fooie betaalbaar deur lisensiehouers, asook administratiewe boetes vir nienakoming.

7.3 Beleidsmandaat

Wes-Kaapse Beleidsbepalings insake Dobbelary en Wedrenne, 1999

Die beleidsbepalings wat deur die Uitvoerende Raad goedgekeur is, verskaf beleidsoorwegings vir die uitreiking van die verskillende kategorieë lisensies, die kriteria vir aansoeke wat oorweeg moet word, en verpligte bodvoorskrifte vir casino-operateurslisensies. Die Hooggeregshof het op 2 Julie 2021 verklaar dat klousule 1.1(b) van die 1999 Beleidsbepalings, wat die streeksekskusiwiteit vir die vyf casino’s in die Provinsie ingestel het, ongeldig en nie van krag is nie. Die Hof het verder verklaar dat Klousule 1.1(c) en (d), wat die 10-jaar eksklusiwiteitstydperk spesifiseer wat op casino-operateurslisensies van toepassing is, deur tydsverloop verval het en nie meer toepaslik is nie. Die Hof het verder bevestig dat die Raad ingevolge die Wet gemagtig is om aansoeke vir die hervestiging van ’n casino te oorweeg.

8. ORGANISASIESTRUKTUUR

Soos op 31 Maart 2025

Aantekeninge

DEEL B:

Prestasie-inligting

1. OUDITEUR-GENERAAL SE VERSLAG: VOORAFBEPAALDE DOELWITTE

Die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika voer die nodige ouditprosedures op die prestasie-inligting uit om redelike sekerheid in die vorm van 'n ouditbevinding te gee. Die ouditgevolgtrekking oor die prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte word by die verslag aan die bestuur ingesluit. Die bevindings oor voorafbepaalde doelwitte word onder die afdeling "Verslag oor jaarlikse prestasieverslag"-afdeling van die Ouditeur se verslag aangedui.

Verwys na bladsy 89 van hierdie verslag vir die Ouditeursverslag, gepubliseer as Deel F: Finansiële inligting.

2. OORSIG VAN PRESTASIE

2.1 DIENSLEWERINGSOMGEWING

2.1.1 TOESIG OOR DIE RAAD

Die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne (WKRDW) is 'n statutêre liggaam wat ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne ingestel is. Die Raad funksioneer onder twee vlakke van toesig. Op nasionale vlak voer die Nasionale Raad op Dobbelary (NRD) toesigevaluerings uit. Op provinsiale vlak rapporteer die WKRDW aan die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Provinsiale Minister van Finansies. Parlementêre toesig word uitgeoefen deur die Staande Komitee oor Finansies en die Komitee oor Openbare Rekeninge.

Die WKRDW word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur as 'n Bylae 3C- provinsiale openbare entiteit geklassifiseer. Dit beklee 'n unieke posisie in soverre dit rapporteer aan die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie wat as sy moeder- of verantwoordelike departement dien. In teenstelling rapporteer dobbelreguleerders in die ander agt provinsies aan hul onderskeie departemente van Ekonomiese Ontwikkeling wat die kernmandaat het om ekonomiese ontwikkeling te bevorder en geleenthede tot voordeel van die breër publiek te skep.

2.1.2 BELANGHEBBENDES

Die Raad, as 'n provinsiale openbare entiteit, skakel met 'n wye reeks belanghebbendes. Dit sluit in: die Wes-Kaapse Provinsiale Regering, die Wes-Kaapse Minister van Finansies, die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie, die WKRDW-personeel, gelisensieerde dobbel- en weddery-entiteite, die Wes-Kaapse bevolking, verskaffers, die omgewing en die media.

Minister Deidré Baartman is op 13 Junie 2024 as die Provinsiale Minister van Finansies aangestel.

Die WKRDW se beleid oor belanghebbendes bepaal die meganismes en prosesse wat konstruktiewe skakeling met sy belanghebbendes ondersteun.

Die Nasionale Raad op Dobbelary (NRD) doen toesigevaluerings van die Provinsiale Lisensiërings-owerhede (PLO'e) met betrekking tot regulatoriese aangeleenthede, soos uiteengesit in artikel 33, gelees saam met artikel 34, van die Nasionale Wet op Dobbelary. Verder word daar van die Raad vereis om met betrekking tot die deling van inligting aan die NRD inligting voor te lê ten opsigte van die aangeleenthede wat in artikel 35 van die Wet uiteengesit word.

Lisensiehouers word die geleentheid gegun om komiteevergaderings en in sekere gevalle ad hoc-Raadsvergaderings by te woon om vertoë oor die betrokke dobbelsektore te lewer. Die publiek is ook welkom om die WKRDW se oop Raadsvergaderings by te woon en vrae of bekommernisse te opper.

Ander belangrike belanghebbendes sluit in: die Nasionale Raad op Dobbelary, ander Provinsiale Rade op Dobbelary, die Nasionale Tesourie, die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging, plaaslike regeringsowerhede (munisipaliteite) en wetstoepassingsagentskappe.

Die Raad werk ook nou saam met die Suid-Afrikaanse Stigting vir Verantwoordelike Dobbelary (SASVD) aan opleidingsinisiatiewe, intervensies vir die behandeling van probleemdobbelary, navorsingsprojekte en die verskaffing van statistiese data met betrekking tot selfuitsluitingsprogramme.

2.1.3 EKONOMIESE SITUASIE

Suid-Afrika se ekonomie was oor die afgelope dekade gedemp, met BBP wat gemiddeld met slegs 0.7% oor die tienjaartydperk toegeneem het. Verskeie strukturele beperkings aan die aanbodkant van die ekonomie, soos knelpunte met infrastruktuur, 'n swak sakeomgewing en lae produktiwiteit, het ekonomiese groei belemmer. Tekorte in elektrisiteitsvoorsiening het in die besonder Suid-Afrika se groei vir talle jare beperk. Aanhoudende geskeduleerde kragonderbrekings (beurtkrag) het in 2007 begin en in 2022-2023 toegeneem. Alhoewel sporadiese en kortstondige kragonderbrekings in 2025 voorgekom het, het die betroubaarheid en beskikbaarheid van kragvoorsiening sedert laat-Maart 2024 aansienlik verbeter. Die verbeterings in elektrisiteitsvoorsiening word toegeskryf aan beter bestuur van die nasionale kragverskaffer, Eskom, en hoëvlak- politieke ondersteuning van die President en die Minister van Elektrisiteit. Die oopstelling van die elektrisiteitsmark vir privaat kragopwekking het belegging in die sektor verder aangemoedig.

Swak strukturele groei en die COVID-19-pandemie het sosio-ekonomiese uitdagings vererger. Suid-Afrika se BBP het tot pre-pandemie-vlakke herstel, maar die krag van die herstel is deur verskeie voorafbestaande beperkings ontwrig. Die herstel in werkgeleenthede het in 2024 voortgeduur (355,000 geleenthede is bygevoeg, wat gelei het tot 'n hoër vlak van indiensneming as voor die pandemie), maar die tempo van werkskepping het nie tred gehou met die groeiende arbeidsmag nie en het tot 'n toenemende getal werkloses gelei. Die werkloosheidsyfer het in K4-2024 op 'n verhoogde 31.9% gestaan, met vroue en die jeug wat aanhoudend toegeneem het. Ongelykheid tel steeds onder die hoogste ter wêreld, en armoede is in 2023 op grond van die land se bestaansgrens vir hoë-middel-inkomste op ongeveer 63% geskat. In hierdie konteks is die COVID-19 Maatskaplike Verligting vir Nood-toewysing wat in Mei 2020 bekendgestel is, vir nog 'n jaar verleng tot Maart 2026, met 'n begrotingstoekenning van R259,3 miljard. Hierdie groeiende maatskaplike eise vir regeringsondersteuning kan die volhoubaarheid van openbare finansies in die gedrang bring indien dit sou voortduur.

Strukturele uitdagings en swak groei het vordering met die vermindering van armoede, wat deur die COVID-19-pandemie vererger is, ondermyn. Daar is hewige beperkings om vordering in huishoudelike welstand te bereik, soos toenemende werkloosheid wat 31.9% in die vierde kwartaal van 2024 bereik het, bo en behalwe die reeds hoë koerse voor die pandemie. Die werkloosheidsyfer is die hoogste onder jongmense wat tussen 15 en 24 jaar oud is, naamlik 59.6%.

Ander strukturele uitdagings het ook toegeneem, insluitend vervoer en logistiek, wat agteruitgegaan het weens swak bestuur van Transnet ('n onderneming in staatsbesit), diefstal en sabotasie, wat beperkings op Suid-Afrika se uitvoerkapasiteit plaas.

Suid-Afrika bly 'n tweeledige ekonomie met een van die hoogste en mees konstante ongelykheidskoerse ter wêreld, met 'n Gini-koëffisiënt vir verbruiksbesteding van 0.67 in 2018. Hoë ongelykheid word bestendig deur 'n nalatenskap van uitsluiting en die aard van ekonomiese groei wat nie pro-armes is nie en nie genoeg werkgeleenthede genereer nie. Ongelykheid in welvaart is selfs hoër en intergenerasie-mobiliteit is laag, wat beteken dat ongelykhede van geslag tot geslag oorgedra word met min verandering met verloop van tyd.[1]

Ongeag die swak ekonomiese toestande in Suid-Afrika, het die dobbelbedryf gedurende FJ2024 beduidende groei in bruto dobbelinkomste ondervind.

Ingevolge die Nasionale Raad op Dobbelary se statistieke vir FJ2023/24:

- Die dobbelbedryf het tussen FJ2022/23 en FJ2023/24 met 25.7% gegroei, maar hierdie groei was ongebalanseerd tussen die dobbelmodusse. Groei word nou ten volle deur weddenskappe op sport en ander gebeurlikhede aangedryf.
- Buiten die hoë groeisyfers, het die dobbelsegment ook sy markaandeel uitgebrei om 60.5% van die bruto dobbelinkomste (BDI) uit te maak. Casino's het gekrimp tot 29.3%, terwyl LPM'e 7.0% en bingo 3.2% van BDI uitgemaak het. Die samestelling van die dobbelbedryf het in FJ2020/21 verskuif toe casino's hul dominansie verloor het en die wedderysegment momentum begin kry het.
- Bruto dobbelinkomste (BDI) wat gedurende FJ2023/24 in die dobbelbedryf gegenereer is, het R59.3 miljard beloop. Dit verteenwoordig 'n verhoging van 25.9% op die vorige jaar se BDI van R47.1 miljard.

[1] Wêreldbank. (2025, April 11). Suid-Afrika: Oorsig. Wêreldbankgroep.

- Die Wes-Kaap het Gauteng verbygesteek as die grootste dobbelmark, met die Wes-Kaap wat aan die einde van die FJ2023/24 'n markaandeel van 31.7% gehad het. Gauteng (22.1%) en Mpumalanga (21.9%) hou min of meer 'n gelyke markaandeel.
- Die BDI-groei was hoog vir die Wes-Kaap en Mpumalanga met onderskeidelik 53.6% en 49.3%.
- Ontleding van BDI per dobbelmodus het aangedui dat weddery 60.5% van die bedryf se BDI teen R35.9 miljard gegenereer het. Casinos het BDI van R17.4 miljard (29.3%) gegenereer. Die LPM-bedryf is die derde grootste sektor (7.0%) met R4.1 miljard wat in die FJ2023/24 gegenereer is. Die bingobedryf het 3.2% van die inkomste teen R1.9 miljard gegenereer.
- BDI-groei tussen die dobbelmodusse het ongebalanseerde groei tussen die modusse aangedui, met weddery wat groei aangedryf het. Weddery het met 51.2% gestyg teenoor die vorige jaar. Die casinobedryf het minimale groei (0.1%) ervaar, terwyl LPM-BDI met 1.9% gedaal het. Die bingobedryf het lae groei van 2.4% ervaar.
- Belasting/heffings het R4.8 miljard gedurende die FJ2023/24 beloop, wat 19.2% hoër is as die waarde in die vorige jaar. Weddery het die grootste deel van belasting/heffings gegenereer teen 49.9%, gevolg deur casino's (36.5%), LPM'e (10.2%) en bingo (3.4%).
- Die Wes-Kaap (30.7%) lewer die grootste deel van belasting/heffings wat in die provinsies gegenereer word, met Gauteng (23.8%) en Mpumalanga (17.8%) wat ook 'n aansienlike aandeel genereer.

Die dobbelbedryf in die Wes-Kaap het bruto dobbelinkomste ten bedrae van R18.8 miljard vir FJ2024 gegenereer. Dit verteenwoordig 31.7% van die totale bruto dobbelinkomste wat vir FJ2024 in Suid-Afrika gegenereer is.

Die Raad het in die boekjaar wat op 31 Maart 2025 geëindig het, dobbelbelasting en -heffings ten bedrae van R1.7 miljard ingevorder, wat 'n styging van 16% teenoor die vorige jaar verteenwoordig. Verwys na die tabel hier onder vir die jaar-tot-jaar vergelyking.

Belasting en heffings ingevorder	31 Maart 2025	31 Maart 2024
Provinsiale belasting	1 743 796 551	1 500 271 079
Jaarlikse lisensiefooie	4 306 377	4 001 958
Rente, boetes en strafgeld	100 123	198 725
Totaal ingevorder	**1 748 203 051**	**1 504 471 762**

Belasting wat ten opsigte van perdewedrenne en weddery ingevorder is, verteenwoordig 70% van provinsiale belasting, waarvan die meerderheid deur weddery op sport bygedra word.

2.1.4 BREËBASIS SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

Die Raad se mandaat is om die dobbelbedryf in die Wes-Kaap te reguleer deur geskikte, bekwame en gepaste persone en entiteite te lisensieer om binne die provinsie sake te doen. Dit verseker ook voldoening aan sowel nasionale as provinsiale dobbelwetgewing. Die Raad ontsluit deur middel van die lisensiëringsproses ekonomiese geleenthede en bevorder ekonomiese transformasie en breëbasis bemagtiging – sleutelprioriteite op nasionale asook provinsiale vlak.

As die reguleerder en lisensiëringsowerheid is die Raad wetlik gemagtig om die beginsels van BBSEB af te dwing in die bedryf waaroor die Raad toesig hou. Ingevolge artikel 10 van die Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging, Wet 53 van 2023, soos gewysig ("BBSEB-wet"), is die Raad gemagtig om kwalifiserende kriteria vir die uitreiking van lisensies en verwante goedkeurings te bepaal. Lisensiehouers se BBSEB-inisiatiewe, -prestasies en voldoeningsvlakke word gemonitor.

Die Raad se sektorale komitees tree op as hersienings- en adviesliggame en monitor verskillende bedryfsektore se voldoening aan lisensievoorwaardes. Die WKRDW het ook spesifieke BBSEB-teikenvlakke vir gelisensieerde operateurs in die sektore gestel. Lisensiehouers se BBSEB-prestasie word jaarliks hersien en voorwaardes word opgelê waar dit nodig, redelik en regverdigbaar is. Dit verseker maksimum bemagtiging, transformasie en opheffing van die groepe wat bedoel is om by die regering se transformasiedoelwitte te baat.

Daar word van lisensiehouers wat nie van die BBSEB-kodes vrygestel is nie, verwag om jaarlikse evaluerings deur geakkrediteerde BBSEB-graderingsagentskappe te laat doen en hul verifikasiesertifikate aan die Raad voor te lê. Waar lisensiehouers versuim om aan BBSEB-teikens of -voorwaardes te voldoen, moet hulle verduidelikings vir nievoldoening verskaf en regstellende maatreëls uiteensit om die vereiste vlakke of teikens te behaal.

Verskeie lisensiehouers het buiten hul BBSEB-transformasiedoelwitte hulself tot Korporatiewe Maatskaplike Belegging verbind in verskillende streke en vir verskeie sake, in ooreenstemming met die voorwaardes van hul lisensies. Hierdie verbintenisse word jaarliks as deel van die Raad se lisensiehernuwingsproses geoudit.

Die Roete-operateur-, Casino- en Boekmakersektor handhaaf almal KMB-projekte met meetbare planne en doelwitte, en presteer goed ten opsigte van BBSEB-sertifisering wat deur geakkrediteerde verifikasie-agentskappe uitgereik word.

Die Nasionale Raad op Dobbelary monitor en publiseer op nasionale vlak data oor transformasie en groei in die dobbelbedryf. Data dui daarop dat finansiële belang en aandeelhouding in die dobbelbedryf (nasionaal en in die Wes-Kaap) by 'n paar groot rolspelers met belange in alle dobbelsektore lê. Dit lei tot gesentraliseerde beheer en eenvormige beleidsimplementering, veral in die casino- en roete-operateursektor, terwyl breër ekonomiese deelname onder beperkte- uitbetalingsmasjien (LPM)-persele en boekmakers waargeneem word.

Namate nuwe dobbelmodusse goedgekeur word, is die Raad daartoe verbind om 'n instaatstellende omgewing te skep wat die bemagtiging van nuwe toetreders tot die mark bevorder en die omvang vir breëbasis bemagtiging uitbrei.

Die Hooggeregshof van Appèl het 'n vier-fase-proses uiteengesit wat die Raad moet volg wanneer lisensiehouers se BBSEB-verbintenisse jaarliks hersien word. Die Raad het in ooreenstemming met die hof se riglyne en ná gesprekvoering met die bedryf, gedurende die boekjaar 2023/24 'n nuwe BBSEB beleid ingestel. Die beleid bepaal die WKRDW se BBSEB-doelwitte vir die dobbel- en wedrenbedryf in die Wes-Kaap en omskryf die kwartaallikse en jaarlikse prosesse wat gevolg moet word. Dit verseker dat die implementering van BBSEB aan wetgewing voldoen en sowel prosedureel as substantief billik is.

2.1.5 UITBREIDING VAN DIE DOBBELBEDRYF

Die Raad van die WKRDW is gemagtig om slegs wettige vorme van dobbelary vir aanbieding deur gelisensieerde dobbeloperateurs goed te keur. Die Raad het tot op hede casino-lisensies, 'n totalisatorlisensie, Tipe A LPM-lisensies en boekmakerlisensies goedgekeur. Ander vorme van dobbelary wat nog nie deur die Raad geïmplementeer is nie, sluit bingolisensies, asook Tipe B-, C- en D-LPM-lisensies en plesiertoglisensies in.

Die uitbreiding van die dobbelbedryf in die Wes-Kaap kan moontlik die bekendstelling van die oorblywende tipes LPM-lisensies, bingo, plesiertogte en 'n toename in boekmakeraanbiedings insluit.

Die Raad oorweeg tans die aansoek om hervestiging van 'n casino-lisensie. Hierdie proses is in die eindstadium en 'n Raadsbesluit word gedurende die boekjaar 2025/26 verwag. Alhoewel dit nie 'n nuwe dobbelmodus bekendstel nie, sal die hervestiging die bestaande casino se aanbod aan die publiek na verwagting verbeter en uitbrei.

Die Raad het tot op hede 3 000 van sy 9 000 toegekende LPM'e vir uitrol in die provinsie gelisensieer. 'n Verdere 1 500 LPM'e kan uitgerol word, waarna die Nasionale Raad op Dobbelary vereis word om navorsing te doen oor die voorkoms van dobbelary en die markaptyt in die provinsie om die moontlike uitrol van die oorblywende 4 500 LPM'e in te lig.

Die Raad het Tipe A-LPM-perseellisensies uitgerol wat perseeloperateurs toelaat om tot vyf (5) LPM'e vir spel deur klante by gelisensieerde ondernemings aan te bied.

Tipe B-perseellisensies maak voorsiening vir tot 20 LPM'e; Tipe C-lisensies tot 40 LPM'e; en Tipe D-lisensies laat 'n onafhanklike perseeloperateur toe om tot 40 LPM'e aan te bied. Hierdie kategorieë LPM-perseellisensies vereis bykomende regulatoriese goedkeurings en is onderworpe aan bepaalde beleggings- en bedryfsvereistes.

Die Raad implementeer tans die nodige regulatoriese maatreëls om die uitrol van Tipe B-LPM-persele te fasiliteer. Aansoeke om Tipe B-lisensies is ontvang en sal oorweeg word sodra die regulatoriese raamwerk afgehandel en goedgekeur is.

Die Raad sal ook poog om gedurende die boekjaar 2025/26 die regulatoriese raamwerke vir bingo saam te stel en goed te keur.

Benewens die ekonomiese voordele vir lisensiehouers en die dobbelbelasting wat die Provinsie toeval, skep die uitbreiding van dobbelgeleenthede ook werk en stel dit nuwe deelnemers tot die dobbelbedryf in staat om tot die mark toe te tree. Verder baat die breër gemeenskap by korporatiewe maatskaplike belegging, infrastruktuurontwikkeling, personeelopleiding, leerderskappe en werkgeleenthede.

2.1.6 BEDRYFSONTWIKKELINGS

Sportweddery

Individue en besighede het sedert 2020 toenemend na aanlyn handel en digitalisering in verskeie sektore gemigreer. Hierdie verskuiwing het groei in e-handel aangewakker en gevolglik 'n eksponensiële toename in afstandswedderytransaksies via aanlyn-, mobiele en telefoonplatforms veroorsaak. Kliënte kan nou weddenskappe vanaf enige ligging plaas, wat die behoefte uitskakel om fisiese dobbelplekke of wedderypersele te besoek.

Hierdie verskuiwing het gelei tot 'n toename in belastinginvordering met betrekking tot sportweddery wat via afstandskanale uitgevoer word. Die Raad het 'n beduidende uitbreiding in sowel wedderygebeurlikhede en produkaanbiedings waargeneem, en dit bied 'n groter verskeidenheid weddery-opsies wat nou deur gelisensieerde boekmakers beskikbaar gestel word.

Die styging in sportweddery het tot 'n merkbare afname in klante by LPM-persele en casino's gelei. Hierdie sektore het gevolglik laer inkomste ervaar en sukkel om terug te keer na pre-pandemie-finansiële vlakke, wat op stagnasie in daardie bedrywe dui.

Perdewedrenne

Perdewedrenne, as 'n wedderygebeurlikheid, het in gewildheid afgeneem. Die Raad het in onlangse jare 'n aansienlike afname in belastinginkomste uit weddery waargeneem, insluitend totalisator- (oop weddery) en vasgestelde weddery.

Die Totalisatoroperateur ondersoek tans nuwe inisiatiewe wat weer belangstelling in perdewedrenne kan herstel en renbane as aantreklike ontspanningsbestemmings kan herposisioneer. Wetgewende wysigings sal egter nodig wees om uitvoering aan hierdie voorstelle te gee, en navorsing word voortdurend uitgevoer om hierdie proses te ondersteun.

Interaktiewe/aanlyn dobbelary

Internasionale én plaaslike verwikkelinge in e-handel het die vraag na wetgewing oor en regulering van interaktiewe (aanlyn) dobbelary versterk. Suid-Afrika plaas egter steeds 'n statutêre verbod op interaktiewe dobbelary. Daar is gevolglik geen wettige aanlyn alternatiewe beskikbaar vir die publiek nie, en daar kan dus gebruik gemaak word van onwettige dobbelary met ongelisensieerde en gewetenlose operateurs.

Hierdie ongelisensieerde operateurs dra nie tot belastinginkomste by nie, is nie aan verpligtinge ten opsigte van verantwoordelike dobbelary onderworpe nie en genereer nie betekenisvolle werkgeleenthede nie. Gelisensieerde operateurs moet intussen met hierdie onwettige entiteite meeding, en dit bly 'n probleem om dié operateurs uit te skakel. Die staat is verplig om onwettige dobbeloperateurs te bespeur en teen hulle op te tree, en die WKRDW het beduidende vordering in hierdie verband gemaak.

Gelisensieerde operateurs ondergaan 'n deeglike kontrolering- en lisensiëringsproses om te verseker dat die wettige dobbelbedryf vry van korrupsie en onwettige aktiwiteite bly. Die Raad het ter ondersteuning van regulatoriese hervorming beleidsaanbevelings op nasionale vlak ingedien wat voorspraak lewer vir 'n gereguleerde interaktiewe dobbelstelsel.

'n Kennisgewing is op 8 November 2024 in die Staatskoerant gepubliseer wat berig het dat mnr. Roger William Tobias Chance, Lid van die Parlement, beoog om die Wetsontwerp op Afstand-dobbel, 2024 in die Nasionale Vergadering bekend te stel. Die Wetsontwerp het ten doel om 'n wetlike raamwerk vir die regulering, lisensiëring en beheer van alle afstand-dobbelaktiwiteite te vestig en die daarstelling van 'n doeltreffende en effektiewe regulatoriese stelsel vir afstand-dobbel in Suid-Afrika te verseker.

Konsepwysigingswetsontwerpe/beleidsbepalings

Die Provinsiale Regering onderneem 'n omvattende hersiening van die dobbelbedryf in die Wes-Kaap en is besig om 'n Groenskrif saam te stel om 'n beleidshersiening en wysigings aan die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996 (soos gewysig) te ondersteun.

Daar word verwag dat bestaande Beleidsbepalings deur die nuwe Wysigingswet herroep sal word. Hierdie Wet sal, buiten ander veranderinge, die hervestiging van casino's binne die Wes-Kaap moontlik maak en vir tegnologiese vorderings in die dobbelsektor voorsiening maak.

Die Wes-Kaapse Twintigste Konsepwysigingswetsontwerp op Dobbelary en Wedrenne, 2025 is op 6 Junie 2025 vir openbare kommentaar gepubliseer. Die Wetsontwerp stel die instelling van 'n Ekonomiesegeleentheidsbelasting voor, wat betaalbaar is deur 'n casino-operateur wie se aansoek om casino-hervestiging goedgekeur is.

Na 'n Hooggeregshof-uitspraak wat sekere voorskrifte van die beleidsbepalings as ongeldig of verval verklaar het, is die vorige vereiste dat een casino in elk van die vyf provinsiale streke geleë moet wees, nie meer van toepassing nie. Gevolglik kom casino-operateurs nou in aanmerking om by die Raad aansoek te doen om hervestiging.

Die Raad het 'n aansoek ontvang vir die hervestiging van een van die afgeleë casino's na die Metropool. Die Raad skenk oorweging aan die aansoek, insluitend alle kommentaar, besware en stawende dokumente – soos verskeie ekonomiese verslae wat deur die aansoeker en 'n derde party ingedien is, asook die ekonomiese verslag van 'n onafhanklike ekonoom wat deur die Raad aangestel is. 'n Finale besluit oor die aansoek om hervestiging sal na verwagting in die boekjaar 2025/26 geneem word.

Navorsingsinisiatiewe

Ingevolge artikel 12(19) van die Wet is die Raad gemagtig om studies en ondersoeke oor dobbelaktiwiteite in die Provinsie te onderneem.

Die WKRDW het dienooreenkomstig navorsing laat doen oor die voorkoms van dobbelary en die invloed van probleemdobbelary wat verband hou met aktiwiteite wat deur die Raad gelisensieer is. Die studie het na die volgende sleutelareas gekyk:

1. Die sosio-ekonomiese impak van dobbelary in die Wes-Kaap;
2. Die vlak van markversadiging, dobbelvoorkoms en die impak van gelisensieerde dobbelgeleenthede;
3. Evaluering van hulpmiddels om skade te minimeer en spelbestuurstelsels wat deur lisensiehouers toegepas word; en
4. Die doeltreffendheid van instrumente vir verantwoordelike dobbelary om skade te verminder.

Die Raad moet, as 'n reguleerder, toesien dat die uitbreiding van dobbelgeleenthede verantwoordelik plaasvind om die oorstimulering van latente vraag te vermy. Die navorsingsresultate sal dien as ondersteuning vir die Raad se toekomstige besluitneming oor die goedkeuring van bykomende lisensies en die strategie om onwettige dobbelary te bekamp en verantwoordelike dobbelary te bevorder.

Die finale navorsingsverslag is op 29 Julie 2025 deur die Raad goedgekeur.

Verantwoordelike dobbelary

Probleemdobbelary is 'n onbedoelde maar bekende risiko van gewettigde dobbelary. Die Raad bly daartoe verbind om verantwoordelike dobbelary te bevorder en implementeer verskeie inisiatiewe onder leiding van die Komitee oor Verantwoordelike Dobbelary.

Daar was gedurende die afgelope boekjaar sterker openbare bewustheid oor sowel die voordele van verantwoordelike dobbelary as die gevare wat probleemdobbelary inhou. Hulpbronne is beskikbaar vir individue wat bystand nodig het, en lisensiehouers word aangemoedig om vroeë tekens van riskante dobbelgedrag te identifiseer.

Die proses van selfuitsluiting is een instrument wat individue beperk om toegang tot gelisensieerde dobbelondernemings te kry. Die Raad se oorkoepelende doelwit is egter om sowel die algemene publiek as die dobbelpubliek op te voed in die mate dat selfuitsluiting onnodig word.

Op grond van die toename in versoeke om selfuitsluiting is dit redelik om af te lei dat die Raad se bewusmakingsinisiatiewe 'n positiewe uitwerking het. Die Raad het in die boekjaar 2024/25 altesaam 452 aansoeke om selfuitsluiting verwerk – 'n toename van 500% vergeleke met die vorige jaar.

Wysigings aan die Wes-Kaapse Algemene Reëls oor Dobbelary en Wedrenne met betrekking tot verantwoordelike dobbelary sal na verwagting gedurende die boekjaar 2025/26 in werking tree. Die verwagting is dat hierdie veranderinge die Raad se pogings om maatreëls vir verantwoordelike dobbelary in die bedryf te bevorder, aansienlik sal versterk.

2.1.7 BEWUSMAKINGSPROGRAMME OOR DIE RAAD

Die aanhef tot die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne erken dat geleenthede vir dobbelary en wedrenne bepaalde risiko's vir die inwoners van die Provinsie inhou, wat dus die instelling van toepaslike beperkings en kontroles regverdig. Hierdie erkenning regverdig die oplegging van gepaste beperkings en kontroles. Dit is daarom noodsaaklik dat die Raad die publiek opvoed oor die gevare van dobbelary en verseker dat lisensiehouers maatreëls vir verantwoordelike dobbelary implementeer.

Die Raad gaan voort om bewustheid te skep oor die Raad se doel en mandaat, wettige vorme van dobbelary, probleemdobbelary, beskikbare steundienste vir diegene wat dobbelverwante leed ervaar, asook die risiko's verbonde aan onwettige dobbelary en die belangrikheid om sulke aktiwiteite aan te meld.

Die Raad het in die oorsigjaar vier (4) bewusmakingsprogramme aangebied, insluitend dié wat in samewerking met die Thusong-program gehou is. Daar is ook met die SARGF saamgewerk om 'n week lange uitreik in die Suid-Kaap te hou. Elf (11) skole is tydens hierdie inisiatief besoek, en die "Taking Risks Wisely"-program is vir leerders aangebied.

Die Raad het op Donderdag 27 Maart 2025 'n Verantwoordelike Dobbelary-bewusmakingsveldtog vir Graad 10-leerders aangebied. Een van die Raad se sleutelfunksies is om die publiek oor verantwoordelike dobbelary en die maatskaplike euwels wat daarmee gepaardgaan op te voed. Dit behels onder meer om jongmense bewus te maak van die gevare van minderjarige dobbelary.

Die Raad het vir hierdie inisiatief met die Suid-Afrikaanse Stigting vir Verantwoordelike Dobbelary (SARGF) en die Hollywood Foundation saamgewerk.

Ingevolge artikel 71(2) van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne ("die Wet") mag geen persoon onder die ouderdom van agtien jaar:

(a.) Enige area betree waar dobbelary plaasvind nie;
(b.) Deelneem aan enige dobbelaktiwiteit of 'n dobbelmasjien hanteer of bedryf nie; of
(c.) Enige dobbelskuld afdwing nie, nieteenstaande die bepalings van artikel 79.

Artikel 72(3) van die Wet bepaal verder: ***"Geen lisensiehouer of werknemer van 'n lisensiehouer mag enige persoon onder die ouderdom van agtien jaar toelaat om enige gebied waar dobbelary plaasvind, te betree of daar te bly nie of om deel te neem aan enige dobbelaktiwiteit nie of om 'n dobbeltoestel te hanteer of te bedryf nie. Geen ouer of voog van 'n persoon onder die ouderdom van agtien jaar mag sodanige persoon toelaat om enige gebied waar dobbelary plaasvind, te betree of daar te bly nie of om deel te neem aan enige dobbelaktiwiteit nie of om 'n dobbeltoestel te hanteer of te bedryf nie."***

Die bewusmakingsgeleentheid oor Verantwoordelike Dobbelary is deur dertien (13) skole van regoor die Wes-Kaap bygewoon. Die program het daarop gefokus om leerders op te voed oor die gevare van minderjarige dobbelary en om hulle bekend te stel aan loopbaangeleenthede in die dobbelbedryf. Die Suid-Afrikaanse krieketspeler Vernon Philander was teenwoordig en het 'n inspirerende toespraak gelewer wat leerders aangemoedig het om dobbelary te vermy en hul doelwitte na te streef.

Die geleentheid is in die teenwoordigheid van leerders se onderwysers en skoolverteenwoordigers gehou en is goed ontvang.

'n Groot bekommernis vir die Raad was die aantal leerders wat aangedui het dat hulle aktief aan dobbelaktiwiteite, insluitend sportweddery, deelneem. Dit stel voor dat sommige minderjarige individue dalk met volwasse eiebewyse toegang tot dobbelplatforms kry, wat baie onrusbarend is.

Die WKRDW bly daartoe verbind om sy mandaat na te kom deur verantwoordelike dobbelary te

bevorder en kwesbare individue – veral die jeug – te beskerm. Hierdie werk word met erns benader en daar is voortdurend inisiatiewe om bewustheid oor die risiko's van minderjarige dobbelary te versterk. Die WKRDW sien uit daarna om in die toekoms soortgelyke gebeure aan te bied om gemeenskappe verder op te voed en te bemagtig.

2.1.8 UITSKAKELING VAN ONWETTIGE DOBBELARY

Daar is gedurende die oorsigjaar 104 bewerings van onwettige dobbelary by die Raad aangemeld.

Die besonderhede oor hierdie bewerings is soos volg:
- Die 104 bewerings is binne 30 dae volledig ondersoek;
- 80 van hierdie bewerings is as onwettige dobbelondernemings bevestig; en
- In 24 gevalle kon geen onwettige dobbelary bepaal word nie.

Die Raad betuig sy dank teenoor die SAPD, provinsiale wetstoepassingsagentskappe en gemeenskapspolisiëringsforums vir hul bystand gedurende die oorsigjaar. Sonder hul ondersteuning sou die Raad nie daarin kon slaag om onwettige dobbelary in gemeenskappe suksesvol te bestry nie.

2.1.9 KORPORATIEWE MAATSKAPLIKE BELEGGING

Die WKRDW bly finansieel van openbare befondsing afhanklik om sy wetgewende mandaat na te kom, aangesien die Raad nie selfonderhoudend is nie. Enige besparings uit die goedgekeurde begroting word aan die Wes-Kaapse Provinsiale Fonds oorgedra, tensy spesifieke goedkeuring verleen word om die fondse te gebruik om aangewese projekte te finansier. As gevolg van hierdie afhanklikheid van openbare fondse is die WKRDW oor die algemeen nie in staat om betekenisvolle bydraes tot inisiatiewe oor korporatiewe maatskaplike belegging (KMB) te lewer nie.

Die WKRDW het egter in vennootskap saam met een van sy lisensiehouers gewerk aan hul "Terug skool toe"-veldtog, en R45 947.18 bygedra tot skoolskoene en skryfbehoeftes vir 'n preprimêre skool en 'n kinderwelsynsinstelling. Die donasie is hartlik ontvang, en ouers en opvoeders was baie dankbaar vir die broodnodige hulpbronne.

Die WKRDW hou ook toesig oor die KMB-bydraes van lisensiehouers wat grotendeels betekenisvolle bydraes in hul onderskeie gemeenskappe lewer. Die casino- en LPM-sektor het KMB-programme geformaliseer, terwyl boekmakers tans vrywillige bydraes lewer. Geformaliseerde KMB-bydraes van die bedryf het in die oorsigjaar 'n bedrag van R15 937 127 beloop, maar vrywillige bydraes is steeds ongekwantifiseerd.

2.1.10 TEGNOLOGIE EN INLIGTING

Tegnologiese innoverings, veral in die IKT-sektor, bly die primêre aandrywers van tegnologiese, maatskaplike, ekonomiese en kulturele verandering. IKT-vordering het snelle verskuiwings meegebring en dwing organisasies om hul tradisionele sakepraktyke te heroorweeg.

Internasionale organisasies kom voor unieke uitdagings te staan wat 'n herevaluering van bestaande strategieë en die aanvaarding van alternatiewe meganismes vereis om sakekontinuïteit te verseker. Aspekte wat 'n invloed op organisasies se sterk punte, swak punte, geleenthede en bedreigings het, is afhanklikheid van energiedoeltreffende rekenaars, 'n vaardige werkmag en talent, kunsmatige intelligensie, data- en inligtingsekuriteit, digitale tegnologie, transformasie en konnektiwiteit. Namate internetverkeer, gekoppelde toestelle, die Internet van Dinge, en KI-aanvaarding toeneem, neem die bedreiging van kuberaanvalle ook toe. Hierdie eskalasie verhoog die vraag na IT-sekuriteitsprodukte, IKT-regeringsbestuur, sagteware, dienste en kundigheid.

Die Kantoor van die Raad was nie immuun teen hierdie uitdagings nie en het 'n deeglike assessering laat doen van sy vermoëns om doeltreffende werksaamhede te handhaaf. Die WKRDW het sy IKT-werkmag versterk, netwerkkapasiteit vir 'n verspreide werkmag verbeter, sy elektrisiteitsvoorsiening opgegradeer, en maatreëls vir inligtings- en fisieke sekuriteit versterk. Werknemers is toegerus met die nodige instrumente om van die huis af te werk. Beveiligde afstandstoegang is deur virtuele privaat netwerke (VPN'e) moontlik gemaak sodat toegang tot die WKRDW se netwerk, produksiestelsels, samewerkingsinstrumente en digitale platforms verkry kon word. Belangrike regeringsbestuursdokumente – insluitend die WKRDW se sekuriteitsbeleide en die eed van geheimhouding, die gedragskode en artikel 17 en 19A van die WKWDW – is aan alle werknemers gekommunikeer om inligting en data te beskerm.

Behalwe dat afstandwerk vergemaklik is, het die WKRDW se videokonferensie-, samewerkings- en kommunikasievermoëns dit moontlik gemaak om verspreide werkomgewings, Raads-, komitee- en departementele vergaderings, inligtingdeling, afstandsondersteuning en personeelopleiding te fasiliteer. Kommunikasie met belanghebbendes het met behulp van telefoon-, e-pos- en videokonferensieplatforms plaasgevind.

Die Finansies- en IT-komitee en die Oudit- en Risikokomitee is gesamentlik verantwoordelik om toesig te hou oor die effektiwiteit en doeltreffendheid van die Raad se IKT-hulpbronne. Kwartaallikse interne IKT- en ouditverslae word aan hierdie komitees voorgelê om robuuste beheer oor interne IKT-regeringsbestuur en -sekuriteit te verseker. Risiko's en kontroles ten opsigte van IKT-funksies word by die Raad se Risikoregister ingesluit en dienooreenkomstig bestuur. IKT-werksaamhede word via die WKRDW se Dienstoonbankbestuurstelsel bestuur, met roetine-instandhouding wat deur 'n verspreide metodologie uitgevoer word.

Die bevordering van die outomatisering van sakeprosesse bly 'n fokusarea vir die Raad. Die gedigitaliseerde outomatiseringstelsel, Genesis, maak dit vir die dobbelbedryf moontlik om lisensie-aansoeke aanlyn in te dien. Daarbenewens is 'n geoutomatiseerde stelsel vir die hantering van versoeke vir die Departement Regulatoriese Voldoening geïmplementeer om die verwerking van versoeke om goedkeuring te vereenvoudig. Hierdie ontwikkeling sal ook indienings deur die bedryf aan die Kantoor van die Raad vergemaklik.

Tegnologiese vooruitgang bevorder nuwe en innoverende dobbelmetodes, en aanlyn weddery tree as 'n snelgroeiende mark na vore. Aanlyn weddery het oor die afgelope vier jaar eksponensieel toegeneem in vergelyking met ander vorme van dobbelary soos casino's, LPM'e en die Totalisator. Reguleerders moet voldoende opleiding ontvang en van personeel voorsien word om op die voortdurende tegnologiese veranderinge in die dobbelbedryf te reageer.

2.1.11 BYWONING VAN KONFERENSIES

Konferensies wat spesifiek vir die dobbelbedryf gehou word, verskaf waardevolle insigte oor regulatoriese innovering, nuwe produkte op die mark, opkomende tendense, tegnieke vir verantwoordelike dobbelary en oplossings vir uitdagings in die bedryf. Dit bied ook geleenthede om met reguleerders, operateurs, vervaardigers en navorsers uit wêreldwye gebiede te skakel. Die uitruil van idees en die verhoudinge wat gebou word, is van onskatbare waarde. Die WKRDW het in die verlede baie van hierdie kontakte geraadpleeg en sal ongetwyfeld in die toekoms daarmee voortgaan.

Om uitgawes te bestuur, woon die WKRDW gewoonlik vier konferensies per jaar by. Elke geleentheid hou direk verband met die dobbelbedryf en handel oor huidige, noodsaaklike aspekte wat die sektor raak.

Gegewe die snelle tempo van tegnologiese verandering, is dit belangrik dat die WKRDW op hoogte bly van verwikkelinge en die uitdagings wat daarmee gepaard kan gaan.

Na afloop van elke konferensie stel die WKRDW 'n verslag saam met 'n opsomming van die belangrikste inhoud, lesse wat geleer is en die waarde wat toegevoeg is, welke verslag die Raad se praktyke en aktiwiteite inlig.

2.1.12 BEKENDMAKINGS RAKENDE KORPORATIEWE REGERINGSBESTUUR WAT DEUR KING IV-KODE VEREIS WORD

Wat die King IV-kode betref, word daar van die Raad verwag om sekere bekendmakings ten opsigte van korporatiewe regeringsbestuur te doen. Die Raad se King IV-verslag is verkrygbaar op die Raad se webwerf by www.wcgrb.co.za.

2.1.13 DIENSLEWERINGSOMGEWING

Die wettige dobbel- en wedrenbedryf in die Wes-Kaap, wat die volle geografiese gebied van die Provinsie dek, het soos op 31 Maart 2025 bestaan uit:

Lisensie-aktiwiteit	31 Maart 2025	31 Maart 2024
Gelisensieerde casino's	5	5
Gelisensieerde beperkte-uitbetalingsmasjien-operateurs	2	2
Gelisensieerde boekmakers	69	64
Gelisensieerde totalisator	1	1
Gelisensieerde persele	682 (469 LPM'e, 170 boekmakers, 43 totalisators)	702 (486 LPM'e, 171 boekmakers, 45 totalisators)
Gelisensieerde dobbeltoestelle	6 834	6 834
Werknemerlisensies*	7 959	6 480

*Die Raad reageer slegs op aansoeke wat volgens vereistes vanaf die bedryf ontvang word



Geografiese verspreiding van gelisensieerde dobbelbedrywighede

Persele	1 Stad Kaapstad	2 Eden	3 Kaapse Wynland	4 Overberg	5 Weskus	6 Sentraal Karoo
Casino's - 5	1	1	1	1	1	0
LPM-persele - 469	292	46	37	39	42	13
Boekmakers - 170	151	3	9	2	5	0
Totalisators - 43	37	1	4	0	1	0

2.2 ORGANISATORIESE OMGEWING EN STRUKTUUR

Die Minister van Finansies het soos op 31 Maart 2025 sewe (7) lede op die Raad aangestel. Die Raad se bedrywighede word uitgevoer deur 'n goedgekeurde organisasiestruktuur wat 115 poste bevat. 74 van hierdie poste is befonds, 65 is beklee en 9 is nog vakant. Werwing om hierdie kritieke vakatures te vul, is tans aan die gang.

Die toename in die totale getal goedgekeurde poste volg op die hersiening van die organisasiestruktuur wat onlangs afgehandel is. Dit is onderneem om te verseker dat die Raad se menslikehulpbronkapasiteit met die bedryfsvereistes en strategiese rigting ooreenstem. Hierdie hersiening is ingelig deur die volgehoue jaar-tot-jaar groei van die dobbel- en wedrenbedryf, asook die Raad se besluit om die reeks gereguleerde dobbelaanbiedings in die Wes-Kaap uit te brei.

Die huidige werkmag blyk toenemend onvoldoende te wees om as gevolg van uitbreiding in die bedryf in die bestaande operasionele eise asook die verwagte toename in lisensie-aansoeke en toesig oor voldoening te voorsien. Die Raad het in reaksie hierop besluit om 'n omvattende hersiening van sy struktuur te doen om die organisasie beter toe te rus om sy toenemende verantwoordelikhede na te kom.

'n Bykomende 41 poste is na aanleiding van hierdie proses goedgekeur. As gevolg van begrotingsbeperkings bly hierdie poste egter onbefonds. Dit stel 'n aansienlike uitdaging vir die volle implementering van die hersiene struktuur en beperk die Raad se vermoë om die vereiste interne kapasiteit te bou.

'n Formele versoek om bykomende befondsing is by die Provinsiale Tesourie (PT) ingedien om die implementering van die hersiene struktuur te ondersteun. Die Raad skakel met sleutelbelanghebbendes in 'n poging om die nodige hulpbronne te bekom.

Die voortdurende gebrek aan befondsing en die grootliks onveranderde organisasiestruktuur sedert die Raad se stigting belemmer steeds die vermoë om vaardige personeel te lok en te behou. Hierdie uitdagings beïnvloed nie net bedryfsdoeltreffendheid nie, maar dra ook by tot lae personeelmoraal.

2.2.1 AKKOMMODASIE

Ná 'n kostevoordeelontleding wat geëvalueer het of die WKRDW moes voortgaan om 'n gebou te huur of een moes koop om bedrywighede te akkommodeer, het die Raad tot die gevolgtrekking gekom dat dit voordeliger sou wees om 'n gebou te besit, sowel finansieel as logisties. Die destydse Departement van Vervoer en Openbare Werke – nou die Departement van Infrastruktuur (DvI) – het die WKRDW bygestaan met die verkryging en het sekere opknappings bestuur vir tydelike okkupasie en gebruik van die perseel.

Die DvI het die WKRDW in kennis gestel dat hulle diensverskaffers gekontrakteer het om die opknappings te hanteer en dat hulle die rol van projekbestuur sou oorneem. Verskeie vergaderings is tussen die WKRDW en die DvI gehou om die nodige opknappings te bespreek, en die WKRDW was baie dankbaar vir die DvI se kundigheid en bystand.

Daar is staatgemaak op die DvI se verbintenis om die hernuwings- en opknappingsproses te bestuur, en die werk is vir ongeveer 18 maande opgeskort. Die DvI het egter later laat weet dat hulle nie meer ondersteuning vir die opknappings sou bied nie. Die WKRDW was gevolglik verplig om self die verantwoordelikhede van projekbestuur te hanteer, ten spyte van 'n gebrek aan die nodige kundigheid, en het onvoorsiene kostes aangegaan.

Die WKRDW het deur sy VKB-proses 'n professionele projekbestuurder aangestel om te help. Die beplannings-, ontwerp- en skeduleringsfases van die projek is tot op hede afgehandel. Die VKB-proses om die kontrakteur aan te stel en die gepaardgaande konstruksieaktiwiteite sal nou begin.

Die projekbestuurder het beraam dat die projek, insluitend items op die lys haakplekke, in die ergste geval teen nie later nie as 30 Junie 2026 voltooi sal wees.

Die WKRDW funksioneer steeds volgens 'n hibriede werk-vanaf-die-huis- en in-kantoor-model en sal hierdie reëling toepas totdat die nuwe gebou ten volle in bedryf is.

Daar is aanvanklik goedkeuring ontvang om R31.5 miljoen vir die verkryging van kantoorakkommodasie te behou. Die gebou is vir R22 miljoen gekoop, aangevul deur afslaghuurinkomste van R1 miljoen

(oorspronklik R1.485 miljoen), plus BTW van R3.3 miljoen, wat 'n totaal van R26.3 miljoen beloop. Dit het 'n saldo van R6 miljoen vir opknappingskoste oorgehou. 'n Bykomende R9.6 miljoen uit die oorskot van die boekjaar 2022/23 is ook vir behoud goedgekeur.

Die WKRDW wag op goedkeuring om toegang tot die oorspronklike R6 miljoen te kry. Indien dit toegestaan word, sal 'n bedrag van R15.6 miljoen vir die voltooiing van die projek beskikbaar wees.

Die gebou voldoen egter nie meer aan bygewerkte gesondheids-, veiligheids- en brandregulasies nie. Die koste om volle voldoening te verseker, sal waarskynlik die huidige beskikbare fondse oorskry, veral nadat BTW bygevoeg is.

2.2.2 MAATREËLS VIR BEROEPSGESONDHEID EN VEILIGHEID

Ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (WBV) is die werkgewer verplig om so ver as wat dit redelik uitvoerbaar is, 'n werkomgewing te voorsien en te handhaaf wat veilig en sonder risiko vir die gesondheid van werknemers is.

Om voldoening aan die WBGV-vereistes te verseker, het die Raad 'n Komitee oor Beroepsgesondheid en -veiligheid ingestel wat uit verteenwoordigers van alle departemente in die organisasie bestaan. Die komitee is voorsien van die nodige hulpbronne om hul mandaat doeltreffend uit te voer, insluitend die monitering van werktoestande en die implementering van voorkomende maatreëls om risiko's te versag.

2.2.3 OPLEIDING EN ONTWIKKELING

Die heropleiding en aanvullende opleiding van personeel is topprioriteite van die Raad, aangesien dit noodsaaklik is vir die doeltreffende benutting en ontwikkeling van menslike kapitaal. 'n Belegging in die groei en bevoegdhede van werknemers ondersteun organisatoriese prestasie en langtermynvolhoubaarheid.

Die Raad het oor die afgelope jaar R338 686 in werknemeropleiding en -ontwikkeling belê, wat ongeveer 0.62% van die totale koste van indiensneming verteenwoordig. Opleidingsinisiatiewe is op alle vlakke in die organisasie geïmplementeer en is ontwerp om professionele bevoegdhede te versterk, kennis te verbreed en vaardighede aan te vul, in ooreenstemming met die Raad se strategiese doelwitte.

Gegewe die ontwikkelende aard van die dobbelbedryf, is dit ook noodsaaklik dat Raadslede op hoogte bly van verwikkelinge en in staat is om hul verantwoordelike ten opsigte van regeringsbestuur uit te voer. Alle Raadslede is vervolgens by die Instituut van Direkteure in Suid-Afrika (IDSA) geregistreer. Die IDSA verskaf praktiese ondersteunings- en ontwikkelingsdienste wat ten doel het om bevoegdheid in regeringsbestuur te versterk en gesonde regeringsbestuurspraktyke te bevorder.

Verder word die bywoning van toepaslike konferensies en bedryfsgebeure aktief aangemoedig en ondersteun, wat verseker dat sowel bestuur as Raadslede op hoogte bly van bedryfstendense, regulatoriese verwikkelinge en opkomende beste praktyke.

2.3 BELANGRIKE BELEIDSONTWIKKELINGS EN WETGEWENDE VERANDERINGE

Die dobbelbedryf is 'n tegnologiegedrewe sektor wat snelle innovering en vinnige omkeertye vir regulatoriese goedkeurings vereis. Die Raad hersien voortdurend sy prosesse en is besig om meer outomatisering by die regulatoriese omgewing in te sluit.

Die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie (WKPT) het navorsing laat doen oor die ekonomiese en beleidsraamwerke wat op die dobbelbedryf in die Wes-Kaap van toepassing is. 'n Eksterne diensverskaffer onderneem hierdie navorsing en die bevindings en aanbevelings sal die ontwikkeling van 'n Groen- en Witskrif oor Dobbelregulering inlig. Hierdie uitkomste kan uiteindelik tot 'n hersiene beleidslandskap vir dobbelregulering in die Provinsie lei.

2.3.1 LITIGASIE

Die dobbelbedryf blyk hoogs litigieus te wees, en dit lei daartoe dat die Raad se besluite en handelinge dikwels betwis word op grond van die gevestigde ekonomiese belang van lisensiehouers en ander rolspelers. Sommige sake is pure van openbare belang, maar in sekere gevalle bied die uitspraak wat deur ons howe gelewer word, regsekerheid oor sake waar die Raad en 'n lisensiehouer verskillende

sienings van wetgewing het. In sulke gevalle stem die partye gewoonlik ooreen dat die verkryging van 'n verklarende bevel die gepaste roete sal wees. As reguleerder oorweeg die Raad breër kwessies van openbare belang en nie bloot die kommersiële belang nie. Die Raad neem dus nie deel aan alle litigieuse sake waarin die Raad as 'n belanghebbende genoem word nie, maar grond sy besluite oor deelname aan die litigasie op die aard van die regshulp wat vereis word en wat die regsimplikasies sal wees op die Raad se mandaat en die bedryf wat gereguleer word.

'n Casino-operateur het aansoek gedoen om 'n Verklarende Bevel wat onder meer bevestig dat Vryspelkrediete nie 'n "drop" uitmaak vir die doel om aangepaste bruto inkomste te bereken nie, en dat dit nie deel uitmaak van belasbare inkomste ingevolge artikel 64 van die Wet gelees met Bylae III nie, met die Raad en die Provinsiale Minister van Finansies, Wes-Kaap, wat as respondente genoem is. Verder dat die Hof, indien dit bepaal dat die Applikante wel belasting betaal het wat op grond van die regsargument voor die Hof nie verskuldig was nie, gelas dat enige oorbetaling van belasting terugbetaal word of teen die Applikante se toekomstige belastingverpligtinge verreken word. Uitspraak is op 29 April 2020 ten gunste van die Applikant gelewer, met die Hof wat beslis het dat Vryspel nie deel uitmaak van die "drop" vir die doel om aangepaste bruto inkomste te bereken nie, en dat dit nie deel uitmaak van belasbare inkomste ingevolge artikel 64 van die Wet gelees met Bylae III nie. Die Raad is gelas om die oorbetaalde belasting te verreken teen die Applikant se toekomstige belastingverpligtinge wat ingevolge artikel 64 van die Wet oploop. Die Raad en die Minister is verlof tot appèl by die HHA toegestaan en uitspraak is ten gunste van die Raad gelewer. Die Applikante het 'n Kennisgewing van Aansoek om Verlof tot Appèl by die Konstitusionele Hof ingedien. Die Raad asook die Minister van Finansies en Ekonomiese geleenthede het 'n Kennisgewing van Teenstand en Funderende Beëdigde Verklaring by die Konstitusionele Hof ingedien. Die saak is op 4 Februarie 2025 in die Konstitusionele Hof aangehoor en uitspraak is voorbehou.

Die Loterye-operateur en -kommissie het die wettigheid en grondwetlikheid betwis van 'n boekmaker wat weddenskappe op enige lotery aanbied ingevolge die dobbellisensie wat deur die betrokke provinsiale lisensiëringsowerheid/dobbelraad uitreik is, en of dit in stryd met artikel 57(2)(g) van die Wet op Loterye is. Met appèl by die Hooggeregshof het die Volle Hof beslis dat:

(i) Die skema, plan, reëling of stelsel van die Boekmaker waardeur weddenskappe, hetsy van 'n vaste-ongelyke aard of nie, op die uitslag van loterye aangebied word, onwettig verklaar word;
(ii) Die Boekmaker verbied word om weddenskappe, hetsy van 'n vaste-ongelyke aard of nie, op die uitslag van enige lotery aan te bied; en
(iii) Die Boekmaker, die betrokke Raad en 'n ander Boekmaker gelas word om die koste van die Lotery-operateur te betaal.

Die HVA het 'n bevel uitgereik wat gelas dat alle belanghebbendes in kennis gestel word van die saak en moet aandui of hulle by die verrigtinge sal aansluit. Die WKRDW het alle gelisensieerde Boekmakers van die HVA-verrigtinge in kennis gestel. Die Raad het 'n Kennis van Voorneme om aan die verrigtinge deel te neem, asook sy aansoek om tot die verrigtinge toe te tree, ingedien. 'n Verdere instruksie en/of vasgestelde datum word afgewag.

2.3.2 HUIDIGE WETGEWENDE OORWEGINGS

Die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Dobbelary (B27B-2018) is in 2018 gepubliseer. Die wetsontwerp poog om die Wet op Nasionale Dobbelary (2006) te wysig om die samestelling van die Nasionale Raad op Dobbelary na 'n funksionerende entiteit te verander wat aan die DHNM verslag doen, met 'n Hoof- Uitvoerende Beampte in beheer van die entiteit. Die Wetsontwerp poog ook om onder meer sekere statutêre fooie vir gesentraliseerde monitering van provinsiaal-gelisensieerde dobbeloperateurs in te stel en om regeringsbestuursaangeleenthede met betrekking tot die Nasionale Raad op Dobbelbeleid te hanteer. Die Wetsontwerp is deur beide huise van die Parlement oorweeg en is op 14 Desember 2021 deur die Nasionale Raad van Provinsies verwerp waarna dit ingevolge Gesamentlike Reël 186(1)(a) na die Bemiddelingskomitee verwys is. Die Wetsontwerp het ingevolge Reël 333(2) van die Nasionale Vergadering op 21 Mei 2024 verval. Die Wetsontwerp is op 25 Julie 2024 in die Nasionale Vergadering hernieu. Die Wetsontwerp is op 15 Mei 2025 na die Bemiddelingskomitee vir oorweging verwys. Die Provinsiale Lisensiëringsowerhede en die Nasionale Raad op Dobbelary is versoek om kommentaar te lewer oor vier spesifieke aspekte van die Wetsontwerp, wat op 28 Mei 2025 aan die Bemiddelingskomitee voorgelê is. Die komitee het oor die Wetsontwerp beraadslaag en dit op Vrydag 13 Junie 2025 formeel oorweeg en aanvaar. 'n Nuwe weergawe van Wetsontwerp B27D-2018 moet nog gepubliseer word.

Die Wes-Kaapse Neëntiende Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne (2021) ("Neëntiende

Wysigingswet") is op 23 Junie 2021 in die Provinsiale Koerant gepubliseer. Die Neëntiende Wysigingswet het nuwe Casino-operateursfooie en Roete-operateursfooie voorgeskryf, en sou die Raad se doelwit om selfonderhoudend ten opsigte van begrotingsvereistes te wees, aansienlik versterk het. Die Neëntiende Wysigingswet wet is egter nooit in werking gestel nie. Die Konsepherroepingswetsontwerp op die Wes-Kaapse Neëntiende Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne, 2022 ("die Herroepingswetsontwerp") het die wetgewende formuleringsproses met betrekking tot die Neëntiende Wysigingswet uiteengesit, en het bevestig dat die doel daarvan was om die finansiële selfonderhoud van die Raad te bevorder en te fasiliteer, dat sekere fooie aan die Raad betaalbaar is, die heffing van casino-operateursfooie, wysigings aan bepalings met betrekking tot beperkte dobbelmasjien-operateursfooie en aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Die Herroepingswetsontwerp het aangedui dat, as gevolg van die verreikende gevolge van die COVID-19-pandemie op die dobbelbedryf, die Provinsiale Tesourie besig is om 'n omvattende hersiening van die dobbelary- en wedrennebedryf in die Wes-Kaap te onderneem, met 'n beleidsoorsigproses wat uitgevoer sal word. Voorts dat die bevordering en fasilitering van die finansiële selfonderhoud van die Raad 'n belangrike doelwit van die Wes-Kaapse Regering bly. Die Wes-Kaapse Neëntiende Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne, Herroepingswet, 2022 ("die Herroepingswet") is op 10 Januarie 2024 goedgekeur en herroep die "Neëntiende Wysigingswet".

Die Wes-Kaapse Twintigste Konsepwysigingswetsontwerp op Dobbelary en Wedrenne, 2025 is op 6 Junie 2025 vir kommentaar gepubliseer. Dit maak voorsiening vir die betaling van 'n Ekonomiesegeleentheidsbelasting deur die houer van 'n Casino-operateurslisensie wie se aansoek om die hervestiging van hul Casino toegestaan word. Die Wetsontwerp bepaal hoe hierdie belasting bereken sal word en die tydperk waarvoor dit deur 'n Casino-operateur betaalbaar sal wees.

Die Wetsontwerp op Afstand-dobbel (B11-2024) is op 16 April 2024 in die Nasionale Vergadering bekend te stel. 'n Belangrike verandering aan die Wetsontwerp is dat die Provinsies, en nie die Nasionale Raad op Dobbelary nie, die uitreiking van lisensies reguleer en die voorgeskrewe fooie in hul onderskeie provinsies invorder. Die doel van die Wetsontwerp is om 'n wetlike raamwerk vir die regulering en beheer van alle afstand-dobbelaktiwiteite te verskaf en 'n doeltreffende en effektiewe regulatoriese stelsel vir afstand-dobbel in Suid-Afrika te verseker. Die Wetsontwerp maak ook voorsiening dat eenvormige norme en standaarde ten opsigte van afstand-dobbel regoor die Republiek van toepassing is, dat minderjariges en kwesbare persone verhoed en beskerm word teen blootstelling aan die nadelige effekte van dobbel, en dat spelers, die publiek en gelisensieerde afstand-dobbeloperateurs beskerm word. 'n Kennisgewing is op 8 November 2024 in die Staatskoerant gepubliseer wat aangedui het dat mnr. Roger William Tobias Chance, LP, beoog om die Wetsontwerp op Afstand-dobbel, 2024 in die Nasionale Vergadering van die Parlement bekend te stel. Hierdie weergawe van die Wetsontwerp is dieselfde as die weergawe wat op 16 April 2024 gepubliseer is.

Die Wes-Kaapse Dobbelary en Wedrenne Regulasies, 1996: Konsepwysiging, 2022 is op 10 Junie 2022 vir kommentaar gepubliseer. Dit skryf die Regulasies voor wat van toepassing is op die wysiging van lisensies, die maksimum aantal casino-operateurlisensies in die Stad Kaapstad en die radius tussen casino's, inligting vir aansoeke wat verband hou met die hervestiging van 'n casino, en die betaling van 'n maandelikse ekonomiesegeleentheidsbelasting.

Die Wes-Kaapse Regulasies vir Dobbelary en Wedrenne (Fooie en Koste, 2016) en die Tweede Konsepwysiging (2022) is op 10 Junie 2022 vir kommentaar gepubliseer en maak voorsiening vir enige verhoor, ondersoek of navraag met betrekking tot die hervestiging van 'n besigheid of aktiwiteit beoog in artikel 41B(1) van die Wet.

Die Wes-Kaapse Regulasies vir Dobbelary en Wedrenne (Fooie en Koste 2016): Wysiging, 2025 is bygewerk en op 31 Maart 2025 in die Staatskoerant gepubliseer om inflasionêre verhogings op die statutêre aansoek-, lisensie- en ondersoekfooie toe te pas. Hierdie fooie word jaarliks aangepas vir inflasie en die aangepaste fooie het op 1 April 2025 in werking getree.

3. VORDERING TER BEREIKING VAN INSTITUSIONELE IMPAKTE EN UITKOMSTE

Impakverklaring: 'n Optimaal gereguleerde dobbelbedryf.

Uitkomste:

- Die Raad se strukture, hulpbronne en prosesse word aangewend vir die doeltreffende, effektiewe en optimale uitvoering van sy mandaat. Hierdie program het agt (8) uit tien (10) beplande uitsette vir die oorsigjaar behaal, met een uitset wat gedeeltelik behaal is.
- Die Departement Lisensiërings verseker dat alle individue en entiteite wat in die dobbelbedryf werksaam is, aan die vereiste geskiktheidstandaarde voldoen. Die deeglike assessering van aansoekers – sowel natuurlike as regspersone – om integriteit in lisensie-uitreiking te handhaaf, bly 'n sleutelprioriteit. Om werksaamhede verder te vereenvoudig, implementeer die departement 'n elektroniese portaal vir alle dobbelmodusse vir die indiening en verwerking van lisensie-aansoeke, wat doeltreffendheid verbeter terwyl streng kontroles vir voldoening gehandhaaf word. Benewens die evaluering van geskiktheid, bly die program verbind tot die verwerking van alle nuwe en hernuwingslisensie-aansoeke volgens jaarlikse prestasieteikens, en dra sodoende tot die breër vyfjaar- strategiese doelwitte by. Dié gebalanseerde benadering beveilig regulatoriese voldoening terwyl belanghebbendes in die bedryf deur 'n verbeterde lisensiëringsraamwerk ondersteun word. Hierdie program het twee (2) uit drie (3) beplande uitsette vir die oorsigjaar behaal, met een uitset wat gedeeltelik behaal is.
- Dobbel- en weddery-aktiwiteite in die Wes-Kaap voldoen aan wetgewende bepalings en regulatoriese vereistes. Die program is verantwoordelik vir die afdwinging van dobbelary- en verwante voldoening ten opsigte van wetgewende bepalings en regulatoriese vereistes op alle lisensiehouers wat dobbel- en weddery-aktiwiteite vir publieke spel blootstel, asook die tydige ondersoek van bewerings van onwettige dobbelaktiwiteite in die Provinsie. Hierdie program sy twee (2) beplande uitsette vir die oorsigjaar behaal.
- Innoverende, funksionele, betroubare en veilige IKT-oplossings en -stelsels word verskaf. Die program is verantwoordelik vir die toepassing van noodsaaklike bedryfsdoeltreffendheid, bestuur, behendigheid, goeie regeringsbestuur en betroubare en veilige stelsels ten opsigte van IKT vir die Kantoor van die Raad. Hierdie aspekte het die program in staat gestel om alle beplande uitsetteikens vir die jaar te behaal, en was dus ook in lyn met die vyfjaardoelwitte.

4. PROGRAMPRESTASIE-INLIGTING

Program 1: Raad en Administrasie

Doel van die program

Om bystand aan die Minister te lewer en om uitvoering te gee aan die wetgewende mandaat wat op die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne geplaas is.

Uitkomste

Die Raad se strukture, hulpbronne en prosesse word aangewend vir die doeltreffende, effektiewe en optimale uitvoering van sy mandaat.

Programstruktuur

Die program bestaan uit sewe Raadslede, die Hoof- Uitvoerende Beampte, die Bestuurder Regsdienste, Senior Regsadviseur: Regsdienste, die Hoof- Finansiële Beampte, die Senior Finansiële Beampte, die Senior Administratiewe Beampte, Menslikehulpbronbestuurder, MH-administrateur, die Raadsekretaris en tien goedgekeurde steundienstepersoneel.

Die program is soos volg gestruktureer:
- Raad
- Uitvoerende Bestuur
- Regsdienste
- Menslike Hulpbronne
- Administrasie en Finansies
-

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Die volgende in-jaar-veranderinge is gedurende die boekjaar 2024/25 aangebring ten opsigte van die prestasie-aanwyser van die program:
Aanwyser 1.9, die Aanwyserverslagdoeningsiklus in die Prestasie-tabel op bladsy 40 is Jaarliks, terwyl die BTA op bladsy 62 voorstel dat dit kwartaalliks is. Veranderinge weens administratiewe fout.
Aanwyser 1.9, die tipe berekening in die BTA is reggestel na Niekumulatief.

Program 1: Raad en Administrasie								
Uitkoms	**Uitset**	**Uitsetaanwyser**	**Geou-diteerde werklike prestasie 2022/2023**	**Geou-diteerde werklike prestasie 2023/2024**	**Beplande jaarlikse teiken 2024/2025**	**Werklike prestasie 2024/2025**	**Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2024/2025**	**Redes vir afwykings**
Die Raad se strukture, hulpbronne en prosesse is aangewend vir die doeltreffende, effektiewe en optimale uitvoering van sy mandaat.	Raads-vergaderings waarop besluite geneem en binne 'n bepaalde tydperk uitgevoer word	1.1 Getal kworum-vergaderings van Raadslede vir 2024/25-jaar	18	14	16	23	+7	• 26 April Ad hoc-Raadsvergadering (Oorweeg DH: Lisensiëring se aanstelling) • 16 Mei Ad hoc-Raadsvergadering (DH: Lisensiëring salarisversoek) • 24 Mei Ad hoc-Raadsvergadering (Tellingtoekenning na onderhoude met Bestuurder: Regsdienste) • 8 Julie Ad hoc-vergadering (ná terugvoer oor bevoegdheid van die kandidaat vir die pos van Bestuurder: Regsdienste) • 2 Sept Ad hoc-vergadering (dispuut-verhoor van kliënt) • 29 Nov Ad hoc-Raads-vergadering na afloop onderhoud met HUB

Program 1: Raad en Administrasie								
Uitkoms	**Uitset**	**Uitsetaanwyser**	**Geou-diteerde werklike prestasie 2022/2023**	**Geou-diteerde werklike prestasie 2023/2024**	**Beplande jaarlikse teiken 2024/2025**	**Werklike prestasie 2024/2025**	**Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2024/2025**	**Redes vir afwykings**
Die Raad se strukture, hulpbronne en prosesse is aangewend vir die doeltreffende, effektiewe en optimale uitvoering van sy mandaat.								• 23 Jan Ad hoc-Raads-vergadering – FTI Consultants se voor-legging aan die Raad oor die ekonomiese assesseringsverslag i.v.m. Tsogo Sun Caledon-casino se aansoek om hervestiging
	Raads-vergaderings waarop besluite geneem en binne 'n bepaalde tydperk uitgevoer word	1.2 Raadsbesluite wat teen volgende Raadsvergadering uitgevoer is	94%	94%	95%	92% (86 van 93)	-3%	As gevolg van afhanklikheid van derde party en hulpbronbeperkings. Die WKRDW is afhanklik van derde partye vir regsmenings en dienste waaroor die WKRDW geen beheer het nie.
	Lisensiehouers se KMB-verbintenisse is nagekom	1.3 Getal operateurs wie se KMB-programme deur Raads-komitees geverifieer is	6	6	6	6	-	Geen
	Openbare bewustheid van die Raad se rol en funksies.	1.4 Getal bewusmakings-programme wat deur die Raad gefasiliteer is	Nuwe uitset-aanwyser	4	4	4	-	Geen
	Regsmenings wat opgestel is om die Raad en Kantoor te rig oor regsimplikasies van besluite wat geneem is	1.5 Persentasie regsmenings opgestel en ingedien binne 30 dae na ontvangs van versoek om 'n mening	Nuwe uitset-aanwyser	100%	90%	100% (22 van 22)	+10%	Alle versoeke om regsmenings binne die beheer van die Departement Regsdienste is binne 30 dae uitgevoer en afgehandel en vandaar die 100%-prestasie.

Program 1: Raad en Administrasie								
Uitkoms	**Uitset**	**Uitsetaanwyser**	**Geou-diteerde werklike prestasie 2022/2023**	**Geou-diteerde werklike prestasie 2023/2024**	**Beplande jaarlikse teiken 2024/2025**	**Werklike prestasie 2024/2025**	**Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2024/2025**	**Redes vir afwykings**
Die Raad se strukture, hulpbronne en prosesse is aangewend vir die doeltreffende, effektiewe en optimale uitvoering van sy mandaat.	Voldoening aan vereistes insake regulatoriese verslagdoening oor menslike hulpbronne	1.6 Getal regulatoriese verslae wat tydig by die Departement van Arbeid ingedien is	1	1	1	1	-	Geen
	'n Bekwame, gemotiveerde en toegewyde werkmag	1.7 Getal verslae oor die implementering van die MH-plan	4	4	4	4	-	Geen
	'n Bekwame, gemotiveerde en toegewyde werkmag	1.8 Getal werkplek-vaardigheids-planne wat tydig by CATHSSETA ingedien is	Nuwe uitset-aanwyser	Nuwe uitset-aanwyser	1	0	-1	Die sperdatum vir die indiening van werkplek-vaardigheidsplanne (WVP'e) en jaarlikse opleidingsverslae (JOV'e) is 30 April elke jaar. Die prestasie-aanwyser sal in die nuwe JPP na KI verskuif word.
	Implementering van die uitkoms van die hersiening van die goedgekeurde organisasie-struktuur	1.9 Goedgekeurde implementerings-plan vir die uitrol en monitering van die struktuur ná implementering	Nuwe uitset-aanwyser	Nuwe uitset-aanwyser	1	1	-	Geen
	Doeltreffende en effektiewe finansiële administrasie	1.10 Getal finansiële verslae aan belanghebbendes	33	33	33	33	-	Geen

Ontleding van prestasie

Die program is verantwoordelik om te verseker dat die voorskrifte en besluite van die Raad uitgevoer word. Die program het agt (8) uit sy tien (10) gestelde teikens behaal. Die Kantoor van die Raad het die besluite van die Raad uitgevoer – dié besluite is geneem om uitvoering aan die Raad se wetgewende mandaat te gee. Die Raad as 'n geheel het sy mandaat suksesvol uitgevoer.

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Aanwyser 1.2 Raadsbesluite wat teen volgende Raadsvergadering uitgevoer is: Hulpbronbeperkings is deur herprioritisering behandel. Derdeparty-afhanklikheid moet uitgeskakel word.

Aanwyser 1.8 Getal werkplekvaardigheidsplanne wat tydig by CATHSSETA ingedien is: Die teiken sal na K1 van FJ2026 geskuif word om met die wetgewende indieningsdatums te belyn

Koppeling van prestasie aan begrotings

Program	2024/2025			2023/2024		
	Begroting R	Werklike uitgawes R	(Oor-)/ Onder-besteding R	Begroting R	Werklike uitgawes R	(Oor-)/ Onder-besteding R
Raad en Administrasie	39 923 426	33 400 391	6 523 035	65 119 728	57 516 153	7 603 575

Die onderbesteding hou grotendeels verband met kapitaalbates. Die Minister vir Finansies en Ekonomiese Geleenthede het as deel van die boekjaar 2024/25 se begroting die omrol van fondse ten bedrae van R6 225 000 goedgekeur. Hierdie fondse is vir die opknapping van die Raad se kantoorakkommodasie bedoel. As gevolg van beperkte interne kapasiteit het die Raad egter 'n projekbestuurder aangestel om oor die opknappingsprojek toesig te hou. Die beplanningsfase was teen jaareinde steeds aan die gang; die Raad kon gevolglik nie die omrolfondse gedurende die verslagtydperk benut nie.

Program 2: Lisensiëring

Doel van die program

Die Departement Lisensiërings is verantwoordelik vir die koördinering van 'n doeltreffende lisensie-aansoekproses. Dit ontvang volledige voltooide lisensie-aansoeke en voer deugsaamheids-ondersoeke uit op die aansoeke wat ontvang is. Op grond van die gevolglike bevindings, word verslae met aanbevelings vir goedkeuring of afkeuring by die HUB en/of Raad vir oorweging ingedien.

Wat die teikens hier onder aanbetref, streef die departement daarna om pas aangestelde dobbelarywerknemers te hê wat tydig gelisensieer is en dus dienooreenkomstig met hul onderskeie pligte kan begin.

Ten einde die volgehoue geskiktheid van bestaande lisensiehouers te verseker, word aansoeke wat ontvang word vir die hernuwing van alle soorte lisensies vóór die vervaldatum van die lisensie verwerk. Geen lisensie is vir langer as 12 maande geldig nie, en alle lisensies moet jaarliks met 'n aansoek hernu word.

Uitkomste

Persone wat sake in die dobbelbedryf doen, is geskik.

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Geen in-jaar-veranderinge is gedurende die boekjaar 2024/2025 aangebring nie.

Program 2: Lisensiëring								
Uitkoms	**Uitset**	**Uitsetaanwyser**	**Geou-diteerde werklike prestasie 2022/2023**	**Geou-diteerde werklike prestasie 2023/2024**	**Beplande jaarlikse teiken 2024/2025**	**Werklike prestasie 2024/2025**	**Afwyking van beplande teiken teenoor werk-like prestasie 2024/2025**	**Redes vir afwykings**
Persone wat sake in die dobbelbedryf doen, is geskik.	Nuwe aansoeke verwerk	2.1 Persentasie nuwe aansoeke, ten opsigte van werknemer-lisensies (sleutel en dobbelary) gekoppel aan gelisensieerde operateurs wat ontvang word, binne 30 dae ná ontvangs verwerk	92%	92%	91%	96% (4 054 van 4 228)	+5%	Aansoeke met minder foute wat ingedien word, en minder uitstaande dokumente, wat daartoe lei dat personeel die aansoeke betyds kan verwerk.
	Aansoeke om hernuwing ontvang en verwerk	2.2 Persentasie aansoeke om hernuwing ontvang, is op of voor die datum van verstryking van die lisensie verwerk	99%	99%	99%	98% (5 445 van 5 568)	-1%	Laat indiening van hernuwings deur lisensiehouers en hernuwingsaansoekers het daartoe gelei dat die Kantoor nie die aansoeke op of voor die vervaldatum van die lisensie kon verwerk nie.
	Lisensie-aansoeke goedgekeur	2.3 Persentasie lisensie-aansoeke aan die Raad wat met eerste indiening goedgekeur word	Nuwe uitset-aanwyser	Nuwe uitset-aanwyser	95%	100% (527 van 527)	+5%	Tydige indiening van nuwe aansoeke vir alle departementele en organisatoriese prosesse is betyds begin en afgehandel om te verseker dat goed geskrewe Raadsvoorleggings aan die Raad voorgelê is.

Ontleding van prestasie

Die departement bly bestendig in sy verbintenis om die toenemende volume lisensie-aansoeke vinnig én doeltreffend te verwerk. Aansoeke om nuwe en hernuwingslisensies word tydig hanteer wat verseker dat operateurs behoorlik gemagtig is om aan gereguleerde dobbelaktiwiteite deel te neem. Terwyl die hernuwing van lisensies 'n voortdurende funksie deur die loop van die jaar is, ontvang die departement 'n toevloed van aansoeke van nuwe besighede en individue af wat die dobbelbedryf wil betree. Elke aansoeker ondergaan 'n deeglike verifikasieproses om voldoening te verseker en sodoende positief tot die inkomste van die fiskus by te dra.

Die departement het in lyn met die prestasiedoelwitte twee van die gestelde teikens suksesvol behaal en oortref – een met 3% en die ander met 5%. Die derde teiken is net-net gemis met 'n marge van slegs 1% wat dui op ons volgehoue pogings om bedryfsuitnemendheid en deurlopende verbetering te verseker.

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Die departement sal 'n proses onderneem om die werkvloei te versterk deur die vereenvoudiging van prosedures, vermindering van handmatige verwerkingstye, die implementering van proaktiewe waarskuwings en skakeling met operateurs oor sperdatums.

Koppeling van prestasie aan begrotings

Program	2024/2025			2023/2024		
	Begroting R	Werklike uitgawes R	(Oor-)/ Onder-besteding R	Begroting R	Werklike uitgawes R	(Oor-)/ Onder-besteding R
Lisensiëring	16 820 300	16 475 504	344 796	15 500 480	14 777 453	723 026

Die onderbesteding in Lisensiëring hou verband met besparings op koste-van-indiensneming. Die Departementshoof: Lisensiëring is op 1 Julie 2024 aangestel. Aangesien die pos vir die eerste drie (3) maande van die boekjaar vakant was, het dit tot onderbesteding op koste-van-indiensneming gelei.

Program 3: Regulatoriese Voldoening

Doel van die program

Die program is daarvoor verantwoordelik om dobbelary- en verwante voldoening ingevolge wetgewende bepalings en regulatoriese vereistes af te dwing. Alle lisensiehouers wat dobbel- en weddery-aktiwiteite vir publieke spel blootstel, is verplig om te alle tye sodanige vereistes na te kom, en die aktiwiteite van die program is daarop gerig om enige nievoldoening of moontlike nievoldoening te bespeur. Die program voer binne 'n gespesifiseerde tydraamwerk ondersoeke uit na bewerings van onwettige dobbelaktiwiteite in die Provinsie om te verseker dat daar tydig opgetree word in gevalle waar sodanige aktiwiteite plaasvind.

Uitkomste

Dobbel- en weddery-aktiwiteite in die Wes-Kaap voldoen aan wetgewende bepalings en regulatoriese vereistes.

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Geen in-jaar-veranderinge is gedurende die boekjaar 2024/2025 aangebring nie.

Program 3: Regulatoriese Voldoening								
Uitkoms	**Uitset**	**Uitsetaanwyser**	**Geouditeerde werklike prestasie 2022/2023**	**Geouditeerde werklike prestasie 2023/2024**	**Beplande jaarlikse teiken 2024/2025**	**Werklike prestasie 2024/2025**	**Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2024/2025**	**Redes vir afwykings**
Dobbel- en weddery-aktiwiteite in die Wes-Kaap voldoen aan wetgewende bepalings en regulatoriese vereistes. (Hersien)	Gelisensieerde ondernemings wat dobbel- en weddery-aktiwiteite onderneem wat ingevolge wetgewing is	3.1 Getal assesserings oor voldoening uitgevoer	1 421	1 485	960	967	+7	Bykomende gesamentlike inspeksies is met ander wetstoepassings-agentskappe uitgevoer en dit kan nie akkuraat beplan word in terme van getalle nie.
	Bekende onwettige dobbel-bedrywighede word gesluit	3.2 Persentasie ondersoeke binne 30 dae begin nadat die Raad bewerings oor onwettige dobbelary ontvang het	100%	100%	100%	100% (104 van 104)	-	Geen

Ontleding van prestasie

Die program het assesserings van lisensiehouers uitgevoer om te verseker dat aktiwiteite plaasvind op 'n wyse wat aan die toepaslike wetgewing voldoen, asook met die spesifieke vereistes van die Raad. Waar daar enige gevalle van nievoldoening is, word die betrokke proses gevolg om die lisensiehouer te voorsien van 'n geleentheid om die situasie reg te stel, en maatreëls word ingestel om die risiko van die herhaling van sodanige kwessie te verhoed of te verminder. Die program het gedurende die jaar ook op versoek gesamentlike optrede met ander wetstoepassingsagentskappe onderneem.

Deur te verseker dat alle beplande assesserings uitgevoer is, voldoen die program aan die Raad se vereiste dat dobbel- en verwante aktiwiteite uitgevoer word op 'n wyse wat aan wetgewing voldoen en binne die grense van die regulatoriese raamwerk is.

Alle ondersoeke oor bewerings van onwettige dobbelary het binne die tydperk van 30 dae begin.

Gegewe die aansienlike toename in die wedderysektor se aktiwiteite, is die behoefte aan 'n geoutomatiseerde stelsel geïdentifiseer. Die program het dus begin met die eerste fase van sodanige outomatisering wat na verwagting in die eerste kwartaal van die nuwe boekjaar geïmplementeer sal word.

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Daar is geen gebiede van onderprestasie nie.

Koppeling van prestasie aan begrotings

Program	2024/2025			2023/2024		
	Begroting R	Werklike uit-gawes R	(Oor-)/ Onder-besteding R	Begroting R	Werklike uitgawes R	(Oor-)/ Onder-besteding R
Regulatoriese Voldoening	19 564 212	18 825 092	739 120	18 243 164	17 933 866	309 298

Die onderbesteding word aan personeelvakatures toegeskryf. Daar was op 31 Maart 2025 drie (3) vakatures in die Departement. Die goedgekeurde begroting maak vir 'n volle personeelgetal voorsiening.

Program 4: Inligting- en Kommunikasietegnologie

Doel van die program

Die doel van hierdie program is om IKT-produkte, -oplossings en -dienste vir die Kantoor van die Raad te verskaf en te onderhou. Die program het 'n samehangende, ondernemingswye IKT-bekwaamheid ingestel om die Raad se strategiese doelwitte te ondersteun. Die IKT-omgewing doen voortdurend aanpassings ter ondersteuning van 4IR en toekomstige ontwikkelings deur middel van digitalisering, outomatisering, toegang tot inligting en die Raad se sakevereistes, insluitend bedryfsveranderinge. Die departement speel 'n kritieke rol in die verskaffing van strategiese en innoverende oplossings, riglyne en ondersteuning aan die Kantoor van die Raad.

Uitkomste

Innoverende, funksionele, betroubare en veilige IKT-oplossings en -stelsels word verskaf.

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Geen in-jaar-veranderinge is gedurende die boekjaar 2024/2025 aangebring nie.

Program 4: Inligting- en Kommunikasietegnologie								
Uitkoms	**Uitset**	**Uitsetaanwyser**	**Geou-diteerde werklike prestasie 2022/2023**	**Geou-diteerde werklike prestasie 2023/2024**	**Beplande jaarlikse teiken 2024/2025**	**Werklike prestasie 2024/2025**	**Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2024/2025**	**Redes vir afwykings**
Innoverende, funksionele, betroubare en veilige IKT-oplossings en stelsels word verskaf.	Voortdurende IKT-stelselbestuur vir die organisasie	4.1 Persentasie IKT-instandhoudingswerk wat uitgevoer word om huidige infrastruktuur vir inligtingstegnologie te onderhou en te verbeter	98%	98%	98%	99%	+1%	Positiewe afwyking weens toegewyde IKT-instandhouding wat uitgevoer is op die WKRDW se infrastruktuur vir inligtingstegnologie.
	Voortdurende versterking van kennis en vaardighede	4.2 Getal aktiwiteite uitgevoer om IKT-talent, kapasiteit en -bevoegdheid te bevorder	94	89	80	90	+10	Positiewe afwyking weens voortdurende versterking van personeellede se kennis en talent.
	Voortdurende beskikbaarheid van IKT-stelsels	4.3 Gemiddelde persentasie beskikbaarheid/ bedryfstyd van IKT-inligtingstelsels	99.9%	99.9%	98%	99.9%	+1.9%	Positiewe afwyking weens aanhoudende bestuur van WKRDW-inligtingstelsels.
	Regulatoriese voldoening Hantering van versoeke Sakeproses-outomatisering	4.4 Ontwikkeling en implementering van 'n aanlyn stelsels vir hantering van versoeke	Nuwe uitset-aanwyser	Nuwe uitset-aanwyser	1	1	-	Geen

Ontleding van prestasie

Die afhanklikheid van IKT was nie sonder sy grootste uitdaging nie, naamlik kragvoorsiening. Ongeag die feit dat kragvoorsiening 'n bedreiging vir die stabiliteit van werksaamhede inhou, het die Departement IKT hul uitkomste vir die jaar behaal. Dit was moontlik gemaak deur te verseker dat:

- daar voortdurende kragvoorsiening na die datasentrum se infrastruktuur via doeltreffende,
- ononderbroke krag was
- toegewyde en professionele bestuur deur IKT se menslike hulpbronne toegepas is
- effektiewe batteryaangedrewe toerusting aan die Kantoor van die Raad voorsien is
- goeie IKT-regeringsbestuur gehandhaaf is
- robuuste produkte en stelsels vir inligtingsekuriteit toegepas is
- IKT-infrastruktuur en netwerkkonnektiwiteit teen enige mislukkings, ongemagtigde toegang en/of kuberaanvalle beveilig is
- kritieke IKT-stelsels voortdurend vir die Kantoor van die Raad beskikbaar was.

Die ondersteuning en infrastruktuur wat deur die Departement IKT verskaf is, het daartoe bygedra dat die Raad se doelwitte en mandaat nagekom is. Die WKRDW-afstandswerkmodel is doeltreffend as 'n funksionele hibriede en verspreide werkomgewing toegepas. Dit is te danke aan toegewyde IKT-bedrywighede, -sekuriteit en -infrastruktuur, asook netwerkstabiliteit.

Die Departement IKT het hul kennis- en onderwyspraktyke (formeel, informeel, selfstudie) voortgesit om professionele vermoëns te verbeter. Dit is bereik deur deelname aan en bywoning van aanlyn of in-persoon ontwikkelings-, opleidings- en konsultasie- en forumgeleenthede. Sodoende is daar verseker dat noodsaaklike kennis deur praktiese vaardigheidsoordrag aangeleer is en dat kritieke ervaring opgedoen is, insluitend die realisering van die IKT-waarde vir die Kantoor van die Raad.

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Daar is geen gebiede van onderprestasie nie.

Koppeling van prestasie aan begrotings

Program	2024/2025			2023/2024		
	Begroting R	Werklike uitgawes R	(Oor-)/ Onder-besteding R	Begroting R	Werklike uitgawes R	(Oor-)/ Onder-besteding R
Inligting- en Kommunikasie-tegnologie	10 002 928	8 762 847	1 240 081	9 469 427	8 274 622	1 194 805

Die onderbesteding is weens besparings in sagtewarelisensiefooie, professionele fooie (konsultasie) en internetkoste. Werklike uitgawes was laer as wat verwag is en die Raad kon as gevolg van langertermyn-IT-kontrakte mededingende pryse vir IT-verwante verkryging verseker.

5. INKOMSTE-INVORDERING

Inkomstebronne	2024/25			2023/24		
	Skatting R	Werklike bedrag ingevorder R	(Oor-)/ onder-invordering R	Skatting R	Werklike bedrag ingevorder R	(Oor-)/ onder-invordering R
Aansoekfooie	2 227 715	5 542 864	(3 315 149)	3 086 960	4 261 105	(1 174 145)
Ondersoekfooie	37 977 002	39 433 994	(1 456 992)	36 406 705	37 469 766	(1 063 061)
Rente-inkomste	3 000 000	4 997 848	(1 997 848)	4 995 000	5 127 003	(132 003)
Raadsinspekteur se diensfooie	7 665 467	11 068 884	(3 403 417)	7 393 546	9 445 151	(2 051 605)
Beperkte-uitbetalings-masjien-operateursfooie	3 982 743	4 018 704	(35 961)	3 747 793	3 596 156	151 637
Oordragte	24 586 000	24 586 000	-	21 178 000	21 178 000	-
Dienste in natura	-	-	-	-	4 076 153	(4 076 153)
Huurinkomste	647 145	838 213	(191 068)	-	449 206	(449 206)
Ander inkomste	-	817 348	(817 348)	-	1 319 749	(1 319 749)
Behoud van oorskotfondse	6 224 795	6 224 795	-	31 524 795	31 524 795	-
Totaal	**86 310 866**	**97 528 650**	**(11 217 784)**	**108 332 799**	**118 447 084**	**(10 114 285)**

- Die Raad word slegs toegelaat om ingevolge wetsbepalings inkomste en fooie van lisensiehouers af in te vorder. Tensy daar 'n toename in dobbellisensie-aansoeke is, het die Raad geen alternatiewe maniere om sy inkomste te verhoog nie. Wanneer die Raad dus die begroting opstel, word daar op historiese tendense staatgemaak om die verwagte inkomste vir die boekjaar te skat.
- Die Raad begroot nie vir ander inkomste nie. "Ander inkomste" sluit onder meer regsfooie wat verhaal is, en verskeie diverse ontvangste in.

6. KAPITAALBELEGGING

Infra-struktuurs-projekte	2024/2025			2023/2024		
	Begroting R	Werklike uitgawes R	(Oor-)/ Onder-besteding R	Begroting R	Werklike uitgawes R	(Oor-)/ Onder-besteding R
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Kantoor-akkommodasie	-	-	-	31 525	25 495	6 030
Totaal	**-**	**-**	**-**	**31 525**	**25 495**	**6 030**

Kapitaalbelegging het in die vorige jaar verband gehou met die verkryging van die Raad se kantoorakkommodasie. Geen kapitaalbelegging is in die oorsigjaar aangegaan nie.

Aantekeninge

DEEL C:

Regeringsbestuur

1. INLEIDING

Die Raad se raamwerk vir regeringsbestuur word gerig deur die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, asook die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), en word toegepas in ooreenstemming met die Protokol oor Regeringsbestuur wat in die King IV-verslae oor Korporatiewe Regeringsbestuur uiteengesit word.

2. PORTEFEULJEKOMITEES

Die WKRDW is 'n Provinsiale WOFB 3C- openbare entiteit waarvan die WKPT die moederdepartement is. Die Staande Komitee oor Finansies is verantwoordelik om toesig oor die aktiwiteite van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne te handhaaf.

Die WKRDW het in die jaar geëindig 31 Maart 2025 met die SKOF oor sy Jaarverslag 2023/24 vergader. Besluite voortspruitend uit dié vergadering word op bladsy 63 van hierdie verslag aangedui.

Die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge is verantwoordelik om toesig oor die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne te handhaaf.

Die Raad het in die oorsigjaar oor die volgende aangeleenthede met die komitee vergader:

- 4 Oktober 2024: Inligting oor die Raad se 2023/24 Jaarverslag:

Besluite voortspruitend uit dié vergadering word op bladsy 63 van hierdie verslag aangedui.

3. UITVOERENDE GESAG

Die Minister van Finansies is die aangewese Uitvoerende Gesag vir die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne. Die Uitvoerende Raad stel die lede van die Raad aan en die Raad rapporteer aan die Minister. Alle verslae wat die Raad verplig is om saam te stel, word aan die Minister voorgelê. Daarbenewens word die Raad deur beleidsbepalings van die Uitvoerende Gesag gebind.

4. DIE REKENPLIGTIGE GESAG – DIE RAAD

Inleiding

Die Raad, bestaande uit sewe nie-uitvoerende lede wat deur die Uitvoerende Gesag aangestel word, is die aangewese Rekenpligtige Gesag. Die Raad het verskeie subkomitees uit sy lede saamgestel om oor spesifieke bedryfsaktiwiteite van sy kantoor toesig te hou. Daarbenewens stel die Raad drie eksterne lede aan om op die Oudit- en Risikokomitee te dien.

Die rol van die Raad

Die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne is ingestel met die hoofdoel om dobbelary en wedrenne en alle ander gepaardgaande aktiwiteite in die Wes-Kaap te beheer en te reguleer.

Die funksies en bevoegdhede van die Raad word in artikel 12 van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne uiteengesit. Die rol van die Raad is ter opsomming om:

- Deurlopende voldoening in die gelisensieerde bedryf te verseker en administratiewe boetes of sodanige maatreëls in te stel as wat die Raad vir oortredings van die Wet geskik ag;
- Aansoeke om lisensies ingevolge die Wet aan te vra;
- Aansoeke om nasionale en provinsiale lisensies te ontvang, te ondersoek en te oorweeg;
- Nasionale en provinsiale lisensies aan kwalifiserende of geskikte persone uit te reik, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Raad toepaslik ag;
- Die geskiktheid te ondersoek van persone wat daarin belangstel om 'n lisensie te bekom of die onderneming waarop 'n lisensie betrekking het;
- Verhore en ondersoeke uit te voer oor die optrede van lisensiehouers of met betrekking tot enige aangeleentheid wat die Raad ingevolge die Wet moet administreer;
- Onwettige dobbelaktiwiteite te bespeur en hulp te verleen aan die betrokke regeringsagentskappe met die vervolging daarvan;

- Belasting en heffings wat aan die provinsiale fiskus verskuldig is en alle statutêre fooie soos voorgeskryf deur die Wet te administreer, te bereken en in te vorder;
- Deurlopende navorsing oor dobbelary en wedrenne in die Provinsie en elders uit te voer om op hoogte te bly van tekortkominge in die Wet en regulatoriese praktyke van die Raad;
- Regulatiewe forums en konferensies by te woon om op hoogte te bly van die jongste verwikkelinge in die bedryf; en
- Oor die algemeen alle bevoegdhede uit te voer en funksies te verrig wat in die Wet bepaal en deur enige ander wetgewing opgelê word.

Handves van die Raad

Die Raad se bevoegdhede en funksies word in die Wet bepaal. Die Raad het 'n handves vir elke subkomitee aanvaar waarin hul mandate uiteengesit is. Die Raad hersien jaarliks sy korporatiewe regeringsbestuur..

Inligting oor Raadslede soos op 31 Maart 2025

Naam	*Posbenaming (volgens die openbare entiteit se raadstruktuur)*	Datum aangestel	Datum bedank/ Termyn verstryk	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raads-direkteur-skappe (lys die entiteite)	Getal Raads-vergade-rings gehou	Getal Raads-vergade-rings bygewoon	Ander komitees (bv. Ouditkomitee)	Getal komitee-vergade-rings gehou	Getal komitee-vergade-rings bygewoon	Totale getal vergade-rings bygewoon
Mnr. C.A. Bassuday	Raadslid	1 April 2016	31 Maart 2019	B.Proc. LLB LLM NG-Diploma in Strafreg & Forensiese Oudit	Regte	Raadslid: Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne Raadslid: Wes-Kaapse Drankowerheid Regsadviseur: Universiteit van Kaapstad Alternatiewe lid: Wes-Kaapse Verbruikersake-tribunaal	23	22	Casino-komitee	4	3	36 van 38
	Raadslid, termyn verleng vir 1 jaar	1 April 2019	31 Maart 2020						Finansies & IT-komitee	6	6	
	Raadslid, heraangestel vir 3 jaar	1 April 2020	31 Maart 2023						LPM-komitee [*bywoning as alternatiewe lid]	[4]	1 of 1	
	Aanstelling as Voorsitter tot Raadslid-kontrak verval	16 Desember 2021	31 Maart 2023						Komitee oor Verantwoorde-like Dobbelary	4	4	
	Termyn as Raads-voorsitter en -lid vir 1 jaar verleng	1 April 2023	31 Maart 2024									
	Termyn as Raads-voorsitter en -lid vir 4 jaar verleng	1 April 2024	31 Maart 2028									

Naam	*Posbenaming (volgens die openbare entiteit se raadstruktuur)*	Datum aangestel	Datum bedank/ Termyn verstryk	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raads-direkteur-skappe (lys die entiteite)	Getal Raads-vergade-rings gehou	Getal Raads-vergade-rings bygewoon	Ander komitees (bv. Ouditkomitee)	Getal komitee-vergade-rings gehou	Getal komitee-vergade-rings bygewoon	Totale getal vergade-rings bygewoon
Mnr. M. Burton	Raadslid	1 April 2023	31 Maart 2027	BCompt Hons GR (SA)	Oudit- en Rekeningkunde Regerings-bestuur Strategiese Bestuur Finansies Prestasie-bestuur	CapeNature Raad Cullinan Holdings Ltd Burvyn Importers and Traders BK Nasionale Finansiële Ombudsman MSW	23	22	Casino-komitee (*Bywoning as alternatiewe lid)	[4]	3 van 3	42 van 45
									Finansies & IT-komitee	6	6	
									Perde-wedrenne-en Weddery-komitee	5	4	
									LPM-komitee	4	3	
									Komitee oor Verantwoor-delike Dobbelary	4	4	

Naam	*Posbenaming (volgens die openbare entiteit se raadstruktuur)*	Datum aangestel	Datum bedank/ Termyn verstryk	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raads-direkteur-skappe (lys die entiteite)	Getal Raads-vergade-rings gehou	Getal Raads-vergade-rings bygewoon	Ander komitees (bv. Ouditkomitee)	Getal komitee-vergade-rings gehou	Getal komitee-vergade-rings bye-woon	Totale getal vergade-rings bygewoon
Mnr. A.S. Chetty	Raadslid	1 Mei 2024	30 April 2028	MBA in Sake-administrasie (Bestuur) MDP Bestuurs-diploma (Bestuur) Internasio-nale algemene sertifikaat in beroeps-gesondheid en veiligheid, VK HACCP Risikovlak 1 en 2-opleiding, Italië Sertifikaat: Bestuur van gesondheid en veiligheid in skole	Spanleierskap & Samewerking Bedryfsbestuur Opleiding & Mentorskap Risikobepaling Permit- en Werkoudits Begroting Onderhouds-bestuur Data-ontleding Toegangsbeheer Veiligheids-bestuur Strategiese beplanning Sake-ontwikkeling ISO18001 Ouditeur Fasiliteits-bestuur	Raadslid: Wes-Kaapse Raad op Dobbelary & Wedrenne Direkteur: TANA Corporation (Pty) Ltd	23	23	Casino-komitee Perde-wedrenne- en Weddery-komitee Komitee oor Menslike Kapitaal	[4] 5 [5]	3 van 3 5 4 van 4	35 van 35

Naam	*Posbenaming (volgens die openbare entiteit se raadstruktuur)*	Datum aangestel	Datum bedank/ Termyn verstryk	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raads-direkteur-skappe (lys die entiteite)	Getal Raads-vergade-rings gehou	Getal Raads-vergade-rings bygewoon	Ander komitees (bv. Ouditkomitee)	Getal komitee-vergade-rings gehou	Getal komitee-vergade-rings bygewoon	Totale getal vergade-rings bygewoon
Me. C. Fani	Raadslid	17 Mei 2017	16 Mei 2020	B-graad Open-bare Admini-strasie	Beleidsontleding en -ontwikkeling	Raadslid/ Onder-voorsitter: Wes-Kaapse Raad op Dobbelary & Wedrenne	23	22	Casino-komitee	4	3	33 van 37
	Raadslid, termyn verleng vir 1 jaar	17 Mei 2020	16 Mei 2021	B. Admin Honneurs Openbare Bestuur					Perde-wedrenne-en Weddery-komitee	5	4	
	Aanstelling as Voorsitter tot Raadslid-kontrak verval	14 Des. 2020	16 Mei 2021			Raadslid: Wes-Kaapse Drankowerheid			Komitee oor Menslike Kapitaal	5	4	
	Onder-voorsitter van die Raad en lid se termyn verleng	27 Mei 2021	26 Mei 2025			Raadslid: Ditsong Museums van Suid-Afrika Tribunaallid: Wes-Kaapse Huur-behuisings-tribunaal						

Naam	*Posbenaming (volgens die openbare entiteit se raadstruktuur)*	Datum aangestel	Datum bedank/ Termyn verstryk	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raads-direkteur-skappe (lys die entiteite)	Getal Raads-vergade-rings gehou	Getal Raads-vergade-rings bygewoon	Ander komitees (bv. Ouditkomitee)	Getal komitee-vergade-rings gehou	Getal komitee-vergade-rings bygewoon	Totale getal vergade-rings bygewoon
Me. A. Mvandaba	Raadslid	1 April 2023	31 Maart 2027	Meesters in Sake-administrasie (voortdurend) B. Rek. Honneurs	IDFRS, Maatskappye-wet, King-kode Finansiële modellering Finansiële state Prosesse en regerings-bestuur Beleggings	Raadslid Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne Nie-uitvoeren-de Direkteur: Founders Foun-dation Nie-uitvoeren-de Direkteur: African Phoenix Investments Raadslid: Wealthvest Investment Management	23	14	Lisensiërings-komitee	5	5	30 van 39
									Komitee oor Menslike Kapitaal	5	5	
									Raadsverteen-woordiger (sonder stemming) op die Oudit- en Risikokomitee	6	6	
Mnr. R.G. Nicholls	Raadslid Raadslid heraangestel vir 4 jaar	14 Des. 2019 5 Des. 2022	13 Des. 2022 4 Des. 2026	BCom Rhodes Universiteit GR (SA) CIA Rekenaar-oudits Kwalifikasie – NACCA Geregistreerde Rekenmeester en Ouditeur Medelid van die IOD	Finansies Regerings-bestuur Voldoening	Raadslid: Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne Suid-Afrikaanse Raad vir die Argitektuur-beroep Lid: TakeShape Properties BK Lid: Southern Ambition BK	23	21	Finansies & IT-komitee	6	5	40 of 43
									Lisensiërings-komitee	5	5	
									LPM-komitee	4	4	
									Komitee oor Verant-woordelike Dobbelary	4	4	
									Raadsverteen-woordiger (sonder stemming) op die Oudit- en Risikokomitee [*Bywoning as alternatiewe lid]	[6]	1 of 1	

Naam	*Posbenaming (volgens die openbare entiteit se raadstruktuur)*	Datum aangestel	Datum bedank/ Termyn verstryk	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raads-direkteur-skappe (lys die entiteite)	Getal Raads-vergade-rings gehou	Getal Raads-vergade-rings bygewoon	Ander komitees (bv. Ouditkomitee)	Getal komitee-vergade-rings gehou	Getal komitee-vergade-rings byge-woon	Totale getal vergade-rings bygewoon
Me. L. Venter	Raadslid Raadslid verleng vir 5 maande Raadslid heraangestel vir 4 jaar	6 Nov. 2020 6 Nov. 2023 1 April 2024	5 Nov. 2023 31 Maart 2024 31 Maart 2028	BCom (Regte) LL.B.	Regte	Raadslid: Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne Voorsitter van die Wes-Kaapse Verbruiker-saketribunaal (sedert April 2024)	23	23	Perde-wedrenne- en Weddery-komitee (*Bywoning as alternatiewe lid)	[5]	2 van 2	39 van 39
									Komitee oor Menslike Kapitaal	[5]	1 van 1	
									Lisensiërings-komitee	5	5	
									LPM-komitee	4	4	
									Komitee oor Verantwoorde-like Dobbelary	4	4	

[Syfers in hakies]* Dui op totale getal vergaderings gehou, maar nie verplig om by te woon nie a.g.v. 'n lid se termyn wat tydens die boekjaar begin of eindig

de van die Eksterne Oudit- en Risikokomitee

Naam	*Posbenaming (volgens die openbare entiteit se raadstruktuur)*	Datum aangestel	Datum bedank/ Termyn verstryk	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raads-direkteurskappe	Ander komitees (bv. Oudit-komitee)	Getal Komitee-vergade-rings gehou	Getal komitee-vergade-rings bygewoon
Mnr. L. Nene	Oudit- en Risikokomitee: Onafhanklike nie-uitvoerende lid en Voorsitter Aangestel as Voorsitter Heraanstelling as onafhanklike nie-uitvoerende lid vir 3 jaar Aangestel as Voorsitter totdat kontrak as ORK-lid verstryk	17 Februarie 2021 5 Junie 2023 13 Maart 2024 5 Maart 2025	16 Februarie 2024 16 Februarie 2024 12 Maart 2027 12 Maart 2027	BCom (Rekeningkunde) Nagraadse Diploma in Bestuur (spesialiseer in Korporatiewe Regerings-bestuur) Meester van Internasionale Sake CCSA (Sertifisering in Kontrole Selfassessering) –2006 GIA (SA) (Algemene Interne Ouditeur-SA) FIIASA (Genoot van die Instituut van Interne Oudiiteure SA) – 2013 Sertifisering in Risiko-bestuursekerheid (CRMA) – 2014 CCP (SA) - Gesertifi-seerde Voldoenings-deskundige van die Voldoeningsinstituut van Suid-Afrika CPrac (SA) Voldoeningspraktisyn Risikobestuurstrategieë in die openbare sektor Bestuurs-ontwikkelings-program	Korporatiewe regeringsbestuur Oudit (intern en ekstern) Risikobestuur Sakekontinuïteitsbestuur Voldoening Etiek Sakeprosesverbetering IT	Nie-uitvoerende Direkteur vir PetroSA Ghana SOC Ltd Nie-uitvoerende Direkteur vir PetroSA Equatorial Guinea SOC Ltd Stad Kaapstad Ouditkomitee ETDP Seta Ouditkomitee Coega Development Corporation (PTY) LTD, Ouditkomitee KVBA (Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie) Ouditkomitee Stellenbosch Munisipaliteit Ihub Nelson Mandela	Oudit- en Risikokomitee	6	5

Naam	*Posbenaming (volgens die openbare entiteit se raadstruktuur)*	Datum aangestel	Datum bedank/ Termyn verstryk	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raads-direkteurskappe	Ander komitees (bv. Oudit-komitee)	Getal Komitee-vergade-rings gehou	Getal komitee-vergade-rings bygewoon
Mnr. P. Mukheli	Oudit- en Risikokomitee: Onafhanklike nie-uitvoerende lid	5 Junie 2023	4 Junie 2026	BCom (Rek.) Hons BCom (Ouditkunde) Geoktrooieerde Rekenmeester (Suid-Afrika) Lid van Geoktrooieerde Instituut van Bestuursrekenmeesters (CIMA)	Opstel van finansiële jaarstate (IFRS) Implementering van rekeningkundige oplossings/ stelsels in Finansiesafdeling Begroting en kontantvloei-bestuur Bestuur en implementering van projeksie- rekeningkunde-oplossings in die bousektor Interne Ouditdienste en Konsultasie Forensiese/spesiale ondersoeke Advies en konsultasie oor ondernemingsrisikobestuur Korporatiewe Regeringsbestuur Omsigtigheidsondersoeke vir entiteite in munisipale besit Geïntegreerde interne ouditmodelle Ouditering in openbare sektor Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB) Voorkeurverkrygingsraamwerk Blootstelling aan omgewing van finansiële dienste (bankwese)	Uitvoerende Direkteur en Raadslid van Kankervereniging van Suid-Afrika (CANSA) Peloza Consulting	Oudit- en Risikokomitee	6	5

Naam	*Posbenaming (volgens die openbare entiteit se raadstruktuur)*	Datum aangestel	Datum bedank/ Termyn verstryk	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raads-direkteurskappe	Ander komitees (bv. Oudit-komitee)	Getal Komitee-vergade-rings gehou	Getal komitee-vergade-rings bygewoon
Mnr. Y. Rini	Oudit- en Risikokomitee: Onafhanklike nie-uitvoerende lid	13 Maart 2025	29 Februarie 2028	MCom Nagraadse Diploma in Rekeningkunde (CTA) Geregistreerde GR (SA)	Finansiële bestuur en verslagdoening Ouditkomitee (OK) - regeringsbestuur Sekerheid (intern en ekstern)	Ingquza Hill Plaaslike Munisipaliteit Nelson Mandela Bay Metropolitaanse Munisipaliteit Langeberg Plaaslike Munisipaliteit Clique Brokerage	Oudit- en Risiko-komitee	[6]	1 van 1
Mnr. A. Seymour	Oudit- en Risikokomitee: Onafhanklike nie-uitvoerende lid Heraangestel vir 1 jaar as Voorsitter van ORK	1 Maart 2022 30 April 2024	28 Feb. 2025 28 Februarie 2025	BCom (Rek.) Hons B Compt Geoktrooieerde Reken-meester (Suid-Afrika) Leierskap-ontwikkelingsprogram van die Raad op Bankwese	Bestuur: Strategiese beplanning en bestuur Finansiële verslagdoening en Tesourie Sake-oplossings Regeringsbestuur Kliëntbehoud	Direkteur: Boland 90 Interclub Hiking Competition MSW Direkteur: InnesFree Capital (Pty) Ltd Direkteur: Caban Capital Partners P\L	Oudit- en Risikokomitee	[6]	5 van 5

Raad- en Komiteelidmaatskap soos op 31 Maart 2025

Komitee	Getal vergade-rings gehou	Getal lede	Naam van lede
Raad	23	7	**Mnr CA Bassuday (Voorsitter)** **Mnr. M. Burton (lid)** **Mnr. A.S. Chetty (lid)** **Me. C. Fani (Ondervoorsitter)** **Me. A. Mvandaba (lid)** **Mnr. R.G. Nicholls (lid)** **Me. L. Venter (lid)**
Oudit- en Risikokomitee	6	3	**Mnr. L. Nene (Voorsitter)** **[Heraangestel as komiteelid op 13 Maart 2024.]** **Mnr. P. Mukheli (Eksterne nie-uitvoerende lid)** **Mnr. A. Seymour (Eksterne nie-uitvoerende lid0 [Termyn het op 28 Februarie 2025 verval.]** **Mnr. Y. Rini (Eksterne nie-uitvoerende lid) [Aangestel as komiteelid vanaf 13 Maart 2025.]** **Me. A. Mvandaba (Raadslid) [Raad se verteenwoordiger (sonder stemming) op die Oudit- en Risikokomitee]**
Casino-komitee	4	3	**Mnr. C.A. Bassuday (Voorsitter)** **Me. C. Fani (lid)** **Mnr. A.S. Chetty (lid)** **[Aangestel as komiteelid vanaf 10 Mei 2024.]**
Finansies- & IT-komitee	6	3	**Mnr. M. Burton (Voorsitter)** **Mnr. R.G. Nicholls (lid)** **Mnr. C. Bassuday (lid)**
Perde-wedrenne- en Weddery-komitee	5	3	**Mnr. M. Burton (Voorsitter)** **Me. C. Fani (lid)** **Mnr. A.S. Chetty (lid)** **[Aangestel as komiteelid vanaf 10 Mei 2024.]**
Komitee oor Menslike Kapitaal	5	3	**Me. C. Fani (Voorsitter)** **Me. A. Mvandaba (lid)** **Mnr. A.S. Chetty (lid)** **[Aangestel as komiteelid vanaf 10 Mei 2024.]** **Me. L. Venter (lid) [Vervang deur mnr. Cherry 10 Mei 2024.]**
Lisensiërings-komitee	5	3	**Mnr. R.G. Nicholls (Voorsitter)** **Me. A. Mvandaba (lid)** **Me. L. Venter (lid)**
LPM-komitee	4	3	**Me. L. Venter (Voorsitter)** **Mnr. M. Burton (lid)** **Mnr. R.G. Nicholls (lid)** **[Aangestel as komiteelid vanaf 10 Mei 2024.]** **Me. A. Mvandaba (lid)** **[Vervang deur mnr. Nicholls 10 Mei 2024.]**
Komitee oor Verantwoorde-like Dobbelary (KVD)	4	4	**Me. L. Venter (Voorsitter)** **Mnr. C. Bassuday (lid)** **Mnr. M. Burton (lid)** **Mnr. R.G. Nicholls (lid)**

REËLINGS RAKENDE VERGOEDING VAN DIE RAAD

Raadsvergaderings:

'n Gewone of spesiale vergadering waartydens die Raad beraadslaag en besluit oor aangeleenthede wat binne hul statutêre bevoegdhede en funksies val.

Die vergoeding vir Raadsvergaderings is 'n vasgestelde bedrag van R5 234.32, ongeag die tydsduur van die vergadering en sluit voorbereidings- en reistyd in. Raadslede word vergoed vir besigheidskilometers wat afgelê word.

Die vergoeding wat betaalbaar is vir die bywoning van Raadsvergaderings deur die Voorsitter, Ondervoorsitter en Waarnemende Voorsitter word hier onder uiteengesit:

VOORSITTER:

Raadsvergaderings: R6 736.32 per vergadering.
Raadskomitees en ander gebeure: R842.04 per uur tot 'n maksimum van 8 uur.

ONDERVOORSITTER:

Raadsvergaderings: R5 234.32 per vergadering.
Raadskomitees en ander gebeure: R654.29 per uur tot 'n maksimum van 8 uur.

WAARNEMING AS VOORSITTER

Raadsvergaderings: R5 864.80 per vergadering.
Raadskomitees en ander gebeure: R733.10 per uur tot 'n maksimum van 8 uur.

Raadskomitees en ander gebeure:

- Die vergoeding vir ander vergaderings en gebeure, soos komiteevergaderings en openbare verhore, is op 'n uurtarief gegrond. Benewens die tyd van bywoning, sluit dit ook tyd gereis, voorbereidingstyd en vergoeding vir kilometers gereis in.
- Die uurlikse bedrag is **R654.29** per uur.
- Hierdie vergoeding is betaalbaar tot die ekwivalent van 'n maksimum van 8 uur, plus kilometers afgelê.
- Lede moet aan die begin van elke vergadering vir die Sekretaris aandui wat hul voorbereidingstyd vir 'n spesifieke vergadering was.
- Die kilometers wat afgelê word in gevalle waar die roetes wissel van die gewone roete na die kantoor van die Raad toe, word ook individueel aan die Raadsekretaris voorsien.

VERGOEDING VAN RAADSLEDE

Naam	Vergoeding – Raads-vergaderings	Vergoeding – Komitee-vergaderings en Ander*	Vergoeding – Bywoning van konferensies	Onderhouds-toelae	Ander terugbetalings	Lid se totale vergoeding
	R	R	R	R	R	R
Mr CA Bassuday	145 175.04	163 458.61	85 757.76	17 575.47	7 073.88	419 040.76
Mr M Burton	113 040.40	148 486.63	19 997.44	-	11 134.09	292 658.56
Mr AS Chetty	113 040.40	90 038.05	-	-	22 658.27	225 736.72
Ms C Fani	114 273.04	102 127.07	56 546.72	16 780.29	11 237.21	300 964.33
Ms A Mvandaba	71 635.76	55 726.69	62 979.84	17 575.47	3 387.97	211 305.73
Mr RG Nicholls	107 806.08	129 417.26	41 169.68	11 754.11	8 880.65	299 027.78
Ms L Venter	118 039.76	117 239.70	24 996.80	-	15 058.85	275 335.11
Totaal	**783 010.48**	**806 494.01**	**291 448.24**	**63 685.34**	**79 430.92**	**2 024 068.99**

**Sluit ad hoc-vergaderings buiten Raads- en komiteevergaderings in, byvoorbeeld – vergaderings met Provinsiale Tesourie en die Provinsiale Minister van Finansies, asook tyd wat aan ander Raadsaangeleenthede bestee word.*

KOMITEE OOR OPENBARE REKENINGE (KOR), BESLUITE VOORTVLOEIEND UIT DIE 2023/24 JAARVERSLAG		
Datum van besluit	**Besonderhede**	**Vordering met implementering**
4 Oktober 2024	Die komitee neem kennis van die strategiese risiko's ten opsigte van tydelike werknemers wat aangestel word om die entiteit by te staan; insluitend die strukturering van werklas om hoë tydperke van tydelike indiensneming te verlig 7.4.1 Dat die entiteit die komitee inlig oor die maatreëls wat geïmplementeer is om 'n herhaling van hierdie aangeleentheid in die toekoms te matig en te voorkom.	Vir skedulering deur die KOR
	Die komitee neem kennis dat die entiteit nie die kwalifikasiekriteria vir die verkoop van ondernemings in staatsbesit kon bepaal nie, nie kriteria kon ontwikkel om vennootskappe met die privaat sektor aan te gaan nie, en nie kriteria kon bepaal om aansporings, toelaes en beleggingskemas ter ondersteuning van Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging toe te ken nie. 7.4.2 Dat die entiteit die komitee inlig oor die maatreëls wat geïmplementeer is om dié geïdentifiseerde uitdagings te hanteer.	Vir skedulering deur die KOR
	Die komitee neem kennis dat die grond en geboue in die lopende jaar deur middel van die herwaardasiemodel herwaardeer is, wat gelei het tot die erkenning van 'n wesenlike waardedalingsverlies van R4 297 946. Daarbenewens het die komitee kennis geneem dat die Raad 'n totale waardedalingsverlies van R4 297 944 ten opsigte van die grond en gebou erken het. Die waardedalingsverlies was as gevolg van die herwaardering van die gebou. Die Raad het die gebou teen 'n premie gekoop; verder het die Raad nieterugbetaalbare belasting op toegevoegde waarde ten bedrae van R3 300 000 betaal. Aangesien die Raad nie 'n BTW-ondernemer is nie, is die nieterugbetaalbare belasting nie deur die Raad verhaalbaar nie en het dit dus gelei tot die verhoogde waardedalingsverlies op die gebou. 7.4.3 Dat die entiteit die komitee oor hierdie aangeleentheid inlig, insluitend die totale koste om die eiendom te verkry en 'n verduideliking van die herwaardeerde model wat deur die Raad gebruik is.	Vir skedulering deur die KOR

STAANDE KOMITEE OOR FINANSIES, BESLUITE VOORTVLOEIEND UIT DIE 2023/24 JAARVERSLAG		
Datum van besluit	**Besonderhede**	**Vordering met implementering**
4 Oktober 2024	'n Gedetailleerde verslag vanaf die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne oor die bestuur van inisiatiewe oor Korporatiewe Maatskaplike Belegging ten opsigte van die verskillende dobbellisensiehouers.	Verslag is ingedien
	'n Gedetailleerde verslag oor die werk van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne met betrekking tot verantwoordelike dobbelary.	Verslag is ingedien

5. RISIKOBESTUUR

Die Raad is daartoe verbind om 'n instelling te vestig wat verseker dat risikobestuur 'n integrale deel van al sy aktiwiteite uitmaak en 'n kernvermoë is. Ondernemingsrisikobestuur (ORB) het ten doel om die voortgesette groei en sukses van die Raad te verseker. Die ORB-funksie help alle vlakke van die administrasie om die Raad se strategiese uitkomste te bereik deur middel van 'n stelselmatige benadering om die doeltreffendheid van risikobestuur en -kontrole te evalueer en te verbeter.

Die ORB is ontwerp om moontlike gebeure en tendense (gedefinieer as risiko's) te identifiseer wat die Raad se vermoë om sy strategiese uitkomste te bereik of sy bedrywighede te handhaaf, aansienlik kan beïnvloed, hetsy positief of negatief. Geïdentifiseerde risiko's word deur die ORB-proses teen die Raad se vlak van risikotoleransie geassesseer om redelike sekerheid te bied ten opsigte van die bereiking van die Raad se doelwitte.

Die Raad se doelwitte in die bestuur van risiko sluit in:

- Integreer risikobestuur by die kultuur en strategiese besluitneming van die WKRDW;
- Voorsien en reageer op veranderende maatskaplike, omgewings- en wetgewende toestande;
- Bestuur risiko in ooreenstemming met beste praktyk en demonstreer behoorlike omsigtigheid in besluitneming;
- Beskou wetlike voldoening as 'n minimum standaard;
- Balanseer die koste van die bestuur van risiko met die verwagte voordele; en
- Verhoog bewustheid oor die behoefte aan risikobestuur.

Die Raad en Uitvoerende Komitee is verantwoordelik vir toesighouding oor risikobestuur by die Raad, met die Uitvoerende Komitee wat bestuursondersteuning en advies lewer en beleide implementeer wat deur die Raad goedgekeur word. Die Raad hersien jaarliks saam met die Uitvoerende Komitee sy strategiese risiko's, Jaarlikse Prestasieplan en teikens as deel van die Raad se jaarlikse strategiese sessie. Hierdie risiko's word dan op 'n kwartaallikse grondslag hersien vir die suksesvolle implementering van versagtende kontrolemaatreëls en om te verseker dat alle geïdentifiseerde risiko's binne aanvaarbare toleransievlakke bestuur word.

Die rol as die Raad se aangestelde risikobestuursbeampte word beklee deur die Senior Administratiewe Beampte in die Kantoor van die Hoof- Finansiële Beampte, wat verantwoordelik is om die risikoregister en kwartaallikse risikoverslae te administreer. Die Risikobestuurskomitee bestaan uit die volledige Uitvoerende Komitee. Die Risikobestuurskomitee vergader kwartaalliks om die Raad se belangrikste strategiese risiko's en enige opkomende risiko's wat geïdentifiseer is, asook die status van versagtende aksieplanne voor te lê. Belangrike strategiese risiko's, versagtende aksies, asook opkomende risiko's wat geïdentifiseer is, word kwartaalliks aan die ORK en FIT-komitee gerapporteer. Alle vergaderings van die FIT-komitee- en Oudit- en Risikokomitee word deur die Hoof- Uitvoerende Beampte, die Hoof- Finansiële Beampte en die risikobeampte bygewoon, wat formeel op elke vergadering aan die komitee rapporteer.

Die Raad se subkomitee en FIT-komitee hersien die risiko's en risikoregister met 'n spesifieke klem op ontluikende risiko's. Die Oudit- en Risikokomitee dien as die Risikokomitee met toesig oor onder meer die risiko's van die Raad. Die Risikokomitee word bygestaan deur die uitbestede Interne Oudit-funksionaris en doen verslag aan die Raad.

Die Kantoor van die Raad het gedurende die finansiële oorsigtydperk die volgende uitgevoer:
- Kwartaallikse hersiening van die Risikoregister deur die Uitvoerende Komitee
- Kwartaallikse verslagdoening aan die ORK, FIT-komitee en die Raad.

Die belangrikste strategiese risiko's waarvoor die Raad te staan kom, asook die relevante versagtende kontrolemaatreëls wat geïmplementeer is, word hier onder uiteengesit:

Strategiese risiko's	Versagtende kontroles
SR1: Onvermoë van die entiteit om sy mandaat uit te voer.	1. Befondsing ingevolge die WOFB 2. Voldoende begrotingsproses (hulpbronbeplanning) 3. PT-regsdienste het 'n mening uitgespreek om tydlyne vir die tydige aanstelling van Raadslede te bevestig. 4. Die status van aanstelling van Raadslede word deur die Skakelingskomitee oor Dobbelary (SKD) bespreek 5. Die Raad pas die herskedulering van vergaderings toe en in noodgevalle word "rondomtalie"-prosesse gebruik om te verseker dat die Raad doeltreffend bly. 6. Volgetal Raadslede tot die einde van die boekjaar 2024/2025 7. Kwartaallikse vergaderings met die Minister gehou 8. Aanstelling van tydelike personeel/interns om met hulpbronbeperkings te help 9. Vergaderings met LUR, SKD en ander interaksies met belanghebbendes

Strategiese risiko's	Versagtende kontroles
SR2: Ondoeltreffende en oneffektiewe entiteit.	1. Hersien die Wet, wanneer nodig, en doen voorleggings aan PT en Minister om wysigings aan die Wet aan te beveel, soos en wanneer geregverdig. 2. Interaksie met lisensiehouers om vertolking van wetgewing uit te klaar 3. Regsadvies/-menings wanneer nodig 4. Die status van aanstelling van Raadslede word deur die Skakelingskomitee oor Dobbelary (SKD) bespreek 5. Befondsing ingevolge die WOFB 6. Voldoende begrotingsproses (hulpbronbeplanning) 7. Veelvlakkige hersieningsproses 8. Implementering van die Werkplekvaardigheidsplan (WVP) 9. Ondersoek en hersiening van inligting deur verskeie subkomitees van die Raad 10. Interaksie met belanghebbendes wanneer nodig 11. WVP, opleiding, konferensies, nasionale forums 12. Kwartaallikse interaksie tussen Ministerie en WKRDW 13. Aanstelling van tydelike personeel/interns om met hulpbronbeperkings te help 14. Vergaderings met LUR, GLC en ander interaksies met belanghebbendes
SR3: Ondoeltreffende en oneffektiewe aanwending van die entiteit se hulpbronne.	1. WVP, opleiding, konferensies, nasionale forums 2. Behoorlike beplannings- en begrotingsprosesse 3. Gereelde interaksies met personeel 4. Struktureer werklading om uitermatige tydperke te verlig 5. Aanstelling van tydelike personeel/interns om met hulpbronbeperkings te help
SR4: Verlies aan belang-hebbendes se vertroue.	1. Deurlopende, relevante interaksie met belanghebbendes 2. Openbare skakeling 3. Aanstelling van tydelike personeel/interns om met hulpbronbeperkings te help 4. Hersien die Wet, wanneer nodig, en doen voorleggings aan PT en Minister om wysigings aan die Wet aan te beveel, soos en wanneer geregverdig. 5. Vergaderings met LUR, GLC en ander interaksies met belanghebbendes
SR5: Ontwrigting van kritieke sake-bedrywighede.	1. Sakekontinuïteitsbestuursplan is in plek om ná 'n ramp of nadelige voorval die uitvoering van kritieke sakedienste te handhaaf 2. Sakekontinuïteitsplan word jaarliks in reaksie op ontwrigtings vir alle WCGRB-sakebedrywighede hersien 3. Diensvlakooreenkomste in plek 4. Bieërs word vereis om voldoende professionele vrywaringsversekering asook aanspreeklikheidsversekering te hê
SR6: Nie-voldoening van wetgewende vereistes.	1. Gereelde hersiening (insluitend konsultasie met belanghebbendes) en goedkeuring van beleide en prosedures 2. Departement Regsdienste teken in op regspublikasies 3. Nasionale en Provinsiale Tesourie kommunikeer praktyknotas en omsendbriewe 4. Ontwikkeling van nuwe beleide in konsultasie met belanghebbendes. 5. Induksie vir nuwe personeel en raadslede 6. Kommunikasie en werkswinkel in verband met nuwe beleide en beleidsveranderinge 7. Interne beleide op die intranet gepubliseer en eksterne beleide op die internet (webwerf) gepubliseer 8. Deelname aan bedryfs- en regulatoriese forums 9. Opleiding en werkswinkels oor beleide en wetgewing
SR8: Ongeskikte persone word vir lisensiëring aanbeveel.	1. Proses vir verklaring van belange 2. Implementering van opleidingsbehoeftes vir personeel wat deur die Werkplekvaardigheidsplan geïdentifiseer is 3. Gebruik van interne en eksterne bronne vir verifikasies 4. Uitvoering van standaardbedryfsprosedures 5. Veelvlakkige hersieningsproses 6. Aanstelling van tydelike personeel/interns om met hulpbronbeperkings te help

Strategiese risiko's	Versagtende kontroles
SR9: Onvermoë om nievoldoening aan wetgewende bepalings en regulatoriese vereistes vas te stel.	1. Bywoning van bedryfspesifieke konferensies, werkswinkels en opleidingsforums, sowel nasionaal as internasionaal 2. Proses vir verklaring van belange 3. Voldoening aan die departement SBP en MH-beleide 4. Inligtingsessies met hoofde ná oudits, indien nodig 5. Veelvlakkige hersieningsproses 6. Gereelde interaksies met belanghebbendes in die bedryf 7. Aanstelling van tydelike personeel/interns om met hulpbronbeperkings te help
SR10: Onvermoë om onwettige dobbel-bedrywighede te bespeur en te sluit	1. Gereelde interaksie met afdwingingsagentskappe 2. Bywoning van vergaderings van Afdwingingsforum 3. Opleiding verskaf aan afdwingingsbeamptes, waar nodig 4. Netwerk van vertroulike informante 5. Jaarlikse werkswinkel oor afdwinging 6. Opvolg oor bewerings oor onwettige dobbelary 7. Openbare bewusmakingsprogramme 8. Uitvoering van standaardbedryfsprosedure vir die ondersoek van onwettige dobbelaktiwiteite
SR11: IKT-stelsels en -oplossings is nie funksioneel, betroubaar, innoverend en veilig nie.	1. Behoorlike beplanning, begroting (sluit finansiële en menslike hulpbronne in), kapasiteit (getal personeel) en vaardige hulpbronne 2. Geïmplementeerde sekuriteitskontroles 3. Geïmplementeerde beleide en prosedures 4. Voortdurende monitering, administrasie en bestuur van die IKT-omgewing 5. Geïmplementeerde IKT RHP, opwekker- en UPS-vermoëns 6. Deurlopende bywoning van opleiding, seminare, vergaderings vir talentontwikkeling 7. Rapportering aan toesigkomitees oor IKT-verwikkelinge 8. Implementering van aanbevelings na hersiening van kubersekuriteit 9. Implementering van die WBPI-beleid en -prosedures 10. Gevestigde verhoudings met die oorspronklike toerustingvervaardiger (OTV) vir enige toerustingsvereistes / mislukkings / logistiek

6. INTERNE KONTROLE-EENHEID

Die Raad het nie 'n eie Interne Oudit-eenheid nie, maar bestee hierdie funksie uit aan firmas met toepaslike ervaring en personeel wat professionele lidmaatskap by die Instituut vir Interne Ouditeure of die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure het. Die Raad het MNB Chartered Accountants tot 31 Julie 2025 as die interne ouditeure aangestel. Hierdie kontraktermyn is tot 30 September 2025 verleng.

7. INTERNE OUDIT EN OUDIT- EN RISIKOKOMITEE

Die Raad se toesig oor risikobestuur is aan die Oudit- en Risikokomitee gedelegeer met die doel om die Raad by te staan met die uitvoering van sy pligte ingevolge die WOFB.

In hierdie verband hou die Oudit- en Risikokomitee toesig oor die volgende:
- Dat beleide ingestel is om risiko's te identifiseer, te versag en te beheer;
- Dat 'n stelsel geïmplementeer is om beide risiko's en interne kontrolestelsels te hersien;
- Dat 'n stelsel geïmplementeer is om ontluikende risiko's te identifiseer en bestaande kontroles te evalueer;
- Dat 'n doeltreffende stelsel van interne kontrole bestaan; en
- Dat alle onversekerde risiko's toepaslik hersien en bestuur word.

Die uitbestede Interne Oudit-funksionaris rapporteer administratief aan die HUB en funksioneel aan die Oudit- en Risikokomitee. Internasionale Standaarde vir die Professionele Praktyk van Interne Ouditering (IIO) 1312 vereis dat 'n eksterne assessering ten minste een keer elke vyf jaar deur 'n gekwalifiseerde, onafhanklike assessor of assesseringspan van buite die organisasie uitgevoer word. Die Raad se interne-ouditfunksie is gedurende die 31 Maart 2022-boekjaar ingevolge Standaard 1312 geassesseer. Die aanbevelings wat uit hierdie assessering voortspruit, word tans geïmplementeer.

Die bywoning van vergaderings van lede van die Oudit- en Risikokomitee word hier onder aangedui:

NAAM VAN LID	GETAL VERGADERINGS BYGEWOON
1. Mnr. L. Nene [Voorsitter van Oudit- en Risikokomitee] [Aangestel as lid vanaf 17 Februarie 2021 tot 16 Februarie 2024, heraanstelling op 13 Maart 2024 tot 12 Maart 2027.] [Aangestel as Voorsitter vanaf 5 Maart 2025 tot 12 Maart 2027.]	5 van 6
2. Mnr. P. Mukheli [aangestel vanaf 5 Junie 2023 tot 4 Junie 2026.]	5 van 6
3. Mnr. Y. Rini [aangestel vanaf 13 Maart 2025 tot 29 Februarie 2028.]	1 van 1
4. Mnr. A. Seymour [aangestel vanaf 1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2025.]	5 van 5

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, posisie in die Raad	Datum aangestel	Datum bedank	Getal vergade-rings bygewoon
Mnr. L. Nene	BCom (Rekeningkunde) Nagraadse Diploma in Bestuur (spesialiseer in korporatiewe regeringsbestuur) Meester van Internasionale Sake	Ekstern	Nie van toepassing nie	Datum van heraanstelling: 13 Maart 2024	Nie van toepassing nie	5 van 6
P. Mukheli	Hons BCom (Ouditkunde)	Ekstern	Nie van toepassing nie	5 Junie 2023	Nie van toepassing nie	5 van 6
Y. Rini	MCom, geregistreerde GR (SA)	Ekstern	Nie van toepassing nie	13 Maart 2025	Nie van toepassing nie	1 van 1
A. Seymour	B. Compt. Hons GR (SA)	Ekstern	Nie van toepassing nie	1 Maart 2022	Nie van toepassing nie	5 van 5

8. VOLDOENING AAN WETTE EN REGULASIES

Die Raad implementeer beleide en prosesse om voldoening aan alle tersaaklike wette en regulasies te verseker. Die Raad het die wette en regulasies wat hy verplig is om aan te voldoen, geïdentifiseer en het 'n raamwerk geïmplementeer om te verseker dat al sy personeel aan al hierdie wette en regulasies voldoen.

Die Raad se Departement Regsdienste is ingeteken op verskeie aanlyn regsdienste-instellings wat kennisgewings oor nuwe of gewysigde wetgewing verskaf en 'n platform bied om uitsprake in verskillende hofsake te identifiseer. Die Departement Regsdienste identifiseer die veranderinge met behulp van hierdie intekeninge en stel werknemers van die veranderinge en enige ontleding daarvan in kennis. Vir die boekjaar 2024/2025 het die Raad geen sanksies vir die oortreding van enige wette of regulasies ontvang nie.

9. BEDROG EN KORRUPSIE

Die Raad het 'n Beleid oor Bedrog en Anti-korrupsie geïmplementeer wat in die oorsigjaar hersien is. Die prosedures sluit 'n nasionale blitslyn en 'n houer vir anonieme aanmelding in. Die Raad se Komitee oor Bedrog en Anti-korrupsie is toegerus om enige aangemelde voorvalle van bedrog te evalueer, en die Kantoor van die Raad meld enige gerapporteerde voorvalle by die FIT-komitee en die Oudit- en Risikokomitee aan.

10. MINIMERING VAN BELANGEBOTSING

Raadslede van die WKRDW voltooi aan die begin van elke boekjaar 'n lys van alle belange wat moontlik strydig met hul pligte as Raadslede kan wees. Raadslede word vereis om voor elke Raads- of komiteevergadering enige belang wat hulle in enige aangeleentheid op die agenda het, te verklaar.

Raadslede moet met enige belangebotsing die Voorsitter daarvan verwittig en óf hulself verskoon óf aan die bespreking deelneem as die Raad beslis dat daar geen wesenlike belangebotsing bestaan nie. Daar word ook van WKRDW-werknemers verwag om tydens Raad- en komiteevergaderings enige belangebotsing te verklaar, asook oor enige bespreking, onderhoud en besluite wat deur die Kantoor geneem word.

Die Raad hou vol met die pogings om onafhanklikheid te verseker, asook om as onafhanklik beskou te word. Alle transaksies word op armlengte gedoen en die bedryf is ten volle bewus van die Raad se praktyk om nie geskenke te aanvaar nie, en bied dit dus nie meer aan die Raad aan nie. Die Ouditeur-generaal toets ook vir enige belangebotsing tydens met die jaarlikse oudit.

11. GEDRAGSKODE

Die Gedragskode vorm die kern van die bereiking van die Raad se missie om openbare vertroue en geloof te kweek en om 'n stabiele, regverdige, bestendige en doeltreffende regulatoriese omgewing daar te stel. Die Kode vereis die lewering van hoë standaarde deur werknemers van die Raad en Raadslede te lei met betrekking tot beste praktyk en die volgehoue verbetering van standaarde. Voldoening aan die Gedragskode word streng toegepas en gemonitor en enige oortredings daarvan word ingevolge die Raad se dissiplinêre kode en prosedure hanteer.

Die Gedragskode is geredelik aanlyn beskikbaar vir alle werknemers en Raadslede op die Raad se intranet, waartoe elke individu toegang het. Wanneer 'n nuwe werknemer in diens gestel word en Raadslede aangestel word, vorm die Kode deel van die induksiedokumentasie, waarvoor alle individue 'n erkenning van ontvangs moet onderteken.

12. GESONDHEID-, VEILIGHEID- EN OMGEWINGSKWESSIES

Die Raad het 'n gevestigde Beroepsgesondheid- en Veiligheidskomitee (WBV-komitee) wat kragtens die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993) ingestel is. Die WBV-komitee wat verteenwoordigend is van al die Raad se departemente, vergader teen vasgestelde kwartaallikse tussenposes gedurende die jaar om die status van gesondheid en veiligheid by die Raad te evalueer en enige aangeleenthede wat opduik te behandel.

13. MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die Raad het nie 'n maatskappysekretaris nie. Mnr. Brink is egter as die Raadsekretaris aangestel.

14. MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID

Hoewel die Raad self nie enige programme oor maatskaplike verantwoordelikheid vir die jaar gehad het nie, lê die Raad sekere voorwaardes aan lisensiehouers op om te verseker dat hulle hulpbronne toeken om behoeftige gemeenskappe te ondersteun.

Die Raad werk in vennootskap met verskeie maatskaplike staatsinstellings en word verteenwoordig in die verskillende gemeenskapsuitreikprogramme om gemeenskappe oor die Raad en die maatskaplike euwels van dobbel in te lig.

15. VERSLAG VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE

Dit is vir ons aangenaam om ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2025 aan te bied.

Lede van die Oudit- en Risikokomitee en bywoning

Die Oudit- en Risikokomitee bestaan uit die lede hieronder genoem en vergader ten minste vier keer per jaar ingevolge die goedgekeurde verwysingsraamwerk.

NAAM VAN LID	GETAL VERGADE-RINGS BYGEWOON
1. Mnr. L. Nene [Voorsitter, Oudit- en Risikokomitee] [Aangestel vanaf 17 Februarie 2021 tot 16 Februarie 2024. Aangestel as Voorsitter vanaf 5 Junie 2023 tot 16 Februarie 2024. Heraanstelling op 13 Maart 2024 tot 12 Maart 2027, heraanstelling van Voorsitter op 05 Maart 2025 tot 12 Maart 2027.]	5 van 6
2. Mnr. P. Mukheli [aangestel vanaf 5 Junie 2023 tot 4 Junie 2026.]	5 van 6
3. Mnr. Y. Rini [aangestel vanaf 13 Maart 2025 tot 29 Februarie 2028.]	1 van 1
4. Mnr. A. Seymour [aangestel vanaf 1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2025.]	5 van 5

Mnr. Linda Nene
Voorsitter van die Oudit- en Risikokomitee

Ses vergaderings is gedurende die boekjaar 2024/25 gehou en lede se bywoning word in die tabel hier bo aangedui.

Verantwoordelikheid van die Oudit- en Risikokomitee

Die Oudit- en Risikokomitee het al hul verantwoordelikhede nagekom, soos uiteengesit in artikel (51)(a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 27.1.10. Die komitee het 'n toepaslike formele verwysingsraamwerk aanvaar, soos uiteengesit in die Handves van die Oudit- en Risikokomitee, hul mandaat in ooreenstemming met hierdie handves uitgevoer, en hul verantwoordelikhede dienooreenkomstig nagekom.

Die komitee het hul jaarlikse selfassessering uitgevoer ten opsigte van hul eie voldoening aan die vereiste funksies ingevolge die King IV-verslag oor Korporatiewe Regeringsbestuur, hul handves en verwysingsraamwerk, die betrokke Nasionale Tesourieregulasies en die Wet op Openbare Finansiële Bestuur. Die komitee het aan al die vereistes voldoen.

Vergaderings

Die eksterne en interne ouditeure woon komiteevergaderings by, het onbeperkte toegang tot die komitee en die voorsitter daarvan, en kry geleenthede om met die komitee te skakel sonder bestuur se teenwoordigheid, wat dus hul onafhanklikheid verseker.

Die komitee het verslae hersien wat deur die eksterne en interne ouditeurs ingedien is. Die uitkomste van hierdie hersienings is gereeld deur die Oudit- en Risikokomitee se ex officio-verteenwoordiger en jaarliks deur die Voorsitter aan die Raad gerapporteer.

Die doeltreffendheid van interne kontrole

Ons hersiening van die bevindings van Interne Oudit, gegrond op risikobepalings wat uitgevoer is, het sekere swakpunte aan die lig gebring. Dit is na bestuur verwys en regstellende stappe is óf geïmplementeer óf is besig om geïmplementeer te word om die geïdentifiseerde risiko's te versag.

Die stelsel van interne kontroles is ontwerp om kostedoeltreffende sekerheid te gee dat bates beveilig is en dat laste en bedryfskapitaal doeltreffend bestuur word. Die stelsel wat deur die WKRDW vir finansiële en risikobestuur toegepas word, word as doeltreffend, effektief en deursigtig geassesseer.

In ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en die King IV-verslag oor Korporatiewe Regeringsbestuur, verskaf Interne Oudit sekerheid aan sowel die Oudit- en Risikokomitee as bestuur dat interne kontroles gepas en doeltreffend is. Hierdie sekerheid word bereik deur risikobestuursprosesse en die identifisering van regstellende stappe en aanbevole verbeterings.

Geen wesenlike tekortkominge in die stelsel van interne kontrole is in die verslae van die interne ouditeure, die ouditverslag oor die finansiële jaarstate of die bestuursverslag van die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika geïdentifiseer nie.

Die Oudit- en Risikokomitee is tevrede dat die uitbestede funksie van interne oudit doeltreffend funksioneer en dat die versagtings en kontrolemaatreëls in verband met die risiko's wat relevant is vir die WKRDW, voldoende gedek is.

Interne ouditwerk wat voltooi is

Die volgende interne-oudithersienings is gedurende die oorsigjaar voltooi om die implementering en doeltreffendheid van interne kontroles op verskeie gebiede te assesseer:

- Prestasie-inligting oor voorafbepaalde doelwitte (VBD'e)
- Opvolgwerk oor vorige interne- en eksterne-ouditbevindings
- Bestuur van sakekontinuïteit
- Hersiening van kubersekuriteitsrisiko
- Hersiening van voorsieningskettingbestuur
- Hersiening van inkomste
- Hersiening van IT-departement (IKT-opvolg- en toepassingskontroles)
- Hersiening van die Departement Regulatoriese Voldoening
- Hersiening van die WKRDW se regeringsbestuursprosesse
- Kantoor van die Hoof- Uitvoerende Beampte en die Raad
- Hersiening van die Departement Lisensiëring
- Hersiening van die Department Finansies en Administrasie
- Hersiening van ondernemingsrisikobestuur
- Hersiening van die Menslike Hulpbronne-afdeling

In-jaar-bestuurs- en kwartaalverslag

Die WKRDW het kwartaalverslae aan die Uitvoerende Gesag voorgelê. Die Oudit- en Risikokomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die verslae wat gedurende die oorsigjaar saamgestel en uitgereik is.

Finansiële funksie

Die samestelling van finansiële verslae, insluitend die finansiële jaarstate, is onder die toesig van me. Z. Siwa, GR (SA), voltooi. Na hersiening is die komitee tevrede dat die kundigheid en ervaring van me. Siwa, die Hoof- Finansiële Beampte, geskik is.

Die komitee het hul kommer teenoor die Raad uitgespreek oor die huidige kapasiteits- en hulpbronbeperkings in die finansiële funksie met betrekking tot die behoeftes van die WKRDW. Kennis word geneem dat die aangeleentheid deur die Raad na die Uitvoerende Gesag geëskaleer is.

Gekombineerde sekerheid

Die Raad het regdeur die organisasie gekombineerde sekerheid geïmplementeer. Sekerheid word op 'n gekoördineerde wyse van verskeie verskaffers verkry om duplisering van pogings te verhoed en toepaslike risikodekking te verseker.

Die Interne Oudit-plan word in oorleg met bestuur op grond van 'n risikogegronde metodologie saamgestel. Daarbenewens is daar samewerking tussen interne en eksterne ouditeure. Die komitee het vir die boekjaar 2024/2025 die risiko's oorweeg wat deur bestuur voorgelê is, die planne van die interne en eksterne ouditeure geëvalueer en goedgekeur, en die uitkomste van hul ouditwerk hersien.

Die komitee is tevrede dat die werk van die onafhanklike sekerheidsverskaffers, tesame met bestuur se interne kontroles, voldoende sekerheid bied.

Evaluering van finansiële state

Die Oudit- en Risikokomitee het:

- Die geouditeerde finansiële jaarstate wat deur die WKRDW opgestel is, met die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika, bestuur en die Raad hersien en bespreek;
- Die Ouditeur-generaal se bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop hersien;
- Die WKRDW se voldoening aan wetlike en regulatiewe bepalings hersien; en
- Ouditaanpassings voortspruitend uit die ouditproses hersien.

Interne ouditeure

Die komitee het die onafhanklikheid en doeltreffendheid van die Interne Oudit-funksie oorweeg. Die komitee het ook die Interne Oudit-handves en die Interne Oudit-plan vir 2024/25 hersien en goedgekeur. Op grond van verklarings van die interne ouditeure is die komitee tevrede dat die sekerheid wat verskaf is, met die Etiese Kode van die Instituut van Interne Ouditeure ooreenstem.

Interne Oudit-verslae word by elke komiteevergadering voorgelê en bied insig in die omgewing van interne kontrole. Die komitee is tevrede met die doeltreffendheid van die Interne Oudit-funksie.

Eksterne ouditeure

Die Oudit- en Risikokomitee is tevrede met die onafhanklikheid en objektiwiteit van die eksterne ouditeure. Die assessering het oorweging van ander dienste wat gelewer is ingesluit, asook voldoening aan kriteria ten opsigte van onafhanklikheid en belangebotsing, soos voorgeskryf deur die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure (ORRO).

Die komitee het aanbeveel dat die Raad die ouditstrategie vir die 2024/25-oudit goedkeur. Die prestasie en optrede van die eksterne ouditeure vir die verslagtydperk is ook geëvalueer en die komitee is tevrede met die gehalte van die eksterne ouditfunksie.

Die komitee het die Raad se implementeringsplan vir ouditkwessies wat in die vorige jaar geopper is, hersien en is tevrede dat daardie aangeleenthede voldoende opgelos is of tans in die proses is om opgelos te word.

Die Oudit- en Risikokomitee stem ooreen met en aanvaar die Ouditeur-generaal se gevolgtrekkings oor die finansiële jaarstate en beveel aan dat die geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar word en saam met die verslag van die Ouditeur-generaal gelees word.

Mnr. Linda Nene FIIA (SA), CPrac (SA), CCSA, CRMA
Voorsitter van die Oudit- en Risikokomitee van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
Datum: 31 Julie 2025

16. PRESTASIE-INLIGTING OOR BBSEB-NAKOMING

Die volgende tabel is saamgestel in ooreenstemming met voldoening aan die BBSEB-vereistes van die BBSEB-wet van 2013 en soos bepaal deur die riglyn van die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging.

Het die openbare entiteit enige toepaslike kode van goeie praktyk (BBSEB-sertifkaatvlak 1-8) ten opsigte van die volgende toegepas:		
Kriteria	**Antwoord Ja / Nee**	**Bespreking**
Word kwalifikasiekriteria vir die uitreiking van lisensies, konsessies of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese aktiwiteit ingevolge enige wet bepaal?	Ja	Die Raad skryf lisensievoorwaardes voor aan die verskillende sektore van die bedryf, wat bepaal dat ’n minimum BBSEB-vlak van voldoening behaal moet word. Verder moet hul status bevestig word in ’n verifikasiesertifikaat wat deur ’n geakkrediteerde verifikasieagentskap uitgereik word.
Is ’n voorkeurverkrygingsbeleid saamgestel en geïmplementeer?	Ja	Die Raad het ’n VKB-beleid geïmplementeer, met inagneming van die vereistes soos uiteengesit in die Tesourieregulasies, Tesourie-instruksies, die Regulasies insake Voorkeurverkryging en alle toepaslike wetgewing met betrekking tot voorsieningskettingbestuur.
Is kwalifikasiekriteria vir die verkoop van ondernemings in staatsbesit vasgestel?	Nee	Die Raad is nie ’n onderneming in staatsbesit nie.
Is kriteria vir die aangaan van vennootskappe met die privaat sektor ontwikkel?	Nee	Die Raad is nie ’n dienslewering sentiteit nie. Dit is ’n regulatoriese en lisensiëringsowerheid.
Is kriteria vir die toekenning van aansporings, toelaes en beleggingskemas ter ondersteuning van Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging vasgestel?	Nee	Die Raad sal sodanige kriteria stel soos en wanneer aansporings, toewysings en beleggingskemas ter ondersteuning van swart ekonomiese bemagtiging aangebied word.

DEEL D:

Menslikehulpbronbestuur

1. INLEIDING

Die Raad het vanaf 31 Maart 2025 'n goedgekeurde organisasiestruktuur wat uit 115 posisies bestaan. 74 van hierdie posisies word tans befonds, 65 word beklee en 9 is nog vakant.

Die toename in die totale getal poste is as gevolg van 'n onlangse hersiening van die organisatoriese struktuur, wat gedui het op die behoefte aan bykomende kapasiteit om die groei van die dobbel- en wedderybedryf – gereguleer deur die Raad – te ondersteun en om deurlopende voldoening aan ontwikkelende regulatoriese vereistes te verseker.

Die volle implementering van die hersiene struktuur word egter deur befondsingsbeperkings belemmer. Bykomende befondsing is nodig om die nuutgeskepte poste te aktiveer en te vul ten einde die beoogde voordele van die strukturele hersiening toe te pas en te verseker dat die Raad voldoende hulpbronne het om sy mandaat na te kom.

Die Menslike Hulpbronne-afdeling verskaf omvattende dienste en strategiese ondersteuning aan die WKRDW. MH se verantwoordelikheid strek oor 'n wye reeks funksies m.b.t. mensebestuur en organisasie-ontwikkeling, insluitend:

- Werwing en oriëntasie
- Talentverkryging en -bestuur
- Prestasiebestuur
- Vaardigheidsontwikkeling en opleiding
- Werknemer- en nywerheidsbetrekkinge
- Diensbillikheid en diversiteitsbestuur
- Beroepsgesondheid en veiligheid
- Werknemerwelstand en psigososiale ondersteuning
- MH-voldoen en wetgewende verslagdoening
- Beleidsontwikkeling, -hersiening en -implementering
- MR-rekords en inligtingsbestuur

Die administrasie van die betaalstaat word afsonderlik deur die Departement van Administrasie en Finansies bestuur.

OORSIG VAN DIE RAAD SE AANGELEENTHEDE OOR MENSLIKE HULPBRONNE (MH)

Die volgende MH-prioriteite is vir die oorsigjaar gestel:

- Om toepaslike gekwalifiseerde personeel te lok en aan te stel om te verseker dat die Raad beskik oor die vaardighede en bevoegdhede wat nodig is om sy strategiese en bedryfsdoelwitte na te kom.
- Die bevordering van diversiteit en billikheid in die werkmag, met die klem veral op die billike verteenwoordiging van aangewese groepe in alle beroepskategorieë en op alle vlakke, in ooreenstemming met die Raad se Diensbillikheidsplan.
- Belegging in voortdurende professionele ontwikkeling deur middel van geteikende opleidingsintervensies wat aan persoonlike ontwikkelingsplanne gekoppel is om werknemers se bevoegdhede te versterk en hoë prestasie te ondersteun.
- Die daarstelling en handhawing van 'n veilige en nakomende werkomgewing, gerig deur wetgewing en beste praktyke vir beroepsgesondheid en -veiligheid.
- Die bevordering van 'n prestasiegerigte kultuur wat onderstut word deur deursigtige prestasiebestuurstelsels wat verantwoordbaarheid en uitnemendheid ondersteun.
- Die daarstelling van 'n sorgsame en ondersteunende organisasiekultuur wat werknemers se welstand prioritiseer en 'n mensgesentreerde benadering bevorder.
- Die uitvoering van gereelde hersienings van MH-beleide om wetlike voldoening, reaksie op opkomende behoeftes van die werkmag en belyning met organisatoriese doelwitte te verseker.
- Die onderneming van posevaluerings om te verseker dat posbeskrywings, posbenamings en salarisstrukture gepas, billik en in lyn met veranderinge aan die organisasiestruktuur bly.

Raamwerk vir werkmagbeplanning en werwingstrategieë

Menslike Hulpbronne pas voortdurend die kernstrategieë toe om aan die uitdagings ten opsigte van die werkmag aandag te skenk. Daar word in die Raad se personeelbehoeftes voorsien deur die werwing en keuring van kandidate vir aanstelling volgens hul vermoë, ervaring en kwalifikasies om aan die posvereistes te voldoen.

Alle poste word intern en ekstern geadverteer om die breedste gehoor moontlik te bereik, veral onder aangewese groepe. Advertensieplatforms, insluitend internetgebaseerde media, word gekies op grond van kostedoeltreffendheid en die potensiaal om die toepaslike nasionale teikengehoor te bereik.

'n Deursigtige en objektiewe benadering word tydens aanstellings gevolg. 'n Verteenwoordiger van die Diensbillikheidskomitee is betrokke by die kortlysproses en word as waarnemer na onderhoude toe genooi. Die Menslike Hulpbronne-afdeling verseker verder dat alle onderhoude billik, konsekwent, deursigtig, niediskriminerend en in lyn met beste praktyke is.

Raamwerk vir prestasiebestuur van werknemers

Die Raad het 'n prestasiebestuurstelsel en 'n goedgekeurde Prestasiebestuursbeleid wat duidelike riglyne verskaf vir die meting en versterking van sowel werknemer as die organisasie se prestasie.

Die prestasiebestuursproses sluit 'n halfjaarlikse hersiening en 'n jaarlikse assessering in, met voortdurende monitering van operasionele teikens wat aan elke werknemer se prestasie-ooreenkoms gekoppel is.

Waar daar nie aan prestasieverwagtinge voldoen word nie, word gepaste stappe deur middel van 'n gestruktureerde proses vir swak prestasiebestuur ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge gedoen.

Werknemerwelstandsprogram

Die WKRDW erken sy verantwoordelikheid om psigososiale druk en persoonlike uitdagings waarvoor werknemers en hul gesinne te staan kom, te voorkom en/of te matig. Die Raad is daartoe verbind om 'n gesonde lewenstyl te bevorder en werknemerwelstand te ondersteun.

Daar is erkenning vir die feit dat onopgeloste persoonlike of werkverwante kwessies 'n negatiewe invloed op individue en die organisasie kan hê. Gevolge behels onder meer toenemende afwesigheid, lae moraal, verlaagde produktiwiteit, hoë personeelomset en die risiko van ongeskiktheid.

Die Werknemerwelstandsprogram (WWP) is ingestel om 'n sorgsame, ondersteunende en mensgesentreerde werkomgewing te bied. Die program is daarop gerig om werknemers te help om persoonlike, emosionele en sosiale uitdagings te bestuur wat moontlik hul prestasie en welstand kan beïnvloed.

Die WWP word gemonitor deur kwartaallikse en jaarlikse gebruiksverslae, wat die ontleding van tendense, risiko-identifisering, die impak op produktiwiteit en aanbevelings vir geteikende intervensies insluit. Dienste behels onder meer 'n deurlopende telefoniese beradingslyn, e-sorg, persoonlike berading, trauma-ondersteuning en reaksie op kritieke voorvalle.

Beleidsontwikkeling

Die Menslike Hulpbronne-afdeling hersien gereeld MH-beleide om belyning met toepaslike wetgewing en beste praktyke te verseker. Hierdie deurlopende evaluering is noodsaaklik om 'n billike werkomgewing wat aan wetgewing voldoen en doeltreffend is, te handhaaf.

Beleidsontwikkeling volg 'n omvattende konsultasieproses wat betrokke belanghebbendes behels – insluitend werknemers, bestuur en regsadviseurs – om breë deelname en verbintenis te verseker.

Prestasies

Die Menslike Hulpbronne-afdeling het gedurende die oorsigjaar die volgende bydraes gelewer:

- MH-beleide is hersien en bygewerk om voldoening aan wetgewing en voortdurende relevansie te verseker.
- Die werwing en keuring van bevoegde personeel ter ondersteuning van die WKRDW se strategiese en operasionele doelwitte is gefasiliteer.
- Die Werkplekvaardigheidsplan (WVP) en Verslag oor Implementering van Opleiding ingevolge CATHSSETA-vereistes is ingedien.
- Opleidings- en ontwikkelingsinisiatiewe, soos uiteengesit in die WVP, is gekoördineer.
- Die tydige indiening van die Verslag oor Diensbillikheid by die Departement van Arbeid, in ooreenstemming met die Wet op Diensbillikheid, is verseker.
- MH-inligtingsbestuurstelsels vir die verbetering van prosesdoeltreffendheid is versterk.
- Die Plan vir die Verandering van Organisasie- en Leierskapkultuur is geïmplementeer om 'n positiewe werkomgewing te bevorder.

- Die Werknemerbystandsprogram is bevorder om bewustheid en werknemerbetrokkenheid te verhoog.
- 'n Veilige en gesonde werkomgewing is vir alle personeel gehandhaaf.

Uitdagings

Een van die grootste uitdagings is die beperkte befondsing wat beskikbaar is om die hersiene organisasiestruktuur te implementeer. Hierdie struktuur is kritiek om te voorsien in die toenemende eise van die dobbelary- en wedrennebedryf en om met die organisasie se strategiese doelwitte te belyn.

Die Raad se struktuur het sedert die aanvang van die Raad grootliks onveranderd gebly, ten spyte van die aansienlike groei in die verantwoordelikhede met betrekking tot bedryfstoesig. Dit het bestaande personeel se werkladings verhoog, en druk op dienslewering en operasionele doeltreffendheid geplaas.

Verder beperk die plat organisasiestruktuur geleenthede vir loopbaanvordering, wat tot personeelomset lei. Ongeag die aansienlike belegging in opleiding en ontwikkeling, verlaat vaardige personeel dikwels die Raad om beter loopbaanvooruitsigte na te streef, en dit lei tot die verlies aan institusionele kennis en kundigheid.

Die Raad se vergoedingsvlakke is onder die bedryfsnorm, wat die vermoë beperk om vaardige deskundiges te lok en te behou. Die kombinasie van hoë werkladings en betreklik lae vergoeding het 'n nadelige uitwerking op personeelmoraal en het 'n invloed op motivering, betrokkenheid en prestasie.

Toekomstige MH-planne en strategiese doelwitte

Die Menslike Hulpbronne-afdeling sal voortgaan om hul inisiatiewe met die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne se Strategiese Plan en Jaarlikse Prestasieplan te belyn. Die volgende prioriteite is geïdentifiseer:

- Voortdurende belegging in personeelopleiding en -ontwikkeling, met 'n fokus op tegniese, leierskap- en nakomingsverwante bevoegdhede.
- Die aanlokking en behoud van hoogs presterende en vaardige werknemers om die Raad se ontwikkelende regulatoriese mandaat te ondersteun.
- Die implementering van die hersiene Diensbillikheidsplan, met geteikende maatreëls om onderverteenwoordiging van die aangewese groepe te behandel.
- Die handhawing van 'n veilige, gesonde en inklusiewe werkplek, in lyn met wetgewing oor beroepsgesondheid en veiligheid.
- Die versterking van 'n prestasiegedrewe kultuur deur middel van verbeterde raamwerke vir prestasiebestuur en verantwoordbaarheid.
- Die volgehoue bevordering en implementering van die Werknemerwelstandsprogram om personeel se welstand en produktiwiteit te ondersteun.
- Die vereenvoudiging en digitalisering van MH-prosesse om doeltreffendheid en responsiwiteit te verbeter.
- Die voortdurende implementering van die Plan vir die Verandering van Organisasie- en Leierskapkultuur om waardegebaseerde leierskap te versterk en gedragsverandering aan te dryf.
- Die gereelde hersiening en belyning van MH-beleide met toepaslike wetgewing, provinsiale standaarde en beste praktyke.

2. OORSIG VAN MENSLIKEHULPBRONSTATISTIEK

2.1 Personeelverwante uitgawes

Personeelkoste per program

Program	Totale uitgawes vir die entiteit (R'000)**	Personeel-uitgawes (R'000)	Personeel-uitgawes as 'n % van totale uitgawes	Getal werk-nemers	Gemiddelde personeelkoste per werknemer (R'000)
Raad en Administrasie*	33 400	16 763	22%	32	524
Lisensiëring	16 476	16 095	21%	25	644
Regulatoriese Voldoening	18 825	17 671	23%	27	654
IKT	8 763	3 615	5%	5	723
TOTAAL	77 464	54 144	70%	89	608

**Totale uitgawes sluit waardevermindering en amortisasie en ander niekontant-items uit, maar sluit kapitaalbesteding in.
* Raad en Administrasie-program sluit die Raad, die Administrasie en Departement Finansies, Uitvoerende Bestuur en twaalf (12) tydelike werkers in.

Personeelkoste per salarisband

Vlak	Personeel-uitgawes (R'000)**	% van personeel-uitgawes tot totale personeelkoste	Getal werknemers	Gemiddelde personeelkoste per werknemer (R'000)
Topbestuur	1 722	4%	1	1 722
Senior bestuur	7 575	16%	6	1 263
Professioneel gekwalifiseerd	10 392	21%	11	945
Geskoold	22 703	47%	31	732
Halfgeskoold	6 065	13%	16	379
Ongeskoold	-	0%	-	-
TOTAAL	48 457		65	

** Met uitsondering van Raadslede se besoldiging van **R2 024 067**, behuisingstoelae van **R989 296,** besoldiging van tydelike werkers van **R2 318 497** en netto salaristoevallings/-voorsienings van **R1 065 840.**

Prestasiebelonings

Geen prestasiebonus is vir die boekjaar 2024/25 betaal nie.

Opleidingskoste

Program	Personeel-uitgawes (R'000)**	Opleidings-uitgawes (R'000)	Opleidings-uitgawes as 'n % van personeelkoste	Getal werknemers opgelei	Gem. opleidings-koste per werknemer (R'000)
Raad en Administrasie	17 474	228	1.30%	20	11
Regulatoriese Voldoening	17 671	73	0.41%	21	3
Lisensiëring	16 095	0	0.00%	22	0
IKT	3 615	38	1.05%	5	8
TOTAAL	54 855	339	0.62%	68	5

** Personeeluitgawes soos bekendgemaak in Aantekening 22 by die finansiële state.

Die totale getal werknemers opgelei sluit drie tydelike werkers in. Die opleidingsuitgawes sluit finansiële hulp vir deeltydse studies in.

Indiensneming en vakatures

Program	2023/2024 Getal werknemers	2024/2025 Goedgekeurde poste	2024/2025 Getal werknemers	2024/2025 Vakatures	% van vakatures
Administrasie	6	10	6	4	40%
Uitvoerende Bestuur	7	7	6	1	14%
Bestuur	5	7	7	-	0%
Regulatoriese Voldoening	22	24	21	3	13%
Lisensiëring	21	22	21	1	5%
IKT	4	4	4	-	40%
TOTAAL	69	74	65	9	12%

Vlak	2023/2024 Getal werknemers	2024/2025 Goedgekeurde poste	2024/2025 Getal werknemers	2024/2025 Vakatures	% van vakatures
Topbestuur	1	1	1	-	0%
Senior bestuur	4	6	6	-	0%
Professioneel gekwalifiseerd	11	13	11	2	15%
Geskoold	33	36	31	5	14%
Halfgeskoold	16	18	16	2	11%
Ongeskoold	-	-	-	-	0%
TOTAAL	65	74	65	9	12%

Pogings is tans aan die gang om alle vakante poste in die organisasie te vul. Poste moes in sekere gevalle weer geadverteer word aangesien die aanvanklike werwingsproses nie toepaslik gekwalifiseerde kandidate gelewer het nie. Die Raad bly daartoe verbind om te verseker dat alle aanstellings op grond van merietegebaseerde, billike en deursigtige werwingspraktyke gedoen word, met die doel om die mees bevoegde talent te lok.

Verandering in indiensneming

Salarisband	Indiensneming aan begin van tydperk	Aanstellings	Beëindigings	Indiensneming aan einde van tydperk
Topbestuur	1	-	-	1
Senior bestuur	4	2	-	6
Professioneel gekwalifiseerd	11	-	1	10
Geskoold	33	-	1	32
Halfgeskoold	16	-	-	16
Ongeskoold	-	-	-	-
TOTAAL	65	2	2	65

Redes vir diensbeëindiging

Rede	Getal	% van totale getal diensbeëindigings
Sterfte	1	100%
Bedanking	-	-
Ontslag	-	-
Aftrede	-	-
Swak gesondheid	-	-
Verstryking van kontrak	-	-
Ander	-	-
Totaal	1	100%

Geen bedankings is gedurende die boekjaar 2024/2025 aangeteken nie. Een van die twee beëindigings wat in die tabel hier bo aangedui word, was as gevolg van sterfte en die ander een as gevolg van ’n interne bevordering – ’n werknemer het uit hul bestaande pos bedank om ’n pos op ’n hoër vlak in die organisasie te aanvaar.

Dit is belangrik om daarop te let dat die Raad se plat organisasiestruktuur beperkte geleenthede vir loopbaanvordering aanbied. Dit bly ’n bron van kommer, veral gegewe die aansienlike belegging in tyd, werk en hulpbronne wat aan werknemers se opleiding en ontwikkeling gemaak word.

Sommige werknemers verlaat gevolglik die organisasie om beter loopbaangeleenthede elders na te streef. 'n Ander belangrike faktor wat tot potensiële personeelomset bydra, is die Raad se vergoedingsvlakke wat onder die bedryfsgemiddeld vir vergelykbare rolle is. Dit kan steeds 'n uitwerking hê op die organisasie se vermoë om oor die lang termyn vaardige deskundiges te lok en te behou.

Arbeidsverhoudinge: Wangedrag en dissiplinêre optrede

Aard van dissiplinêre optrede	Getal
Mondelinge waarskuwing	-
Skriftelike waarskuwing	-
Finale skriftelike waarskuwing	-
Ontslag	-
TOTAAL	-

Billikheidsteiken en diensbillikheidstatus

Vlakke	Manlik							
	Swart		Bruin		Indiër		Wit	
	Huidig	Teiken	Huidig	Teiken	Huidig	Teiken	Huidig	Teiken
Topbestuur	-	-	1	1	-	-	-	-
Senior bestuur	1	1	2	1	-	-	-	1
Professioneel gekwalifiseerd	2	3	1	3	1	-	4	1
Geskoold	5	8	11	9	0	0	2	3
Halfgeskoold	3	4	2	4	0	0	1	2
Ongeskoold	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	11	16	17	18	1	-	7	7

Vlakke	Manlik							
	Swart		Bruin		Indiër		Wit	
	Huidig	Teiken	Huidig	Teiken	Huidig	Teiken	Huidig	Teiken
Topbestuur	-	-	-	-	-	-	-	-
Senior bestuur	1	1	2	1	-	-	-	-
Professioneel gekwalifiseerd	-	2	1	2	-	-	2	1
Geskoold	4	7	9	8	-	-		3
Halfgeskoold	2	3	6	4	-	-	2	1
Ongeskoold	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	7	13	18	15	-	-	4	5

Vlakke	Gestremde personeel			
	Manlik		Vroulik	
	Huidig	Teiken	Huidig	Teiken
Topbestuur	-	-	-	-
Senior bestuur	-	-	-	-
Professioneel gekwalifiseerd	-	-	-	-
Geskoold	-	-	-	-
Halfgeskoold	1	1	-	-
Ongeskoold	-	-	-	-
TOTAAL	1	1	-	-

Die WKRDW erken dat dit belangrik is om ’n werkmag te hê wat ’n breë verteenwoordiging van die demografie van die Wes-Kaap is. Daarom word diensbillikheidsteikens aktief tydens die werwings- en keuringsproses oorweeg.

’n Deursigtige en objektiewe benadering tot aanstellings word konsekwent toegepas. ’n Verteenwoordiger van die Diensbillikheidskomitee neem deel aan die kortlysproses en woon onderhoude in ’n waarnemende hoedanigheid by. Die Menslike Hulpbronne-afdeling verseker dat alle onderhoude billik, konsekwent en niediskriminerend is, met ’n fokus op kandidate se vermoëns, ervaring en kwalifikasies wat relevant vir die posvereistes is.

DEEL E:

Verslag oor WOFB-voldoening

1. ONREËLMATIGE, VRUGTELOSE EN VERKWISTENDE UITGAWES EN WESENLIKE VERLIESE

1.1. Onreëlmatige uitgawes

a) Rekonsiliasie van onreëlmatige uitgawes

Beskrywing	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Beginsaldo	0	0
Wysiging aan beginsaldo	0	0
Beginsaldo soos heraangegee	0	0
Plus: Onreëlmatige uitgawes bevestig	704	0
Minus: Onreëlmatige uitgawes gekondoneer	0	0
Minus: Onreëlmatige uitgawes nie gekondoneer nie en verwyder	0	0
Minus: Onreëlmatige uitgawes verhaalbaar	0	0
Minus: Onreëlmatige uitgawes onverhaalbaar en afgeskryf	0	0
Eindsaldo	**704**	**0**

Rekonsiliërende aantekeninge

Beskrywing	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes wat geëvalueer is	0	0
Onreëlmatige uitgawes wat met die vorige jaar verband hou en in die lopende jaar geïdentifiseer is	0	0
Onreëlmatige uitgawes vir die lopende jaar	704	0
Totaal	**704**	**0**

Die entiteit het gedurende die jaar loodgieters- en elektriese instandhoudingsdienste verkry sonder om die minimum CIDB-graderingsvereistes in die Versoek om Kwotasie-dokumentasie te spesifiseer, soos vereis deur Regulasie 25 van die Regulasies vir die Ontwikkeling van die Konstruksiebedryf. Hierdie weglating het ontstaan as gevolg van 'n verkeerde klassifikasie van die werk as algemene instandhouding pleks van konstruksie, en dit is verder vererger deur vakatures in die VKB-eenheid. Alhoewel die proses nie ten volle aan vereistes voldoen het nie, was die diensverskaffers met aanstelling by die CIDB geregistreer.

b) Besonderhede oor onreëlmatige uitgawes (word geëvalueer, bepaal en ondersoek)

Beskrywing	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes wat geëvalueer word	13	988
Onreëlmatige uitgawes wat bepaal word	704	0
Onreëlmatige uitgawes wat ondersoek word	0	0
Totaal	**717**	**988**

Vir die bedrae wat as "word geëvalueer" bekendgemaak word, het die OGSA twee bevindings in die vorige jaar en een bevinding in die lopende jaar aangeteken. Hierdie bevindings hou verband met: die versuim om drie kwotasies te verkry; betalings wat gemaak is onder 'n kontrak wat die gekwoteerde bedrag oorskry het; en die verdeling van transaksies in plaas van om dit as 'n enkele verkrygingstransaksie te verkry.

Die bevindings wat in die vorige jaar geopper is, is nie opgelos nie aangesien die Raad 'n spesifieke navraag aan die Nasionale Tesourie – via die Provinsiale Tesourie – gerig het oor die toepassing van die WOFB Voldoenings- en Verslagdoeningsraamwerk. 'n Antwoord is in Mei 2025 ontvang. Op grond van die leiding wat deur die Provinsiale Tesourie verskaf is, sal die beweerde onreëlmatige uitgawes nou geassesseer word en volgens die WOFB se Raamwerk vir Voldoening en Verslagdoening hanteer word.

c) Besonderhede oor onreëlmatige uitgawes gekondoneer

Beskrywing	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes gekondoneer	0	0
Totaal	**0**	**0**

d) Besonderhede oor onreëlmatige uitgawes verwyder (nie gekondoneer nie)

Beskrywing	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes NIE gekondoneer nie en verwyder	0	0
Totaal	**0**	**0**

e) Besonderhede oor onreëlmatige uitgawes verhaalbaar

Beskrywing	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes verhaalbaar	0	0
Totaal	**0**	**0**

f) Besonderhede oor onreëlmatige uitgawes afgeskryf (onverhaalbaar)

Beskrywing	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes afgeskryf	0	0
Totaal	**0**	**0**

Bykomende bekendmaking in verband met inter-institusionele reëlings

g) Besonderhede oor gevalle van nievoldoening waar 'n instansie by 'n inter-institusionele reëling betrokke is (waar sodanige instansie nie vir die nievoldoening verantwoordelik is nie)

Beskrywing
Geen.
Totaal

h) Besonderhede oor onreëlmatige uitgawes waar 'n instansie by 'n inter-institusionele reëling betrokke is (waar sodanige instansie vir die nievoldoening verantwoordelik is)

Beskrywing	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Geen.	0	0
Totaal	0	0

i) Besonderhede oor dissiplinêre of strafregtelike stappe wat as gevolg van onreëlmatige uitgawes geneem is

Beskrywing
Geen

1.2. Vrugtelose en verkwistende uitgawes

a) Rekonsiliasie van vrugtelose en verkwistende uitgawes

Beskrywing	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Beginsaldo	-	-
Wysiging aan beginsaldo	-	-
Beginsaldo soos heraangegee	-	-
Plus: Vrugtelose en verkwistende uitgawes bevestig	-	10
Minus: Vrugtelose en verkwistende uitgawes verhaalbaar	-	(10)
Minus: Vrugtelose en verkwistende uitgawes nie verhaalbaar nie en afgeskryf	-	-
Eindsaldo	-	-

Rekonsiliërende aantekeninge

Beskrywing	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat geëvalueer is	0	0
Vrugtelose en verkwistende uitgawes met betrekking tot vorige jaar wat in die lopende jaar geïdentifiseer is	0	0
Vrugtelose en verkwistende uitgawes vir die lopende jaar	0	10
Totaal	0	10

b) Besonderhede oor vrugtelose en verkwistende uitgawes (word geëvalueer, bepaal en ondersoek)

Beskrywing	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat geëvalueer word	0	0
Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat bepaal word	0	0
Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat ondersoek word	0	0
Totaal	0	0

c) Besonderhede oor vrugtelose en verkwistende uitgawes verhaalbaar

Beskrywing	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Vrugtelose en verkwistende uitgawes verhaalbaar	0	10
Totaal	0	10

d) Besonderhede oor vrugtelose en verkwistende uitgawes onverhaalbaar en afgeskryf

Beskrywing	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Vrugtelose en verkwistende uitgawes afgeskryf	0	0
Totaal	0	0

e) Besonderhede oor dissiplinêre of strafregtelike stappe wat as gevolg van vrugtelose en verkwistende uitgawes geneem is

Dissiplinêre stappe ingestel
Geen.

1.3. Bykomende bekendmaking ten opsigte van wesenlike verliese kragtens artikel 55(2)(b)(i) en (iii) van die WOFB

a) Besonderhede oor wesenlike verliese weens misdaadgedrag

Wesenlike verliese weens misdaadgedrag	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Diefstal	0	0
Ander wesenlike verliese	0	0
Minus: Verhaalbaar	0	0
Minus: Nie verhaalbaar nie en afgeskryf	0	0
Totaal	0	0

b) Besonderhede oor ander wesenlike verliese

Aard van ander wesenlike verliese	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Geen	0	0
Totaal	0	0

c) Ander wesenlike verliese verhaalbaar

Aard van verliese	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Geen	0	0
Totaal	0	0

d) Ander wesenlike verliese nie verhaalbaar nie en afgeskryf

Aard van verliese	2024/2025	2023/2024
	R'000	R'000
Geen	0	0
Totaal	0	0

2. LAAT EN/OF NIEBETALING VAN VERSKAFFERS

Aard van verliese	Getal fakture	Gekonsolideerde waarde
		R'000
Geldige fakture ontvang	472	21 505
Fakture **binne** 30 dae of ooreengekome tydperk betaal	458	21 219
Fakture **na** 30 dae of ooreengekome tydperk betaal	14	286
Fakture ouer as 30 dae of ooreengekome tydperk **(onbetaal en sonder dispuut)**	0	0
Fakture ouer as 30 dae of ooreengekome tydperk **(onbetaal en in dispuut)**	0	0

Fakture wat na 30 dae betaal is, is om die volgende redes vertraag:
- Die Kantoor het gewag op bevestiging van bankbesonderhede voordat betalings verwerk is.
- Die Kantoor het gewag op duidelikheid oor pryse.
- Betalings is slegs gemaak nadat die goedere of dienste ontvang of gelewer is.

3. VOORSIENINGSKETTINGBESTUUR

3.1. Verkryging op ander wyses

Projekbeskrywing	Naam van verskaffer	Tipe verkryging op ander wyses	Kontrak-nommer	Waarde van kontrak R'000
IBM-intekening vir twaalf (12) maande	International Business Machines Corporation South Africa	Raamwerkooreenkoms vir die Staats-inligtingstegnologie-agentskap	ITRFQ 022424	1 103
Totaal				1 103

3.2. Kontrakafwykings en -uitbreidings

Projek-beskrywing	Naam van verskaffer	Tipe kontrak-wysiging (uitbreiding of afwyking)	Kontrak-nommer	Oor-spronklike kontrak-waarde R'000	Waarde van vorige kontrak-uitbreiding(s) of afwyking(s) (indien toepaslik) R'000	Waarde van huidige kontrak-uitbreiding of -afwyking R'000
Daar was geen kontrakafwykings en -uitbreidings wat 15% van die oorspronklike kontrakwaarde of die bedrag van R15 miljoen oorskry het nie.						

DEEL F:

Finansiële inligting

Aantekeninge

VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL AAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT OOR DIE WES-KAAPSE RAAD OP DOBBELARY EN WEDRENNE

Verslag oor die oudit van die finansiële state

Mening

1. Ek het die finansiële state van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne hersien, soos op bladsy 98 tot 152 uiteengesit, bestaande uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2025, staat van finansiële prestasie, staat van veranderinge in netto bates, kontantvloeistaat en staat van vergelyking van begroting met werklike bedrae vir die jaar toe geëindig, asook aantekeninge by die finansiële state, insluitend 'n opsomming van wesenlike rekeningkundige beleide.

2. Na my mening is die finansiële state in alle wesenlike opsigte 'n billike voorstelling van die finansiële posisie van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne soos op 31 Maart 2025, en van die finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar toe geëindig, ooreenkomstig die Standaarde van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) en die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999 (WOFB).

Grondslag vir mening

3. Ek het my oudit in ooreenstemming met die Internasionale Ouditstandaarde (ISA's) uitgevoer. My verantwoordelikhede ingevolge daardie standaarde word verder beskryf in die verantwoordelikhede van die Ouditeur-generaal vir die ouditering van die finansiële state-afdeling van my verslag.

4. Ek is onafhanklik van die openbare entiteit, in ooreenstemming met die International Ethics Standards Board for Accountants se International code of ethics for professional accountants (including International Independence Standards) (IESBA-kode) asook ander etiese vereistes wat betrekking het op my oudit in Suid-Afrika. Ek het my ander etiese verantwoordelikhede in ooreenstemming met hierdie vereistes en die IESBA-kode nagekom.

5. Ek glo dat die ouditbewyse wat ek bekom het, voldoende en gepas is om 'n grondslag vir my mening te verskaf.

Beklemtoning van aangeleenthede

6. Ek vestig die aandag op die volgende aangeleenthede. My mening ten opsigte van hierdie aangeleenthede het nie verander nie.

Heraangewing van vergelykende syfers

7. Soos in Aantekening 38 by die finansiële state bekendgemaak, is die ooreenstemmende syfers vir 31 Maart 2024 heraangegee as gevolg van 'n fout in die finansiële state van die openbare entiteit, en vir die jaar geëindig 31 Maart 2025.

Rekenpligtige gesag se verantwoordelikheid vir die finansiële state

8. Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die opstelling en billike aanbieding van die finansiële state ooreenkomstig die standaarde van AARP en vereistes van die WOFB, en vir sodanige interne kontrole wat deur die rekenpligtige gesag nodig geag word vir die opstelling van finansiële state wat sonder wesenlike wanvoorstelling is, hetsy weens bedrog of fout.

9. Tydens die opstelling van die finansiële state is die rekenpligtige gesag verantwoordelik om te assesseer of die openbare entiteit die vermoë het om as 'n lopende saak voort te gaan; om, waar van toepassing, aangeleenthede met betrekking tot 'n lopende saak openbaar te maak; en om die lopendesaakgrondslag van rekeningkunde toe te pas, tensy die betrokke regeringsbestuurstruktuur óf beoog om die openbare entiteit te likwideer óf om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het anders as om dit te doen nie.

Ouditeur-generaal se verantwoordelikhede vir die oudit van die finansiële state

10. My doelstellings is om redelike sekerheid te kry dat die finansiële state in die geheel sonder wesenlike wanvoorstelling is, hetsy weens bedrog of foute; en om 'n ouditeursverslag wat my mening insluit, uit te reik. Redelike sekerheid is 'n hoë vlak van sekerheid maar is nie 'n waarborg dat 'n oudit wat ooreenkomstig die ISA's uitgevoer word, altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal bespeur as dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan as gevolg van bedrog of foute ontstaan en word as wesenlik beskou as daar redelikerwys verwag kan word dat dit individueel of oor die geheel 'n invloed kan hê op die ekonomiese besluite wat op grond van hierdie finansiële state deur gebruikers geneem word.

11. 'n Verdere beskrywing van my verantwoordelikhede vir die oudit van die finansiële state word by die bylae tot hierdie ouditeursverslag ingesluit. Hierdie beskrywing wat op bladsy 89 tot 90 verskyn, maak deel van hierdie ouditeursverslag uit.

Verslag oor die jaarlikse prestasieverslag

12. Ingevolge die Wet op Openbare Oudit, Wet 25 van 2004 (WOO) en die algemene kennisgewing wat ingevolge daarvan uitgereik is, moet ek die nuttigheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting teenoor voorafbepaalde doelwitte vir die gekose wesenlike prestasie-aanwyser wat in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word, oudit en daaroor verslag doen. Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die opstel van die jaarlikse prestasieverslag.

13. Ek het die volgende wesenlike prestasie-aanwysers gekies ten opsigte van Program 3: Regulatoriese Voldoening wat in die jaarlikse prestasieverslag vir die jaar geëindig 31 Maart 2025 aangebied word. Ek het die aanwysers gekies wat die openbare entiteit se prestasie ten opsigte van hul primêre gemandateerde funksies meet en wat van betekenisvolle nasionale gemeenskaps- of openbare belang is.

- Getal voldoeningsassesserings uitgevoer
- Persentasie ondersoeke binne 30 dae begin nadat die bewerings oor onwettige dobbelary deur die Raad ontvang is

14. Ek het die gerapporteerde prestasie-inligting vir die gekose wesenlike prestasie-aanwysers geëvalueer teen die kriteria wat uit die prestasiebestuur- en verslagdoeningsraamwerk saamgestel is, soos omskryf in die algemene kennisgewing. Wanneer 'n jaarlikse prestasieverslag met hierdie kriteria opgestel word, verskaf dit aan gebruikers nuttige en betroubare inligting en insigte oor die openbare entiteit se beplanning en lewering van sy mandaat en doelwitte.

15. Ek het prosedures uitgevoer om te toets of:

- die aanwysers wat vir beplanning en verslagdoening oor prestasie gebruik word, direk aan die openbare entiteit se mandaat en die bereiking van sy beplande doelwitte gekoppel kan word;
- al die aanwysers wat relevant is vir die meting van die openbare entiteit se prestasie teenoor sy primêre gemandateerde en geprioritiseerde funksies en beplande doelwitte, ingesluit is;
- die aanwysers goed omskryf is om te verseker dat dit maklik is om te verstaan en konsekwent toegepas kan word, asook verifieerbaar is sodat ek die metodes en prosesse wat gebruik moet word vir die meting van prestasie, kan bevestig
- die teikens direk aan die bereiking van die aanwysers gekoppel kan word en spesifiek, tydgebonde en meetbaar is om te verseker dat dit maklik is om te verstaan wat gelewer moet word en teen wanneer, die vereiste vlak van prestasie asook hoe prestasie geëvalueer sal word;
- die gerapporteerde aanwysers en teikens in die jaarlikse prestasieverslag dieselfde is as waartoe daar in die goedgekeurde aanvanklike of hersiene beplanningsdokumente verbind is;
- die gerapporteerde prestasie-inligting op die voorgeskrewe wyse in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word; en
- daar voldoende stawende bewyse vir die gerapporteerde prestasies is en vir die redes wat vir enige oor- of onderprestasie van teikens verskaf is.

16. Ek het die prosedures uitgevoer om slegs wesenlike bevindings te rapporteer; en nie om ’n mening of gevolgtrekking oor sekerheid uit te spreek nie.

17. Ek het nie enige wesenlike bevindings oor die gerapporteerde prestasie-inligting vir die gekose wesenlike prestasie-aanwysers geïdentifiseer nie.

Ander aangeleentheid

18. Ek vestig die aandag op die aangeleentheid hier onder:

Bereiking van beplande teikens

19. Die jaarlikse prestasieverslag sluit inligting in oor gerapporteerde prestasies teenoor beplande teikens en verskaf verduidelikings vir oor- of onderprestasies.

Verslag oor voldoening aan wetgewing

20. Ingevolge die WOO en die algemene kennisgewing wat ingevolge daarvan uitgereik is, moet ek die voldoening aan toepaslike wetgewing rakende finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander verwante aangeleenthede oudit en daaroor verslag doen. Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die openbare entiteit se voldoening aan wetgewing.

21. Ek het prosedures uitgevoer om die voldoening aan gekose vereistes in sleutelwetgewing te toets, in ooreenstemming met die metodologie vir studies rondom bevindings van die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA). Hierdie studie is nie ’n sekerheidstudie nie. Gevolglik spreek ek nie ’n mening of gevolgtrekking oor sekerheid uit nie.

22. Ek het deur middel van ’n gevestigde OGSA-proses vereistes in sleutelwetgewing vir die toetsing van voldoening gekies wat betrekking het op die finansiële en prestasiebestuur van die openbare entiteit en wat duidelik is om konsekwente meting en evaluering te kan doen, en wat ook genoeg besonderhede bevat en geredelik beskikbaar is om op ’n verstaanbare wyse verslag te lewer. Die gekose wetgewende vereistes word by die bylae tot hierdie ouditeur se verslag ingesluit.

23. Ek het geen wesenlike nievoldoening aan die gekose wetgewende vereistes geïdentifiseer nie.

Ander inligting in die jaarverslag

24. Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die ander inligting wat by die jaarverslag ingesluit is. Die ander inligting waarna verwys word, sluit nie die finansiële state, die ouditeursverslag en die gekose wesenlike aanwysers in wat deel is van die programme wat in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word en spesifiek in hierdie ouditeursverslag verslag oor gedoen word nie.

25. My mening oor die finansiële state, die verslag oor die oudit van die jaarlikse prestasieverslag en die verslag oor nakoming van wetgewing dek nie die ander inligting wat by die jaarverslag ingesluit is nie, en ek spreek nie ’n ouditmening of enige vorm van sekerheidsbeslissing daaroor uit nie.

26. My verantwoordelikheid is om die ander inligting te lees en sodoende te oorweeg of dit wesenlik inkonsekwent is met die finansiële state en die gekose wesenlike aanwysers wat deel is van die programme wat in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word, of kennis wat ek in die oudit opgedoen het, of wat andersins blyk ’n wesenlike wanvoorstelling te wees.

27. Die ander inligting wat voor die datum van hierdie ouditeursverslag ingewin is, is ’n konsep-jaarverslag en die ouditkomitee se verslag sal na verwagting na 31 Julie 2025 aan ons beskikbaar gestel word.

28. Indien ek, op grond van die werk wat ek uitgevoer het op die ander inligting wat ek voor die datum van hierdie ouditeursverslag ingewin het, bevind dat daar ’n wesenlike wanvoorstelling van dié ander inligting is, word daar van my vereis om sodanige feit te rapporteer.

29. Wanneer ek die verslae van die ouditkomitee ontvang en deurlees en bevind dat dit 'n wesenlike wanvoorstelling bevat, word daar van my verwag om die aangeleentheid te kommunikeer aan diegene in beheer van regeringsbestuur en te versoek dat die ander inligting reggestel word. Indien die ander inligting nie reggestel word nie, sal ek moontlik hierdie ouditeursverslag moet terugtrek en 'n gewysigde verslag moet uitreik, soos toepaslik. Indien dit wel reggestel word, sal dit nie nodig wees nie.

Tekortkominge in interne kontrole

30. Ek het interne kontrole van toepassing op my oudit van die finansiële state, jaarlikse prestasieverslag en voldoening aan tersaaklike wetgewing oorweeg; my doelwit was egter nie om enige vorm van sekerheid daaroor te gee nie.

31. Ek het nie enige beduidende tekortkominge in interne kontrole geïdentifiseer nie.



Kaapstad
31 Julie 2025

AUDITOR-GENERAL
SOUTH AFRICA

Auditing to build public confidence

BYLAE TOT DIE OUDITEURSVERSLAG

1. Die bylae sluit die volgende in:

    - Die Ouditeur-generaal se verantwoordelikheid vir die oudit
    - Die gekose wetgewende vereistes om voldoening te toets

Ouditeur-generaal se verantwoordelikheid vir die oudit

Professionele oordeel en professionele skeptisisme

2. As deel van 'n oudit ingevolge die ISA's oefen ek my professionele oordeel uit en handhaaf professionele skeptisisme in my oudit van die finansiële state en die prosedures wat uitgevoer word op gerapporteerde prestasie-inligting vir gekose wesenlike prestasie-aanwysers en van die openbare entiteit se voldoening aan gekose vereistes in sleutelwetgewing.

Finansiële state

3. Benewens my verantwoordelikheid vir die oudit van die finansiële state soos in hierdie ouditeursverslag uiteengesit:

    - identifiseer en evalueer ek ook die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute; ontwerp en voer ek ouditprosedures in reaksie op daardie risiko's uit; en verkry ek ouditbewyse wat voldoende en geskik is om 'n grondslag vir my mening te bied. Die risiko om nie wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog op te spoor nie, is hoër as vir een wat as gevolg van 'n fout voorkom, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, opsetlike weglatings, wanvoorstelling of die omverwerping van interne kontrole kan behels.

    - verkry ek 'n begrip van interne kontrole van toepassing op die oudit daarop om ouditprosedures te ontwerp wat onder die omstandighede geskik is, maar nie met die doel om 'n mening oor die doeltreffendheid van die entiteit se interne kontrole uit te spreek nie.

    - evalueer ek die geskiktheid van rekeningkundige beleide wat gebruik is en die billikheid van rekeningkundige skattings en verwante bekendmakings wat gemaak is

    - beslis ek oor die geskiktheid van die gebruik van die lopendesaakgrondslag van rekeningkunde in die opstel van die finansiële state. Ek beslis ook, op grond van die ouditbewyse verkry, of daar wesenlike onsekerheid bestaan oor gebeure of toestande wat beduidende twyfel kan wek oor die vermoë van die openbare entiteit om as 'n lopende saak voort te gaan. As ek beslis dat daar wesenlike onsekerheid bestaan, word van my vereis om in my ouditeursverslag die aandag te vestig op die betrokke bekendmakings in die finansiële state oor die wesenlike onsekerheid of, indien sodanige bekendmakings onvoldoende is, om my mening oor die finansiële state te wysig. My beslissings is gegrond op die inligting wat op die datum van hierdie ouditeursverslag tot my beskikking is. Toekomstige gebeure of toestande kan egter veroorsaak dat 'n openbare entiteit ophou om as 'n lopende saak bedryf te word.

    - evalueer ek die algehele aanbieding, struktuur en inhoud van die finansiële state, insluitend die bekendmakings, en bepaal of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure voorstel op 'n wyse wat billike voorstelling verteenwoordig.

Kommunikasie met diegene aan wie regeringsbestuur opgelê is

4. Ek kommunikeer met die rekenpligtige gesag oor onder meer die beplande omvang en tydsberekening van die oudit en beduidende ouditbevindings, insluitend enige beduidende tekortkominge in interne kontrole wat ek tydens my oudit identifiseer.

5. Ek voorsien die rekenpligtige gesag ook van 'n verklaring dat ek aan die betrokke etiese vereistes rakende onafhanklikheid voldoen het, en maak alle verhoudinge en ander aangeleenthede bekend wat redelikerwys moontlik my onafhanklikheid kan beïnvloed en, waar toepaslik, stappe wat gedoen is om bedreigings uit te skakel of voorsorgmaatreëls wat toegepas is.

Voldoening aan wetgewing – gekose wetgewende vereistes

Die gekose wetgewende vereistes is soos volg:

Wetgewing	Artikels of regulasies
Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999)	Artikel 51(1)(b)(); 51(1)(b)(i); 51(1)(e)(ii); 53(4); 54(2)(c); 54(2)(d); 55(1)(a); 55(1)(b); 55(1)(c)(i); 56; 57(b); 66(4)
Tesourieregulasies, 2005	Regulasie 8.2.1; 8.2.2; 16A3.2: 16A3.2(a): 16A6.1: 16A6.2(a) 16A6.2(b); 16A6.3(a); 16A6.3(b); 16A6.3(c); 16A6.3(e); 16A6.4: 16A6.5; 16A6.6; 16A7.1; 16A7.3; 16A7.6; 16A8.3: 16A8.4: 16A9.1(b)(i); 16A9.1(d): 16A9.1(e); 16A9.1(f): 16A9.2; 16A9.2(a)(i); 30.1.1; 30.1.3(a); 30.1.3(b); 30.1.3(d); 30.2.1; 31.1.2(c); 31.2.1; 31.2.5; 31.2.7(a); 31.3.3; 33.1 1; 33.1.3
Wet op die Raad vir die Ontwikkeling van die Boubedryf, Wet 38 van 2000 (CIDB)	Artikel 18(1)
CIDB-regulasies	CIDB-regulasie 17; 25(7A)
Nasionale Tesourie-instruksie Nr. 5 van 2020/21	Paragraaf 4.8; 4.9; 5.3
Tweede wysiging van Nasionale Tesourie-instruksie Nr. 5 van 202/21	Paragraaf 1
Erratum Nasionale Tesourie-instruksie Nr. 5 van 202/21	Paragraaf 2
Nasionale Tesourie-instruksie Nr. 1 van 2021/22	Paragraaf 4.1
Nasionale Tesourie-instruksie Nr. 4 van 2015/16	Paragraaf 3.4
Nasionale Tesourie-VKB-instruksienota Nr. 4A van 2016/17	Paragraaf 6
Nasionale Tesourie-VKB-instruksienota Nr. 03 van 2021/22	Paragraaf 4.1; 4.2 (b); 4.3; 4.4(a); 4.7; 7.2; 7.6
Nasionale Tesourie-VKB-instruksienota Nr. 11 van 2020/21	Paragraaf 3.4(a); 3.4(b); 3.9
Nasionale Tesourie-VKB-instruksienota Nr. 2 van 2021/22	Paragraaf 3.2.1; 3.2.4; 3.2.4(a); 3.3.1

Nasionale Tesourie Praktyknota 5 van 2009/10	Paragraaf 3.3
Nasionale Tesourie Praktyknota 7 van 2009/10	Paragraaf 4.1.2
Wet op Voorkeur-verkrygingbeleidsraamwerk, Wet 5 van 2000	Artikel 1; 2.1(a); 2(1)(b);2.1(f)
Voorkeurverkrygingsregulasies, 2017	Paragraaf 4.1; 4.2; 5.1; 5.3; 5.6; 5.7; 6.1; 6.2; 6.3; 6.6; 6.8; 7.1; 7.2; 7.3; 7.6; 7.8; 8.2; 8.5; 9.1; 10.1; 10.2; 11.1; 11.2
Voorkeurverkrygings-regulasies, 2022	Paragraaf 4.1; 4.2; 4.3; 4.4; 5.1; 5.2; 5.3; 5.4
Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, Wet 12 van 2004	Artikel 34(1)

FINANSIËLE INLIGTING

2. Algemene inligting

Land van inkorporasie hoofkantoor	Suid-Afrika
Lede	Mnr. C.A. Bassuday Me. C. Fani Mnr. R.G. Nicholls Me. L. Venter Me. A. Mvandaba Mnr. M. Burton Mnr. A. Chetty
Posadres	Posbus 8175 Roggebaai 8012
Beherende entiteit	Wes-Kaap Provinsiale Tesourie
Bankiers	Nedbank
Ouditeure	Ouditeur-generaal (SA)
Sekretaris	Heinrich Brink

FINANSIËLE INLIGTING

Indeks

Staat van finansiële posisie	96
Staat van finansiële prestasie vir die jaar geëindig 31 Maart 2025	97
Staat van veranderinge in netto bates	98
Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Maart 2025	99
Staat van vergelyking van begroting en werklike bedrae	100-101
Beduidende rekeningkundige beleide	102-115
Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate	116

P.A. Abrahams
vir die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne

FINANSIËLE INLIGTING

Staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2025

Syfers in Rand	Aant	2025	2024 Heraangegee*
Bates			
Bedryfsbates			
Kontant en kontantekwivalente	3	48 148 432	39 716 857
Voorrade		57 623	70 267
Vooruitbetalings	4	1 266 370	1 218 740
Ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies	5	933 973	1 569 096
Ontvangbare rekeninge uit nieruiltransaksies	6	61 976 302	81 903 597
Kontant en kontantekwivalente - Trustfondse (sekuriteite)	7	46 800 236	43 302 835
Kontant en kontantekwivalente - Trustfondse (deugsaamheidskoste)	7	19 143 984	15 455 938
Kontant en kontantekwivalente - IGSF-behuisingsfonds	8	556 903	653 809
		178 883 823	**183 891 139**
Niebedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	9	26 298 786	26 256 689
Ontasbare bates	10	4 239 725	4 209 082
Vooruitbetalings	4	765 664	400 904
		31 304 175	**30 866 675**
Totale bates		**210 187 998**	**214 757 814**
Laste			
Bedryfslaste			
Trustkrediteure (sekuriteite)	7	46 800 236	43 302 835
Trustkrediteure (deugsaamheidskoste)	7	14 476 950	13 680 093
Betaalbare rekeninge uit ruiltransaksies	11	2 080 216	1 331 200
Belasting en oordragte betaalbaar	12	99 128 380	112 895 618
Voorsienings	13	-	682 117
Werknemervoordele	14	5 465 727	4 706 432
		167 951 509	**176 598 295**
Niebedryfslaste			
Werknemervoordele	14	5 547 000	4 520 000
Totale laste		**173 498 509**	**181 118 295**
Netto bates		**36 689 489**	**33 639 519**
Opgehoopte oorskot		36 689 489	33 639 519
Totale netto bates		**36 689 489**	**33 639 519**

* Verwys na Aantekening 38

FINANSIËLE INLIGTING
Staat van finansiële prestasie

Syfers in Rand	Aant	2025	2024 Heraangegee*
Inkomste			
Inkomste uit ruiltransaksies			
Rente-inkomste	15	4 997 848	5 127 003
Bedryfsinkomste	16	60 064 446	54 772 178
Huurinkomste	17	838 213	449 206
Diverse inkomste	18	817 348	473 249
Totale inkomste uit ruiltransaksies		**66 717 855**	**60 821 636**
Inkomste uit nieruiltransaksies			
Oordraginkomste			
Staatstoewysings en -subsidies	19	24 586 000	21 178 000
Dienste in natura	20	-	4 076 153
Borgskappe ontvang	21	-	846 500
Totale inkomste uit nieruiltransaksies		**24 586 000**	**26 100 653**
Totale inkomste		**91 303 855**	**86 922 289**
Uitgawes			
Amortisasie: Ontasbare bates	10	400 148	389 511
Waardevermindering: Eiendom, aanleg en toerusting	9	1 664 078	1 451 640
Uitskakeling van onwettige dobbelbedrywighede		28 400	5 060
Werknemerverwante koste	22	54 854 700	51 742 838
Finansieringskostes	14	703 000	672 000
Algemene uitgawes	23	15 858 554	18 455 544
Regsfooie		954 964	1 195 486
Huuruitgawes	24	1 794 044	2 676 901
Reis en verblyf		2 177 279	2 147 786
Totale uitgawes		**(78 435 167)**	**(78 736 766)**
Bedryfsoorskot		**12 868 688**	**8 185 523**
(Wins)/verlies op vervreemding van bates	9	26 407	(36 012)
Aktuariële winste/verliese	14	372 830	(1 060 877)
Waardedalingsverlies	9	-	4 297 946
		(399 237)	**(3 201 057)**
Oorskot vir die jaar		**12 469 451**	**4 984 466**

* Verwys na Aantekening 38

Syfers in Rand	Opgehoopte oorskot/tekort	Totale netto bates
Saldo op 01 April 2023	**38 178 615**	**38 178 615**
Veranderinge in netto bates		
Oorskot vir die jaar	4 984 466	4 984 466
Oorskot betaalbaar aan die Provinsiale Inkomstefonds: 31 Maart 2024 (verwys na Aantekening 27)	(9 523 562)	(9 523 562)
Totale veranderinge	**(4 539 096)**	**(4 539 096)**
Beginsaldo soos voorheen aangegee	33 860 477	33 860 477
Aansuiwerings		
Regstelling van foute (Aantekening 39)	(220 958)	(220 958)
Heraangegewe* saldo op 01 April 2024 soos heraangegee*	**33 639 519**	**33 639 519**
Veranderinge in netto bates		
Oorskot vir die jaar	12 469 451	12 469 451
Behoud van oorskotfondse goedgekeur: 31 Maart 2024	9 523 562	9 523 562
Oorskot betaalbaar aan die Provinsiale Inkomstefonds: 31 Maart 2025 (verwys na Aantekening 27)	(18 943 043)	(18 943 043)
Totale veranderinge	3 049 970	3 049 970
Saldo op 31 Maart 2025	**36 689 489**	**36 689 489**

* Verwys na Aantekening 38

FINANSIËLE INLIGTING
Kontantvloeistaat

Syfers in Rand	Aant.	2025	2024 Heraangegee*
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			
Ontvangste			
Belasting en heffings ingevorder		1 748 203 051	1 504 471 761
Bedryfsinkomste		60 564 857	54 495 986
Staatstoewysing		24 586 000	21 178 000
Netto ontvangste vir trustfondse		4 294 258	14 592 893
Rente-inkomste		4 911 547	5 776 276
Borgskappe ontvang		-	677 000
Huurinkomste		829 090	385 320
Diverse inkomste		1 114 238	151 879
		1 844 503 041	1 601 729 115
Betalings			
Werknemerkoste		(54 144 235)	(51 644 727)
Verskaffers		(21 178 803)	(19 852 803)
Belasting en heffings versprei		(1 751 469 643)	(1 498 196 202)
		(1 826 792 681)	(1 569 693 732)
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**29**	**17 710 360**	**32 035 383**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Aankoop van eiendom, aanleg en toerusting	9	(1 769 592)	(26 840 282)
Gekapitaliseerde ontwikkeling IT-koste	10	(430 790)	-
Opbrengs uit verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	9	10 138	46 435
Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		**(2 190 244)**	**(26 793 847)**
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite			
Oorskot aan die Provinsiale Inkomstefonds betaal		-	(13 803 428)
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente		**15 520 116**	**(8 561 892)**
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		99 129 439	107 691 331
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**3**	**114 649 555**	**99 129 439**

* Verwys na Aantekening 38

Begroting op kontantgrondslag

Syfers in Rand	Goed-gekeurde begroting	Aansuiw-erings	Finale begroting	Werklike bedrae op vergelyk-bare grond-slag	Verskil tus-sen finale begroting en werklik	Ver-wys-ing
Staat van finansiële prestasie						
Inkomste						
Inkomste uit ruiltransaksies						
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates	51 852 926	-	**51 852 926**	60 564 857	**8 711 931**	(1)
Entiteitinkomste buiten verkope	3 647 145	-	**3 647 145**	6 854 875	**3 207 730**	(2)
Totale inkomste uit ruiltransaksies	**55 500 071**	**-**	**55 500 071**	**67 419 732**	**11 919 661**	
Inkomste uit nieruiltransaksies						
Oordraginkomste						
Departementele oordragte	24 586 000	-	**24 586 000**	24 586 000	**-**	
Behoud van oorskotfondse	6 224 795		**6 224 795**	6 224 795	**-**	(3)
Totale inkomste uit nieruiltransaksies	**30 810 795**	**-**	**30 810 795**	**30 810 795**	**-**	
Totale inkomste	**86 310 866**	**-**	**86 310 866**	**98 230 527**	**11 919 661**	
Uitgawes						
Vergoeding van werknemers	(56 959 141)	-	**(56 959 141)**	(54 144 235)	**2 814 906**	(4)
Goedere en dienste	(20 606 930)		**(20 606 930)**	(21 119 217)	**(512 287)**	(5)
Betalings vir kapitaalbates	(8 744 795)		**(8 744 795)**	(2 200 382)	**6 544 413**	(6)
Totale uitgawes	**(86 310 866)**	**-**	**(86 310 866)**	**(77 463 834)**	**8 847 032**	
Oorskot voor belasting	**-**	**-**	**-**	**20 766 693**	**20 766 693**	
Werklike bedrag op vergelykbare grondslag soos aangebied in die begroting en werklike vergelykbare staat	**-**	**-**	**-**	**20 766 693**	**20 766 693**	

Die begroting en die rekeningkundige grondslag verskil. Verwys na Aantekening 35 vir die rekonsiliasie tussen begroting en staat van finansiële prestasie.

Verwys na Aantekening 36 vir die verskille tussen begroting en werklike bedrae van samestelling en aanbieding, asook verduidelikings oor die veranderinge tussen goedgekeurde en finale aangesuiwerde begroting, waar van toepassing.

Ingevolge paragraaf 12(c) van AARP 24 moet die vergelyking van begroting en werklike bedrae afsonderlik aangebied word, by wyse van aantekeningsbekendmaking, 'n verduideliking van wesenlike verskille tussen die begroting waarvoor die entiteit publiek aanspreeklik gehou word en werklike bedrae. Vir hierdie doel is alle verskille wat 0.5% van die totale bedryfsuitgawes oorskry, as wesenlik beskou en verduidelikings is dus slegs verskaf vir daardie verskille wat die drempel oorskry.

Verduideliking van afwykings:

1. Dit is uitdagend om akkuraat vir die Raad se eie inkomste te begroot, aangesien aansoekvolumes deur bedryfsaanvraag aangedryf word. Die getal nuwe lisensie-aansoeke wat gedurende die jaar ontvang en verwerk is, het verwagtinge oortref. Raadsinspekteurs se fooie word bepaal deur die getal nuwe aansoeke en lisensiehernuwings in 'n gegewe jaar. Hoewel daar vir 'n jaarlikse inflasionêre aansuiwering voorsien word – wat vanaf April elke jaar van krag is – is die begroting nie bygewerk om dié verhogings gedurende die jaar te weerspieël nie. Dit het tot 'n oorinvordering van statutêre fooie gelei.
2. Die Raad het R1.6 miljoen in diverse inkomste ingevorder, waarvan R1 miljoen verband hou met regsfooie wat ná suksesvolle litigasie-uitkomste verhaal is. Die Raad begroot nie vir diverse inkomste nie. Daarbenewens het rente-inkomste begrote bedrae oorskry, hoofsaaklik weens gunstige rentekoerse op die Raad se banksaldo's.
3. Die Minister vir Finansies en Ekonomiese Geleenthede het as deel van die boekjaar 2024/25 se begroting die omrol van fondse ten bedrae van R6 225 000 goedgekeur. Hierdie omrolfondse hou verband met voorheen goedgekeurde kontantoorskotte en is dus nie as werklike kontant gedurende die oorsigjaar ontvang nie. Die omrolfondse is daarom as 'n aansuiwering by Aantekening 36 ingesluit, aangesien dit nie vir die oorsigjaar in die staat van finansiële prestasie erken is nie.
4. Die onderbesteding is as gevolg van vakatures. Daar was op 31 Maart 2025 nege (9) vakatures by die Raad. Die goedgekeurde begroting maak vir 'n volledige getal werknemers voorsiening.
5. Die oorbesteding op goedere en dienste hou verband met gebou-instandhouding, huur van parkeerplekke en bergingsfooie vir die Raad se meubels. Beduidende elektriese herstelwerk was gedurende die oorsigjaar nodig om voldoening aan gesondheids- en veiligheidsregulasies te verseker. Met die verkryging van kantoorakkommodasie het die verkoopsooreenkoms 'n voorsiening vir die oordrag van die bestaande bruikhuurkontrak aan die Raad ingesluit. Die Raad moes gevolglik bykomende parkeerplekke huur. Die Raad is ook besig om sy kantoorakkommodasie op te knap. 'n Bruikhuurkontrak is dienooreenkomstig aangegaan vir die tydelike berging van meubels tot tyd en wyl die opknapping voltooi is. Hierdie opknappingsproses was teen jaareinde nog aan die gang.
6. Die Minister vir Finansies en Ekonomiese Geleenthede het as deel van die boekjaar 2024/25 se begroting die omrol van fondse ten bedrae van R6 225 000 goedgekeur. Die bedoeling was om hierdie fondse vir die opknapping van die kantoorakkommodasie te gebruik. Die Raad het egter weens 'n gebrek aan interne kapasiteit 'n projekbestuurder aangestel om namens die Raad oor die opknappingsprojek toesig te hou. Die beplanningsfase was teen jaareinde steeds aan die gang; die Raad kon dus nie die omrolfondse gedurende die oorsigjaar gebruik nie.

1. Beduidende rekeningkundige beleide

Die beduidende rekeningkundige beleide wat in die samestelling van hierdie finansiële jaarstate toegepas is, word hier onder uiteengesit.

1.1 Grondslag van voorbereiding

Die finansiële jaarstate is saamgestel ooreenkomstig die Standaarde van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP), uitgereik deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde ingevolge artikel 91(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999).

Hierdie finansiële jaarstate is volgens 'n toevallingsgrondslag van boekhouding saamgestel en stem ooreen met kosteberekening volgens historiese koste as die grondslag van meting, tensy anders gespesifiseer. Syfers word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied.

Bates, laste, inkomste en uitgawes is nie verreken nie, behalwe waar verrekening deur 'n Standaard van AARP vereis of toegelaat word.

Hierdie rekeningkundige beleide is konsekwent met die vorige tydperk.

1.2 Geldeenheid in aanbieding

Hierdie finansiële jaarstate word aangebied in Suid-Afrikaanse Rand, wat die funksionele geldeenheid van die entiteit is.

1.3 Lopendesaak-aanname

Hierdie finansiële jaarstate is saamgestel op grond van die verwagting dat die entiteit sal voortgaan om vir ten minste die volgende 12 maande as 'n lopende saak bedryf te word.

1.4 Beduidende oordele en bronne van beramingsonsekerheid

Daar word tydens die opstelling van die finansiële jaarstate van bestuur vereis om skattings en aannames te maak wat 'n invloed het op wat die bedrae wat in die finansiële jaarstate en verwante bekendmakings verteenwoordig word. Die gebruik van beskikbare inligting en die toepassing van oordeel is inherent aan die samestelling van skattings. Werklike resultate kan in die toekoms van hierdie skattings verskil, wat wesenlik vir die finansiële jaarstate kan wees. Belangrike oordele sluit in:

Ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies

Die entiteit evalueer aan die einde van elke verslagtydperk sy debiteure vir waardedaling. By die bepaling of 'n waardedalingsverlies as 'n oorskot of tekort aangeteken moet word, oordeel die provinsiale entiteit of daar waarneembare data is wat 'n merkbare afname in die beraamde toekomstige kontantvloei uit 'n finansiële bate aandui. Vir bedrae verskuldig aan die Raad, word beduidende finansiële moeilikheid van die debiteur, waarskynlikheid dat die debiteur bankrot sal speel en wanbetaling van betalings almal as aanwysers van waardedaling beskou.

Skatting van billike waarde

Die drawaarde minus voorsiening vir waardedaling van ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies en betaalbare rekeninge uit ruiltransaksies word aangeneem as hul benaderde billike waardes as gevolg van die korttermynaard van hierdie bates en laste.

Voorsienings

Voorsienings is erken op grond van bestuur se beste skatting volgens die beskikbare inligting. Voorwaardelike laste word op dieselfde beginsel bekendgemaak. Voorsienings word gediskonteer waar die tydwaarde-effek wesenlik is.

Eiendom, aanleg en toerusting, en ontasbare bates

Die Raad assesseer die nuttige lewensduur en reswaardes van hierdie bates op grond van die toestand van die bates en die Raad se vervangingsbeleid. Bestuur oorweeg ook die impak van tegnologie, die beskikbaarheid van kapitaalbefondsing en diensvereistes om die optimale verwagte nuttige lewensduur te bepaal, waar toepaslik.

1.4 Beduidende oordele en bronne van beramingsonsekerheid (vervolg)

Die Raad het in Augustus 2023 kantoorakkommodasie verkry. Ingevolge paragraaf 69 van AARP 17 is eiendom, aanleg en toerusting, grond en geboue skeibare bates en word afsonderlik verantwoord, selfs wanneer dit saam verkry word. Inligting oor die koste van grond en die koste van die gebou was ten tye van verkryging nie afsonderlik beskikbaar nie. Ingevolge paragraaf 35 van AARP 17 word die billike waarde van grond- en gebou-items gewoonlik met markgegronde bewyse deur middel van waardering bepaal. Grond en geboue is op 31 Maart 2024 deur 'n lid van die waarderingsberoep herwaardeer. Op 31 Maart 2024, gegrond op die totale billike waarde van die eiendom, het grond 42% van die totale billike waarde uitgemaak, terwyl geboue 58% van die totale billike waarde uitgemaak het. Vir die doeleindes van kostetoekenning aan grond en geboue, is dieselfde verhouding gebruik om die totale koopprys aan grond en geboue as skeibare bates toe te ken. 42% van die totale koopprys is dus aan grond toegeken en 58% van die totale koopprys is aan geboue toegeken. Die toekenning van die totale koopprys aan grond en geboue op grond van die verhouding van billike waarde teen jaareinde is bestuur se beste skatting volgens die beskikbare inligting.

Nadiensvoordele

Die huidige waarde van die na-aftredeverpligting hang van 'n aantal faktore af wat met behulp van 'n aantal aannames op 'n aktuariële grondslag bepaal word. Die aannames wat gebruik is om die netto koste (inkomste) te bepaal, sluit die diskontokoers in. Enige veranderinge in hierdie aannames sal 'n uitwerking hê op die drabedrag van na-aftredeverpligtinge.

Die entiteit bepaal die geskikte diskontokoers aan die einde van elke jaar. Dit is die rentekoers wat gebruik moet word om die huidige waarde van geskatte toekomstige kontantuitvloei te bepaal wat na verwagting nodig sal wees om die pensioenverpligtinge te vereffen. Wanneer die gepaste diskontokoers bepaal word, oorweeg die entiteit die rentekoerse van hoëgehalte- korporatiewe effekte wat gedenomineer is in die geldeenheid waarin die voordele betaal sal word, en wat termyne tot volwassenheid het wat die voorwaardes van die verwante pensioenverpligting beraam.

Ander belangrike aannames vir na-aftrede-voordele, soos toekomstige salarisverhogings, sterftesyfers en toekomstige pensioenverhogings, is op huidige marktoestande gegrond. Bykomende inligting word in Aantekening 14 bekendgemaak. Daar is aansienlike onsekerheid as gevolg van die langtermynaard van die planne.

Ander langtermynwerknemervoordele

Die huidige waarde van ander langtermynwerknemervoordele hang af van 'n aantal faktore wat op 'n aktuariële grondslag bepaal word deur 'n aantal aannames te gebruik. Die aannames wat gebruik is om die netto koste (inkomste) te bepaal, sluit die diskontokoers in. Enige veranderinge in hierdie aannames sal 'n uitwerking hê op die drabedrag van ander langtermyn-werknemervoordele.

Die entiteit bepaal die geskikte diskontokoers aan die einde van elke jaar. Dit is die rentekoers wat gebruik moet word om die huidige waarde van geskatte toekomstige kontantuitvloei te bepaal wat na verwagting nodig sal wees om ander langtermynwerknemervoordele te vereffen. Wanneer die gepaste diskontokoers bepaal word, oorweeg die entiteit die rentekoerse van hoëgehalte- korporatiewe effekte wat gedenomineer is in die geldeenheid waarin die voordele betaal sal word, en wat termyne tot volwassenheid het wat die voorwaardes van die verwante langdienstoekennings beraam.

Ander belangrike aannames vir langdienstoekennings, soos toekomstige salarisverhogings, sterftesyfers, ens., is op huidige marktoestande gegrond. Bykomende inligting word in Aantekening 14 bekendgemaak. Daar is aansienlike onsekerheid as gevolg van die langtermynaard van langdienstoekennings.

Waardedaling van statutêre ontvangbare rekeninge

As daar 'n aanduiding is dat 'n statutêre ontvangbare rekeninge of 'n groep statutêre ontvangbare rekeninge in waarde kon gedaal het, meet die entiteit 'n waardedalingsverlies.

Wanneer die toekomstige kontantvloei geskat word, oorweeg die entiteit sowel die bedrag as die tydsberekening van die kontantvloei wat dit in die toekoms sal ontvang. Waar die effek van die tydwaarde van geld wesenlik is, verdiskonteer die entiteit gevolglik die geskatte toekomstige kontantvloei met 'n koers wat die huidige risikovrye koers weerspieël en, indien van toepassing, enige risiko's spesifiek vir die statutêre ontvangbare rekening of groep statutêre ontvangbare rekeninge waarvoor die toekomstige kontantvloeiskattings nie aangepas is nie.

1.4 Beduidende oordele en bronne van beramingsonsekerheid (vervolg)

Bestuur gebruik die veroudering van uitstaande statutêre ontvangbare rekeninge om te bepaal of statutêre ontvangbare rekeninge moontlik in waarde gedaal het. Statutêre ontvangbare rekeninge met lang uitstaande saldo's (debiteure met finansiële moeilikheid) word vir waardedaling geassesseer.

Lopende werknemervoordele

Personeelverlof word volgens die Raad se verlofbeleid aan werknemers toegeval. Voorsiening word gemaak vir die volle koste van opgeloopte verlof op die verslagdatum. Hierdie toevalling sal gerealiseer word namate werknemers verlof neem of hul diens beëindig.

1.5 Eiendom, aanleg en toerusting

Die koste van 'n item eiendom, aanleg en toerusting word as 'n bate erken wanneer:

- dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die item verband hou, na die entiteit sal vloei; en
- die koste van die item betroubaar gemeet kan word.

Eiendom, aanleg en toerusting word aanvanklik teen kosprys gemeet.

Die koste van 'n item eiendom, aanleg en toerusting is die koopprys en ander koste toeskryfbaar aan die verskaffing van die bate op die plek en in die toestand wat nodig is om volgens die voorneme van bestuur te funksioneer. Handelsafslag en kortings word afgetrek om die koste te bepaal.

Waar 'n bate deur 'n nieruiltransaksie verkry word, is die koste van die bate die billike waarde soos op die datum van verkryging.

Wanneer beduidende komponente van 'n item eiendom, aanleg en toerusting verskillende nuttige lewensduur het, word hulle as afsonderlike items (hoofkomponente) eiendom, aanleg en toerusting verantwoord.

Eiendom, aanleg en toerusting word gedra teen kosprys minus opgehoopte waardevermindering en enige waardedalings-verliese.

Grond en geboue word gedra teen herwaardeerde bedrae minus enige opgehoopte waardevermindering en daaropvolgende opgehoopte waardedalingsverliese.

Herwaarderings word met voldoende reëlmatigheid gedoen sodat die drabedrag nie wesenlik verskil van dié wat aan die einde van die verslagtydperk volgens billike waarde bepaal sou word nie. Herwaarderings word elke 3 jaar gedoen.

Wanneer 'n item eiendom, aanleg en toerusting herwaardeer word, word enige opgehoopte waardevermindering op die datum van die herwaardering proporsioneel met die verandering in die bruto drabedrag van die bate heraangegee sodat die drabedrag van die bate ná herwaardering gelyk is aan die herwaardeerde bedrag.

Enige verhoging in 'n bate se drabedrag as gevolg van 'n herwaardering word direk na 'n herwaarderingsoorskot gekrediteer. Die verhoging word erken in oorskot of tekort in die mate wat dit 'n herwaarderingsverlaging van dieselfde bate wat voorheen in oorskot of tekort erken is, omkeer.

Enige verlaging in 'n bate se drabedrag as gevolg van 'n herwaardering word in die lopende tydperk in oorskot of tekort erken. Die verlaging word direk na 'n herwaarderingsoorskot gedebiteer in die mate van enige kredietsaldo wat in die herwaarderingsoorskot ten opsigte van daardie bate bestaan.

Die herwaarderingsoorskot in ekwiteit wat met 'n spesifieke item eiendom, aanleg en toerusting verband hou, word direk oorgedra na behoue verdienste wanneer die bate onterken word.

Eiendom, aanleg en toerusting word op die reguitlyngrondslag oor hul verwagte nuttige lewensduur na hul geskatte reswaarde in waarde verminder.

1.5 Eiendom, aanleg en toerusting (vervolg)

Die gemiddelde nuttige lewensduur van items eiendom, aanleg en toerusting is soos volg geassesseer:

Item	Metode van waardevermindering	Gemiddelde nuttige lewensduur
Grond	Nie van toepassing nie	Onbepaald
Geboue	Reguitlyn	50 jaar
Motorvoertuie	Reguitlyn	4 - 20 jaar
Toerusting en meubels	Reguitlyn	2 - 30 jaar
Rekenaars	Reguitlyn	3 - 25 jaar
Rekenaarbykomstighede	Reguitlyn	2 - 25 jaar

Die entiteit assesseer op elke verslagdatum of daar enige aanduiding is dat die entiteit se verwagtinge oor die reswaarde en die nuttige lewensduur van 'n bate sedert die vorige verslagdatum verander het. Indien enige sodanige aanduiding bestaan, hersien die entiteit die verwagte nuttige lewensduur en/of reswaarde dienooreenkomstig. Die verandering word as 'n verandering in 'n rekeningkundige skatting verantwoord.

Die waardeverminderingskoste vir elke tydperk word in oorskot of tekort erken, tensy dit ingesluit is by die drabedrag van 'n ander bate.

Items eiendom, aanleg en toerusting word onterken wanneer die bate vervreem word of wanneer daar geen verdere ekonomiese voordele of dienspotensiaal uit die gebruik van die bate verwag word nie.

Die wins of verlies voortspruitend uit die onterkenning van 'n item eiendom, aanleg en toerusting word ingesluit by oorskot of tekort wanneer die item onterken word. Die wins of verlies voortspruitend uit die onterkenning van 'n item eiendom, aanleg en toerusting word bepaal as die verskil tussen die netto opbrengs van vervreemding, indien enige, en die drabedrag van die item.

Die entiteit maak uitgawes vir die herstel en instandhouding van eiendom, aanleg en toerusting afsonderlik bekend in die aantekeninge by die finansiële state (verwys na Aantekening 32).

1.6 Ontasbare bates

'n Ontasbare bate word erken wanneer:
- dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat aan die bate toeskryfbaar is, na die entiteit sal vloei; en
- die kosprys of billike waarde van die bate betroubaar gemeet kan word.

Waar 'n ontasbare bate deur 'n nieruiltransaksie verkry word, word die aanvanklike kosprys op die datum van verkryging teen die bate se billike waarde soos op daardie datum gemeet.

Uitgawes vir navorsing (of vir die navorsingsfase van 'n interne projek) word as 'n uitgawe erken wanneer dit aangegaan word.

'n Ontasbare bate voortspruitend uit ontwikkeling (of uit die ontwikkelingsfase van 'n interne projek) word erken wanneer:
- dit tegnies haalbaar is om die bate te voltooi sodat dit vir gebruik of verkoop beskikbaar sal wees.
- daar 'n voorneme is om dit te voltooi en te gebruik of te verkoop.
- daar 'n vermoë is om dit te gebruik of te verkoop.
- dit waarskynlike toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal sal genereer.
- daar beskikbare tegniese, finansiële en ander hulpbronne is om die ontwikkeling te voltooi en om die bate te gebruik of te verkoop.
- die uitgawes toeskryfbaar aan die bate tydens die ontwikkeling daarvan betroubaar gemeet kan word.

Ontasbare bates word teen kosprys minus enige opgehoopte amortisasie en enige waardedalingsverliese gedra.

Die amortisasietydperk en die amortisasiemetode vir ontasbare bates word op elke verslagdatum hersien. Die verandering sal as 'n verandering in skatting verantwoord word.

1.6 Ontasbare bates (vervolg)

Amortisasie word voorsien om die ontasbare bates, op 'n reguitlyngrondslag, soos volg na hul reswaardes af te skryf:

Item	Metode van waardevermindering	Gemiddelde nuttige lewensduur
WKRDW Databasissagteware	Reguitlyn	10 jaar
Projek vir Outomatisering van Lisensiëring	Reguitlyn	15 jaar

Die entiteit maak relevante inligting met betrekking tot bates onder konstruksie of ontwikkeling in die aantekeninge by die finansiële state bekend (verwys na Aantekening 10).

Ontasbare bates word onterken:
- by vervreemding; of
- wanneer geen toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal uit die gebruik of vervreemding daarvan verwag word nie.

Die wins of verlies voortspruitend uit die onterkenning van ontasbare bates word ingesluit in oorskot of tekort wanneer die bate onterken word.

1.7 Finansiële instrumente

Klassifikasie

Die entiteit het die volgende soorte finansiële bates (klasse en kategorie) soos op die voorkant van die staat van finansiële posisie of in die aantekeninge daarby weerspieël word:

Klas	Kategorie
Kontant en kontantekwivalente	Finansiële bate gemeet teen geamortiseerde koste
Ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies	Finansiële bate gemeet teen geamortiseerde koste
Kontant en kontantekwivalente: Trustfondse (sekuriteite)	Finansiële bate gemeet teen geamortiseerde koste
Kontant en kontantekwivalente: Trustfondse (trust)	Finansiële bate gemeet teen geamortiseerde koste
Kontant en kontantekwivalente: IGSF-behuisingsfonds	Finansiële bate gemeet teen geamortiseerde koste

Die entiteit het die volgende soorte finansiële laste (klasse en kategorie) soos op die voorkant van die staat van finansiële posisie of in die aantekeninge daarby weerspieël:

Klas	Kategorie
Betaalbare rekeninge uit ruiltransaksies	Finansiële las gemeet teen geamortiseerde koste

Aanvanklike erkenning en meting

Finansiële instrumente word aanvanklik erken wanneer die Raad 'n party word by die kontraktuele bepalings van die instrumente. Die Raad klassifiseer finansiële instrumente of hul onderdele by aanvanklike erkenning as 'n finansiële bate, 'n finansiële las of 'n ekwiteitsinstrument, in ooreenstemming met die inhoud van die kontraktuele reëling.

Daaropvolgende meting van finansiële bates en finansiële laste

Die entiteit meet alle finansiële instrumente ná aanvanklike erkenning deur middel van die volgende kategorieë:
- Finansiële bates teen geamortiseerde koste deur die effektiewerente-metode te gebruik, minus opgehoopte waardedalings-verliese.
- Finansiële laste teen geamortiseerde koste deur middel van die effektiewerente-metode.

1.7 Finansiële instrumente (vervolg)

Waardedaling van finansiële bates

Die entiteit assesseer aan die einde van elke verslagtydperk of daar enige objektiewe bewyse is dat 'n finansiële bate of groep finansiële bates in waarde gedaal het.

'n Finansiële bate word beskou as 'n bate wat in waarde gedaal het as objektiewe bewyse daarop dui dat een of meer gebeure 'n negatiewe uitwerking op die geskatte toekomstige kontantvloei van daardie bate gehad het. As daar bewyse is, word die verhaalbare bedrag geskat en 'n waardedalingsverlies word erken.

Vir bedrae verskuldig aan die Raad, word beduidende finansiële moeilikheid van die debiteur, waarskynlikheid dat die debiteur bankrot sal speel en wanbetaling van betalings almal as aanwysers van waardedaling beskou.

Alle waardedalingsverliese/omkering van waardedalingsverliese word in oorskot of tekort erken.

Waardedalingsverliese word omgekeer wanneer 'n toename in die finansiële bate se verhaalbare bedrag objektief in verband gebring kan word met 'n gebeurtenis wat plaasvind nadat die waardedaling erken is, onderworpe aan die beperking dat die drabedrag van die finansiële bate op die datum waarop die waardedaling omgekeer word, nie meer kan wees as wat die drabedrag sou wees as die waardedaling nie erken is nie.

Onterkenning

Die Raad onterken 'n finansiële bate slegs wanneer:

- die kontraktuele regte op die kontantvloei uit die finansiële bate verstryk, gedelg word of kwytgeskeld word;
- die Raad substansieel al die risiko's en belonings van eienaarskap van die finansiële bate na 'n ander party oordra; of
- die Raad, ondanks die behoud van sommige beduidende risiko's en belonings van eienaarskap van die finansiële bate, beheer van die bate na 'n ander party oorgedra het en die ander party die praktiese vermoë het om die bate in sy geheel te verkoop aan 'n onverwante derde party, en daardie vermoë eensydig kan uitoefen en sonder die nodigheid om bykomende beperkings op die oordrag af te dwing. In hierdie geval moet die Raad die bate onterken en enige regte en verpligtinge wat in die oordrag geskep of behou word, afsonderlik erken.

By onterkenning van 'n finansiële bate in sy geheel word die verskil tussen die drabedrag en die som van die vergoeding ontvang (insluitend enige nuwe bate wat verkry is minus enige nuwe las wat oorgeneem is) in oorskot of tekort erken.

Enige laste wat kwytgeskeld, vergewe of oorgeneem word deur 'n ander entiteit deur middel van 'n nieruiltransaksie, word ooreenkomstig AARP 23 verantwoord.

Ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies

Die toekenning wat erken word, word gemeet as die verskil tussen die bate se drabedrag en die huidige waarde van geskatte toekomstige kontantvloei verdiskonteer teen die effektiewe rentekoers wat met aanvanklike erkenning bereken is.

Die drabedrag van die bate word verminder deur die gebruik van 'n voorsieningsrekening, en die bedrag van die verlies word in oorskot of tekort binne bedryfsuitgawes erken.

Wanneer ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies onverhaalbaar is, word swak skuld afgeskryf in bedryfsuitgawes in oorskot of tekort erken.

Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant in die bank en korttermyn- vaste deposito's.

1.8 Statutêre ontvangbare rekeninge

Erkenning

Die entiteit erken statutêre ontvangbare rekeninge soos volg:

- indien die transaksie 'n ruiltransaksie is, deur middel van die beleid oor inkomste uit ruiltransaksies;
- indien die transaksie 'n nieruiltransaksie is, deur middel van die beleid oor inkomste uit nieruiltransaksies (belasting en oordragte); of
- indien die transaksie nie binne die omvang is van die beleide wat in die bogenoemde of 'n ander Standaard van AARP gelys word nie, word die ontvangbare rekening erken wanneer daar aan die definisie van 'n bate voldoen word, en wanneer dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die bate geassosieer word, na die entiteit sal vloei en dat die transaksiebedrag betroubaar gemeet kan word.

Aanvanklike meting

Die entiteit meet aanvanklik statutêre ontvangbare rekeninge teen hul transaksiebedrag.

Daaropvolgende meting

Die entiteit meet statutêre ontvangbare rekeninge ná aanvanklike erkenning deur middel van die kostemetode. Onder die kostemetode word die aanvanklike meting van die ontvangbare rekening ná aanvanklike erkenning verander om enige van die volgende te weerspieël:

- rente of ander heffings wat op die ontvangbare rekening kon opgehoop het (waar van toepassing);
- waardedalingsverliese; en
- bedrae wat onterken is

Waardedalingsverliese

Die entiteit assesseer op elke verslagdatum of daar enige aanduiding is dat 'n statutêre ontvangbare rekening of 'n groep statutêre ontvangbare rekening in waarde kon gedaal het.

Om te assesseer of daar enige aanduiding is dat 'n statutêre ontvangbare rekening of 'n groep statutêre ontvangbare rekeninge in waarde kon gedaal het, oorweeg die entiteit, as 'n minimum, die volgende aanduiers:

- Beduidende finansiële moeilikheid van die debiteur, wat bewys kan word deur 'n aansoek om skuldberading, sakeredding of gelykwaardig.
- Dit is waarskynlik dat die debiteur sekwestrasie, likwidasie of ander finansiële herorganisering sal ondergaan.
- 'n Oortreding van die bepalings van die transaksie, soos 'n wanbetaling of pligsversuim in hoof- of rentebetalings (waar gehef).
- Nadelige veranderinge in internasionale, nasionale of plaaslike ekonomiese toestande, soos 'n afname in groei, 'n toename in skuldvlakke en werkloosheid, of veranderinge aan migrasiesyfers en -patrone.

Indien daar 'n aanduiding is dat 'n statutêre ontvangbare rekening of 'n groep statutêre ontvangbare rekeninge in waarde kon gedaal het, meet die entiteit die waardedalingsverlies as die verskil tussen die geskatte toekomstige kontantvloei en die drabedrag. Waar die drabedrag hoër as die geskatte toekomstige kontantvloei is, word die drabedrag van die statutêre ontvangbare rekening of groep statutêre ontvangbare rekeninge verminder, hetsy direk of deur middel van 'n toelaerekening. Die bedrag van die verliese word in oorskot of tekort erken.

'n Waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir 'n statutêre ontvangbare rekening erken is, word hersien as daar 'n verandering is in die skattings wat gebruik is sedert die laaste waardedalingsverlies erken is, of om die effek van verdiskontering van die geskatte kontantvloei te weerspieël.

Enige voorheen erkende waardedalingsverlies word aangepas, hetsy direk of deur die toelaerekening aan te pas. Die aanpassing lei nie daartoe dat die drabedrag van die statutêre ontvangbare rekening of groep statutêre ontvangbare rekeninge meer is as wat die drabedrag van die ontvangbare rekeninge(e) sou wees as die waardedalingsverlies nie erken is op die datum waarop die waardedaling hersien word nie. Die bedrag van enige aansuiwering word in oorskot of tekort erken.

1.8 Statutêre ontvangbare rekeninge (vervolg)

Onterkenning

Die entiteit onterken 'n statutêre ontvangbare rekening of 'n deel daarvan wanneer:

- die regte op die kontantvloei uit die ontvangbare rekening verstryk, gedelg word of kwytgeskeld word;
- die entiteit substansieel al die risiko's en belonings van eienaarskap van die ontvangbare rekening na 'n ander party oordra; of
- die entiteit, ondanks die behoud van sommige beduidende risiko's en belonings van eienaarskap van die ontvangbare rekening, beheer van die ontvangbare rekening na 'n ander party oorgedra het en die ander party die praktiese vermoë het om die ontvangbare rekening in sy geheel te verkoop aan 'n onverwante derde party, en daardie vermoë eensydig kan uitoefen en sonder die nodigheid om bykomende beperkings op die oordrag af te dwing. In hierdie geval:
  - onterken die entiteit die ontvangbare rekening; en
  - onterken die entiteit afsonderlik enige regte en verpligtinge wat in die oordrag geskep of behou word.

Enige verskil tussen die vergoeding ontvang en die bedrae wat onterken en daardie bedrae wat erken word, word in oorskot of tekort in die tydperk van die oordrag erken.

1.9 Belasting

Die Raad se inkomste is vrygestel van belasting ingevolge artikel 10(1)(cA)(i) van die Inkomstebelastingwet, 1962.

1.10 Bruikhuurkontrakte

'n Bruikhuurkontrak word geklassifiseer as 'n finansiële bruikhuurkontrak as dit al die risiko's en voordele gepaardgaande met eienaarskap wesenlik oordra. 'n Bruikhuurkontrak word geklassifiseer as 'n bedryfsbruikhuurkontrak as dit nie al die risiko's en voordele gepaardgaande met eienaarskap wesenlik oordra nie.

Bedryfsbruikhuurkontrakte - huurder

Bedryfsbruikhuurbetalings word as erken 'n uitgawe op 'n reguitlynbasis oor die bruikhuurtermyn. Die verskil tussen die bedrae wat erken word as 'n uitgawe en die kontraktuele betalings word erken as 'n bedryfsbruikhuurbate of -las.

1.11 Waardedaling van kontantgenererende bates

Kontantgenererende bates is bates wat gebruik word met die doel om 'n kommersiële opbrengs te lewer.

Identifisering

Wanneer die drabedrag van 'n kontantgenererende bate sy verhaalbare bedrag oorskry, daal dit in waarde.

Die entiteit bepaal op elke verslagdatum of daar enige aanduiding is dat 'n kontantgenererende bate in waarde kon gedaal het. Indien so 'n aanduiding bestaan, skat die entiteit die verhaalbare bedrag van die bate.

Erkenning en meting

'n Waardedalingsverlies word onmiddellik in oorskot of tekort erken.

Ná die erkenning van 'n waardedalingsverlies, word die waardeverminderingskoste (amortisasiekoste) vir die kontant-genererende bate in toekomstige tydperke aangepas om die kontantgenererende bate se hersiene drabedrag, minus die reswaarde daarvan (indien enige), op 'n sistematiese grondslag oor die oorblywende nuttige lewensduur daarvan, toe te ken.

Omkering van waardedalingsverlies

Die entiteit bepaal op elke verslagdatum of daar enige aanduiding is dat 'n waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir 'n kontantgenererende bate erken is, moontlik nie meer bestaan nie of moontlik verminder het. Indien so 'n aanduiding bestaan, skat die entiteit die verhaalbare bedrag van daardie bate.

'n Waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir 'n kontantgenererende bate erken is, word omgekeer as daar 'n verandering was in die skattings wat gebruik is om die bate se verhaalbare bedrag te bepaal sedert die laaste waardedalingsverlies erken is. Die drabedrag van die bate word na sy verhaalbare bedrag verhoog. Die verhoging is 'n omkering van 'n waardedalingsverlies. Die verhoogde drabedrag van 'n bate toeskryfbaar aan 'n omkering van 'n waardedalingsverlies, is nie

meer as die drabedrag wat bepaal sou wees (netto van waardevermindering of amortisasie) indien geen waardedalingsverlies in vorige tydperke vir die bate erken was nie.

'n Omkering van 'n waardedalingsverlies vir 'n kontantgenererende bate word onmiddellik in oorskot of tekort erken.

Nadat 'n omkering van waardedalingsverlies erken word, word die waardeverminderingskoste (amortisasiekoste) vir die kontantgenererende bate in toekomstige tydperke aangepas om die kontantgenererende bate se hersiene drabedrag, minus die reswaarde daarvan (indien enige), op 'n sistematiese grondslag oor die oorblywende nuttige lewensduur daarvan, toe te ken.

1.12 Werknemervoordele

Korttermynwerknemervoordele

Korttermynwerknemervoordele sluit items in soos:

- lone, salarisse en bydraes tot maatskaplike sekerheid;
- korttermyn- besoldigde afwesighede (soos betaalde jaarlikse verlof en betaalde siekteverlof) waar die besoldiging vir die afwesighede vereffen moet word binne twaalf maande ná die einde van die verslagtydperk waarin die werknemers die betrokke werknemerdiens lewer;
- bonus-, aansporings- en prestasieverwante betalings betaalbaar binne twaalf maande ná die einde van die verslagtydperk waarin die werknemers die verwante diens lewer; en
- niegeldelike voordele (byvoorbeeld mediese sorg, en gratis of gesubsidieerde goedere of dienste soos behuising, motors en selfone) vir huidige werknemers.

Wanneer 'n werknemer in 'n verslagtydperk diens aan die entiteit gelewer het, erken die entiteit die onverdiskonteerde bedrag van korttermynwerknemervoordele wat verwag word om in ruil vir daardie diens betaal te word:

- as 'n las (opgeloopte uitgawe), na aftrekking van enige bedrag wat reeds betaal is. Indien die bedrag wat reeds betaal is, meer is as die onverdiskonteerde bedrag van die voordele, erken die entiteit daardie oorskot as 'n bate (vooruitbetaalde uitgawe) in die mate wat die vooruitbetaling byvoorbeeld tot 'n vermindering in toekomstige betalings of 'n kontantterugbetaling sal lei; en
- as 'n uitgawe, tensy 'n ander standaard die insluiting van voordele in die kosprys van 'n bate vereis of toelaat.

Die verwagte koste van besoldigde afwesighede word as 'n uitgawe erken namate die werknemers dienste lewer wat hul aanspraak verhoog, of in die geval van nie-ophopende afwesighede, wanneer die afwesigheid plaasvind. Die entiteit meet die verwagte koste van ophopende besoldigde afwesighede as die bykomende bedrag wat die entiteit verwag om te betaal as gevolg van die ongebruikte aanspraak wat op die verslagdatum opgehoop het.

Die entiteit erken die verwagte koste van bonusbetalings wanneer die entiteit as gevolg van vorige gebeure 'n huidige wettige of konstruktiewe verpligting het om sulke betalings te maak, en 'n betroubare skatting van die verpligting gemaak kan word. 'n Huidige verpligting bestaan wanneer die entiteit geen realistiese alternatief het as om die betalings te maak nie.

Die toevallings vir werknemersregte op salarisse en jaarlikse verlof dui op die bedrag wat die Raad tans verplig is om te betaal as gevolg van werknemers se diens waarvoor daar op die verslagdatum voorsiening gemaak is. Die toevallings is bereken teen onverdiskonteerde bedrae op grond van huidige salariskoerse.

Nadiensvoordele: Vastebydraeplanne

Vastebydraeplanne is nadiensvoordeleplanne ingevolge waarvan 'n entiteit vaste bydraes in 'n afsonderlike entiteit ('n fonds) betaal en geen wettige of konstruktiewe verpligting sal hê om verdere bydraes te betaal as die fonds nie voldoende bates het om alle werknemervoordele met betrekking tot werknemerdiens in die lopende en vorige tydperke te betaal nie.Wanneer 'n werknemer in 'n verslagtydperk diens aan die entiteit gelewer het, erken die entiteit die bydrae betaalbaar aan 'n vastebydraeplan in ruil vir daardie diens:

Wanneer 'n werknemer in 'n verslagtydperk diens aan die entiteit gelewer het, erken die entiteit die bydrae betaalbaar aan 'n vastebydraeplan in ruil vir daardie diens:

- as 'n las (opgeloopte uitgawe), na aftrekking van enige bydrae wat reeds betaal is. Indien die bydrae wat reeds betaal is, meer is as die bydrae wat voor die verslagdatum vir diens verskuldig is, erken 'n entiteit daardie oorskot as 'n bate (vooruitbetaalde uitgawe) in die mate wat die vooruitbetaling byvoorbeeld tot 'n vermindering in toekomstige betalings of 'n kontantterugbetaling sal lei; en
- as 'n uitgawe, tensy 'n ander standaard die insluiting van die bydrae in die kosprys van 'n bate vereis of toelaat.

1.12 Werknemervoordele (vervolg)

Nadiensvoordele: Vastevoordeelplanne

Vastevoordeelplanne is nadiensvoordeleplanne buiten vastebydraeplanne.

Die bedrag wat as 'n vastevoordeellas erken word, is die netto totaal van die volgende bedrae:
- die huidige waarde van die vastevoordeelverpligting op die verslagdatum;
- minus die billike waarde op die verslagdatum van planbates (indien enige) waaruit die verpligtinge direk vereffen moet word;
- plus enige las wat as gevolg van 'n minimum befondsingsvereiste kan ontstaan.

Die entiteit erken die netto totaal van die volgende bedrae in oorskot of tekort, behalwe in die mate wat 'n ander Standaard die insluiting daarvan by die koste van 'n bate vereis of toelaat:
- lopende dienskoste;
- rentekoste:
- aktuariële winste en verliese;

Die entiteit gebruik die Geprojekteerde Eenheidskredietmetode om die huidige waarde van sy vastevoordeelverpligtinge en die verwante huidige dienskoste te bepaal.

Aktuariële waarderings word jaarliks afsonderlik vir elke plan deur onafhanklike aktuarisse uitgevoer. Die resultate van die waardering word bygewerk vir enige wesenlike transaksies en ander wesenlike veranderinge in omstandighede (insluitend veranderinge in markpryse en rentekoerse) tot en met die verslagdatum.

Langdienstoekennings

Langdienstoekennings word voorsien aan werknemers wat sekere voorafbepaalde mylpale van diens by die Raad bereik. Die verwagte koste van hierdie voordele word oor die dienstydperk opgehoop. Die Raad se verpligting ten opsigte van hierdie voordeel word jaarliks deur onafhanklike aktuarisse gewaardeer en die ooreenstemmende las word geskep.

Die las word erken as die huidige waarde van die vastevoordeelverpligting op die verslagdatum.

Die Raad erken die netto totaal van die volgende bedrae in oorskot of tekort, behalwe in die mate wat 'n ander Standaard die insluiting daarvan by die koste van 'n bate vereis of toelaat:
- lopende dienskoste;
- rentekoste:
- aktuariële winste en verliese

Die Raad gebruik die Geprojekteerde Eenheidskredietmetode om die huidige waarde van sy langdienstoekenningsverpligting en die verwante huidige dienskoste en, waar van toepassing, vorige dienskoste te bepaal.

Aktuariële winste en verliese voortspruitend uit die ervaringsaanpassings en -veranderinge in aktuariële aannames word in die staat van finansiële prestasie erken in die tydperk waarin dit plaasvind.

1.13 Voorsienings en gebeurlikhede

Voorsienings word erken wanneer:
- die entiteit 'n huidige verpligting as gevolg van 'n vorige gebeurtenis het;
- dit waarskynlik is dat 'n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal insluit, nodig sal wees om die verpligting te vereffen; en
- 'n betroubare skatting van die verpligting gemaak kan word.

Voorsienings word op elke verslagdatum hersien en aangepas om die huidige beste skatting te weerspieël. Voorsienings word omgekeer as dit nie meer waarskynlik is dat 'n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal insluit, nodig sal wees om die verpligting te vereffen nie.

Voorsienings word nie vir toekomstige bedryfsoorskot (tekort) erken nie.

Voorwaardelike bates en voorwaardelike laste word nie erken nie. 'n Voorwaardelike las word bekendgemaak, tensy daar 'n geringe waarskynlikheid is van 'n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal insluit. 'n Voorwaardelike bate word bekendgemaak waar 'n invloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal waarskynlik is. Gebeurlikhede word in Aantekening 34 bekendgemaak.

1.14 Inkomste uit ruiltransaksies

Meting

Inkomste word gemeet teen die billike waarde van die vergoed wat ontvang of ontvangbaar is, netto van handelsafslagte en volumekortings.

Bedryfsinkomste bestaan uit:

Raadsinspekteurs se diensfooie

Dit verteenwoordig die uurlikse dienstarief vir Raadsinspekteurs wat deugsaamheids- en aansoekondersoeke uitvoer. Die inkomste word erken volgens 'n faktuur vir die ure wat die inspekteurs aan die pligte van deugsaamheid en ondersoeke uitgevoer het.

Ondersoekfooie

Dit verteenwoordig fooie wat betaal is deur gelisensieerde operateurs ingevolge artikel 44 van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne (Wet 4 van 1996) soos gewysig. Die inkomste word erken volgens die faktuur wanneer 'n operateurslisensie toegestaan of hernu word.

Lisensie-aansoekfooie

Dit verteenwoordig 'n fooi betaalbaar ingevolge artikel 44 van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne (Wet 4 van 1996) soos gewysig. Die Raad vorder ook nasionale aansoekfooie in ingevolge artikel 28(1)(a)(b) van die Nasionale Dobbelregulasies. Die inkomste word erken volgens 'n faktuur ten tye van die aansoek.

LPM-operateursfooie

Dit verteenwoordig 'n fooi betaalbaar ingevolge artikel 44C van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne (Wet 4 van 1996) soos gewysig. Die inkomste word erken volgens die faktuur wanneer 'n operateurslisensie toegestaan of hernu word.

Rente-inkomste

Verwys na afdeling 1.16 vir die rekeningkundige beleid vir rente-inkomste.

Huurinkomste

Inkomste uit huurinkomste word op 'n reguitlyngrondslag oor die termyn van die bruikhuurkontrak erken.

Ander inkomste

Ander inkomste word erken wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele na die entiteit sal vloei, en wanneer die bedrag betroubaar gemeet kan word.

1.15 Inkomste uit nieruiltransaksies

Regeringstoewysings

Regeringstoewysings wat nie voorwaardes daaraan verbonde het nie, word erken as inkomste wanneer die bate erken word.

Borgskappe ontvang, insluitend goedere in natura

Borgskappe ontvang, insluitend goedere in natura, word erken as bates en inkomste wanneer dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei, en as die billike waarde van die bates betroubaar gemeet kan word.

Dienste in natura

Die entiteit erken dienste in natura wat betekenisvol vir sy werksaamhede en/of dienslewerings doelwitte is, as bates en erken die verwante inkomste wanneer dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei, en as die billike waarde van die bates betroubaar gemeet kan word.

Waar dienste in natura nie betekenisvol vir die entiteit se werksaamhede en/of dienslewerings doelwitte is nie en/of nie aan die kriteria vir erkenning voldoen nie, maak die entiteit die aard en tipe van dienste in natura tydens die verslagtydperk bekend.

1.16 Rente-inkomste

Rente-inkomste word erken op 'n tydverhoudingsgrondslag deur middel van die effektiewerente-metode.

1.17 Verantwoording deur prinsipale en agente

Identifisering

'n Prinsipaal-agent-reëling is voortspruitend uit 'n bindende reëling waarvolgens een entiteit ('n agent) transaksies onderneem met derde partye namens, en tot voordeel van, 'n ander entiteit (die prinsipaal).

Erkenning

Die entiteit, as 'n agent, erken slegs daardie gedeelte van die inkomste en uitgawes wat dit ontvang of aangaan in die uitvoering van die transaksies namens die prinsipaal, in ooreenstemming met die vereistes van die relevante Standaarde van AARP.

Die entiteit erken bates en laste voortspruitend uit prinsipaal-agent-reëlings in ooreenstemming met die vereistes van die relevante Standaarde van AARP.

1.18 Trustfondse

Trustfondse verteenwoordig deposito's deur dobbelondernemings met die doel om koste en wanbetalings te dek wat aangegaan is ingevolge artikel 34 en artikel 39 van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996 (Wet 4 van 1996) soos gewysig.

1.19 Vergelykende syfers

Waar nodig, is vergelykende syfers weer geklassifiseer om te voldoen aan veranderinge in aanbieding in die lopende jaar.

Wanneer die aanbieding of klassifisering van items in die finansiële jaarstate gewysig word, word die vorige tydperk se vergelykende bedrae heraangegee, tensy 'n Standaard van AARP nie die heraangewings of vergelykende inligting vereis nie. Waar rekeningkundige foute in die lopende jaar geïdentifiseer is, word die regstelling sover prakties moontlik terugwerkend gemaak, en die vorige jaar se vergelykings word dienooreenkomstig heraangegee. Waar daar in die lopende jaar 'n verandering in rekeningkundige beleid was, word die aanpassing sover prakties moontlik terugwerkend gemaak, en die vorige jaar se vergelykings word dienooreenkomstig heraangegee.

1.20 Vrugtelose en verkwiste uitgawes

Vrugtelose uitgawes beteken uitgawes wat tevergeefs aangegaan is en vermy kon word indien redelike sorg gedra is.

Alle uitgawes ten opsigte van vrugtelose en verkwistende uitgawes word erken as 'n uitgawe in die staat van finansiële prestasie in die jaar waarin die uitgawe aangegaan is. Die uitgawes word geklassifiseer volgens die aard van die uitgawe en, waar dit verhaal word, word dit vervolgens as inkomste in die staat van finansiële prestasie verantwoord.

1.21 Onreëlmatige uitgawes

Onreëlmatige uitgawes, soos omskryf in artikel 1 van die WOFB, is uitgawes buiten ongemagtigde uitgawes wat strydig met of nie in ooreenstemming met 'n vereiste van enige toepaslike wetgewing aangegaan is nie, insluitend

(a) hierdie Wet; of
(b) die Wet op die Staatstenderraad, 1968 (Wet 86 van 1968) of enige regulasies wat ingevolge die Wet ingestel word; of
(c) enige provinsiale wetgewing wat voorsiening maak vir verkrygingsprosedures in daardie provinsiale regering.

Nasionale Tesourie-praktyknota nr. 4 van 2008/2009 wat ingevolge artikel 76(1) tot 76(4) van die WOFB uitgereik is, vereis die volgende (met ingang van 1 April 2008):

Onreëlmatige uitgawes wat gedurende die lopende boekjaar aangegaan en geïdentifiseer is en wat voor jaareinde en/of voor die afhandeling van die finansiële state goedgekeur is, moet ook toepaslik in die register van onreëlmatige uitgawes aangeteken word. In so 'n geval is geen verdere optrede nodig nie met die uitsondering van die bywerking van die aantekening by die finansiële state.

Onreëlmatige uitgawes wat gedurende die lopende boekjaar aangegaan en geïdentifiseer is en waarvoor kondonering op jaareinde ingewag word, moet in die register van onreëlmatige uitgawes aangeteken word. Geen verdere optrede word benodig nie, met die uitsondering van die bywerking van die aantekening by die finansiële state.

Waar onreëlmatige uitgawes in die vorige boekjaar aangegaan is en eers in die volgende boekjaar gekondoneer word, moet die register en die bekendmakingsaantekening by die finansiële state met die gekondoneerde bedrag bygewerk word.

Onreëlmatige uitgawes wat gedurende die lopende boekjaar aangegaan en geïdentifiseer is en wat nie deur die Nasionale Tesourie of die betrokke owerheid gekondoneer is nie, moet toepaslik in die register van onreëlmatige uitgawes aangeteken word. Indien aanspreeklikheid vir die onreëlmatige uitgawes aan ’n persoon toegeskryf kan word, moet ’n skuldrekening geskep word indien so ’n persoon regtens aanspreeklik is. Onmiddellike stappe moet daarna ingestel word om die bedrag van die betrokke persoon te verhaal. Indien dit nie moontlik is om te verhaal nie, kan die rekenpligtige beampte of rekenpligtige gesag die bedrag as skuldvermindering afskryf en dit in die betrokke aantekening by die finansiële state bekend maak. Die register van onreëlmatige uitgawes moet ook dienooreenkomstig bygewerk word. Indien die onreëlmatige uitgawe nie gekondoneer is nie en geen persoon regtens aanspreeklik is nie, moet die uitgawe wat daarmee verband hou teen die betrokke program-/uitgawe-item bly, as sodanig in die aantekening by die finansiële state bekendgemaak word en dienooreenkomstig in die register van onreëlmatige uitgawes opgedateer word.

Onreëlmatige uitgawes wat verhaal is, word as inkomste in die staat van finansiële prestasie erken.

1.22 Segmentinligting

’n Segment is ’n aktiwiteit van ’n entiteit:

- wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal genereer (insluitend ekonomiese voordele of dienspotensiaal met betrekking tot transaksies tussen aktiwiteite van dieselfde entiteit);
- waarvan die resultate gereeld deur bestuur hersien word om besluite te neem oor hulpbronne wat aan daardie aktiwiteit toegeken moet word en om die prestasie daarvan te assesseer; en
- waarvoor afsonderlike finansiële inligting beskikbaar is.

Rapporteerbare segmente is die werklike segmente waaroor daar in die segmentverslag verslag gedoen word. Dit is die segmente wat hier bo geïdentifiseer is of andersins ’n samevoeging van twee of meer van daardie segmente waar daar aan die kriteria vir samevoeging voldoen word.

Met inagneming van die Raad se programme en die soorte interne bestuursverslae, asook die finansiële jaarstate, kan die volgende afgelei word wanneer dit teen die omskrywing van segmentverslagdoening geassesseer word:

Die programme van **Administrasie en IKT** is steundienstefunksies van die entiteit wat nie ekonomiese voordele genereer nie, en dié programme kan dus nie as segmente beskou word nie.

Lisensiëring en Regulatoriese Voldoening genereer wel ekonomiese voordele, maar verslagdoening word op ’n saamgevoegde vlak van ekonomiese verslagdoening gedoen. Programme word gegrond op die Raad se funksionele aktiwiteite van Lisensiëring en Regulatoriese Voldoening, met steundienstedepartemente wat die koste van ’n algemene aard dra. Data word gevolglik nie ontleed vir toekenning aan individuele departemente nie.

Bestuur is van mening dat die Raad nie segmente het nie, aangesien die programme steundienstefunksies is en nie ekonomiese voordele of dienspotensiaal genereer nie.

1.23 Vooruitbetaalde uitgawes

Vooruitbetaalde uitgawes is uitgawes wat vooruit betaal word.

Vooruitbetaalde uitgawes is uitgawes wat in een verslagtydperk betaal word, maar waarvan die onderliggende bate eers in ’n toekomstige tydperk verbruik sal word. Wanneer die onderliggende bate uiteindelik verbruik word, word dit teen die staat van finansiële prestasie gehef.

1.24 Begrotingsinligting

Die goedgekeurde begroting dek die fiskale tydperk van 2024/04/01 tot 2025/03/31.

Die finansiële jaarstate en die begroting is nie op dieselfde grondslag van rekeningkunde nie en daarom word 'n rekonsiliasie tussen die staat van finansiële prestasie en die begroting by die finansiële jaarstate ingesluit. Verwys na Aantekening 35.

1.25 Verwante partye

'n Verwante party is 'n persoon of 'n entiteit met die vermoë om die ander party te beheer of gesamentlik te beheer, of om beduidende invloed op die ander party uit te oefen, of omgekeer, of 'n entiteit wat onderworpe is aan gemeenskaplike beheer, of gesamentlike beheer.

Bestuur is daardie persone verantwoordelik vir beplanning, leiding en beheer van die aktiwiteite van die entiteit, insluitend diegene wat gelas is met die regeringsbestuur van die entiteit ingevolge wetgewing, in gevalle waar daar van hulle vereis word om sodanige funksies uit te voer.

Naasbestaandes van 'n persoon is daardie familielede wat na verwagting daardie persoon in hul handelinge met die entiteit sal beïnvloed of deur daardie persoon beïnvloed kan word.

Die entiteit is vrygestel van bekendmakingsvereistes met betrekking tot verwantepartytransaksies indien daardie transaksie plaasvind binne normale verskaffer- en/of kliënt-/ontvangerverhoudinge volgens bepalings en voorwaardes wat nie meer of minder gunstig is as dié wat redelikerwys van die entiteit verwag word om te aanvaar nie, indien handelinge met daardie individuele entiteit of persoon in dieselfde omstandighede en volgens dieselfde bepalings en voorwaardes binne die normale bedryfsparameters is wat deur daardie verslaggewende entiteit se wetlike mandaat ingestel is.

Waar die entiteit in ooreenstemming met bogenoemde van die bekendmakings vrygestel is, maak die entiteit beskrywende inligting oor die aard van die transaksies en die verwante uitstaande saldo's bekend om gebruikers van die entiteit se finansiële state in staat te stel om die effek van verwantepartytransaksies op sy finansiële jaarstate te verstaan.

Vergoeding van bestuur sluit vergoeding in wat afgelei word uit dienste wat aan die entiteit gelewer word in hul hoedanigheid as lede van die bestuurspan of werknemers. Voordele wat direk of indirek van die entiteit afgelei word vir dienste in enige hoedanigheid buiten dié van 'n werknemer of bestuurslid voldoen nie aan die omskrywing van vergoeding nie. Vergoeding van bestuur sluit enige teenprestasie uit wat uitsluitlik verskaf word as vergoeding vir uitgawes wat deur daardie persone aangegaan is tot voordeel van die rapporterende entiteit, soos die terugbetaling van verblyfkoste wat met werkverwante reise verband hou.
.

1.26 Gebeure na die verslagdatum

Gebeure na die verslagdatum is daardie gebeure, sowel gunstig as ongunstig, wat plaasvind tussen die verslagdatum en die datum waarop die finansiële state vir uitreiking gemagtig word. Twee soorte gebeure kan geïdentifiseer word:

- gebeure wat bewys lewer van toestande wat op die verslagdatum bestaan het (wysigende gebeure na die verslagdatum); en
- gebeure wat aanduidend is van toestande wat na die verslagdatum ontstaan het (niewysigende gebeure na die verslagdatum).

Sodra die gebeurtenis plaasgevind het, sal die entiteit die bedrag wat in die finansiële state erken word, wysig om wysigende gebeure na die verslagdatum te weerspieël.

Die entiteit sal die aard van die gebeurtenis en 'n beraming van die finansiële uitwerking daarvan bekend maak of 'n verklaring maak dat sodanige beraming nie gemaak kan word ten opsigte van alle wesenlike niewysigende gebeure nie, waar niebekendmaking 'n invloed kan hê op die ekonomiese besluite wat op grond van die finansiële state deur gebruikers geneem word.

1.27 Wesenlikheid

Wesenlike weglatings of wanvoorstellings van items is wesenlik as dit individueel of gesamentlik 'n invloed kan hê op die besluite of assesserings van gebruikers wat op grond van die finansiële state geneem/gedoen word. Wesenlikheid hang af van die aard of grootte van die weglating of wanvoorstelling wat in die betrokke omstandighede beoordeel is. Die aard of grootte van die inligtingitem of 'n kombinasie van die twee kan die bepalende faktor wees. Wesenlikheid word as 0,5% van die totale bedryfsuitgawes bepaal. Hierdie wesenlikheid is uit bestuur se oogpunt en korreleer nie met die ouditeur se wesenlikheid nie.

1.28 Belasting- en heffinginvordering

Die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne (Wet 1996 van 4) maak voorsiening vir die oplegging van statutêre belasting en fooie betaalbaar deur lisensiehouers, asook administratiewe boetes vir nievoldoening. Die Raad samel dobbelbelasting en -heffings op dobbeltransaksies in namens die Provinsiale Inkomstefonds en ander begunstigdes. Belasting en heffings word ingevorder op grond van die belastingreëlings wat in die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne uiteengesit word. Ingevorderde belasting en heffings word in Aantekening 28 en Aantekening 37 van die finansiële state bekendgemaak.

Syfers in Rand	2025	2024

2. Nuwe standaarde en vertolkings

2.1 Standaarde en vertolkings uitgereik, maar nog nie van toepassing nie

Die Minister van Finansies het die volgende Standaarde van AARP goedgekeur vir inwerkingstelling vir finansiële tydperke wat op 1 April 2025 begin:

Standaard/vertolking	Impak op die finansiële state
AARP 104: Finansiële instrumente	Die verwagte impak op die finansiële state is nie betekenisvol nie.
AARP 22: Transaksies in buitelandse valuta en gevorderde teenprestasie	Geen sodanige transaksies word binne afsienbare tyd verwag nie.

Die tabel hier onder verskaf nuwe aankondigings en wysigings waarvoor die Minister van Finansies nog nie 'n datum van inwerkingstelling bepaal het nie:

Standaard/vertolking	Verwagte impak:
AARP 1: Aanbieding van finansiële state (wysigings ten opsigte van lopende saak)	Die verwagte impak op die finansiële state is nie betekenisvol nie.
AARP 103: Erfenisbates (wysigings)	Geen sodanige transaksies word binne afsienbare tyd verwag nie.
AARP 105, AARP 106 EN AARP 107: Oordrag van funksies en samesmeltings (wysigings)	Geen sodanige transaksies word binne afsienbare tyd verwag nie.
Verbeterings aan Standaard van AARP (2023)	Die verwagte impak op die finansiële state is nie betekenisvol nie.
Riglyn: Die toepassing van wesenlikheid op finansiële state	Die verwagte impak op die finansiële state is nie betekenisvol nie.

3. Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:		
Banksaldo's	38 540 111	39 716 857
Korttermyndeposito's	9 608 321	-
	48 148 432	**39 716 857**

Die Raad se banksaldo's word deur Nedbank gehou. Die rentekoers vir fondse wat in die primêre bankrekening gehou word, is 6.90% soos op 31 Maart 2025 (31 Maart 2024: 7.80%).

Kontant en kontantekwivalente in die kontantvloeistaat bestaan uit:

Trustfondse (sekuriteite) - Verwys na Aantekening 7	46 800 236	43 302 835
Trustfondse (deugsaamheidskoste) - Verwys na Aantekening 7	19 143 984	15 455 938
IGSF-behuisingsfonds - Verwys na Aantekening 8	556 903	653 809
Banksaldo's (soos hier bo)	38 540 111	39 716 857
Korttermyndeposito's (soos hier bo)	9 608 321	-
	114 649 555	**99 129 439**

Syfers in Rand	2025	2024

Geld wat in trustfondse (trust en effekte) gehou word, word gehou ingevolge artikel 34 en 39 van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne (die "Wet").

Ingevolge artikel 34 van die Wet sal enige persoon wat 'n aansoek ingevolge hierdie Wet indien, en enige lisensiehouer wat aan 'n verhoor, ondersoek of navraag ingevolge hierdie Wet onderwerp word, vir alle koste wat redelikerwys aangegaan is deur of namens die Raad vir die uitvoering van enige verhoor, ondersoek of navrae waarvoor daar in hierdie Wet voorsiening gemaak word, aanspreeklik wees en sodanige koste op die voorgeskrewe wyse aan die Raad betaal.

Ingevolge artikel 39 van die Wet kan die Raad vereis dat enige aansoeker om 'n lisensie, voordat die besigheid wat ingevolge daardie lisensie gemagtig is, mee begin word of, in die geval van 'n houer van so 'n lisensie, mee voortgegaan word, sekuriteit gee vir die betaling van alle belasting, fooie en dobbelverpligtinge wat ingevolge hierdie Wet verskuldig is of wat verskuldig kan word, in die bedrag en vorm wat die Raad kan bepaal

4. Vooruitbetalings

Jaarlikse lisensiefooie: sagteware	1 920 561	1 471 316
Lidmaatskapfooie	13 813	35 225
Intekeningfooie	42 727	30 545
TV-lisensiefooie	221	221
Konferensiefooie	-	31 449
Herstel en instandhouding	45 742	50 888
Opleidingsdienste	8 970	-
	2 032 034	**1 619 644**

Soos bekendgemaak in die staat van finansiële posisie

Bedryfsbates	1 266 370	1 218 740
Niebedryfsbates	765 664	400 904
	2 032 034	**1 619 644**

5. Ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies

Bedrae verskuldig ten opsigte van regulasie-aktiwiteite	817 999	1 305 729
Bedrae verskuldig ten opsigte van ander aktiwiteite	115 974	263 367
	933 973	**1 569 096**

Statutêre ontvangbare rekeninge wat ingesluit is by ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies hier bo, is soos volg:

Lisensie-aansoekfooie	80 075	215 705
Raadsinspekteur se diensfooie	376 448	245 274
Ondersoekfooie	214 684	401 455
	671 207	**862 434**
Finansiële bate- ontvangbare rekeninge wat ingesluit is by ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies hier bo	**262 766**	**706 662**
Totale ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies	933 973	1 569 096

Syfers in Rand	2025	2024

5. Ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies (vervolg)

Statutêre ontvangbare rekeninge: Algemene inligting

Transaksies voortvloeiend uit statuut

Lisensie-aansoekfooie: Ingevolge artikel 44(1) van die Wet (Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, Wet 4 van 1996) moet die voorgeskrewe nuwe lisensie-aansoekfooi betaal word deur elke aansoeker om 'n lisensie by voorlegging van 'n nuwe lisensie-aansoek.

Raadsinspekteur se diensfooie: Ingevolge artikel 34(1) van die Wet sal enige persoon wat 'n aansoek ingevolge hierdie Wet indien, vir alle koste wat redelikerwys aangegaan is deur of namens die Raad vir die uitvoering van enige verhoor, ondersoek of navrae waarvoor daar in hierdie Wet voorsiening gemaak word, aanspreeklik wees en sodanige koste op die voorgeskrewe wyse aan die Raad betaal.

Ondersoekfooie: Ingevolge artikel 44(2) van die Wet moet die voorgeskrewe jaarlikse ondersoekfooie deur 'n lisensiehouer betaal word met die uitreiking van die lisensie en daarna jaarliks met die hernuwing daarvan.

Bepaling van transaksiebedrag

Lisensie-aansoekfooie: Aansoekfooie vir nuwe lisensies word uiteengesit in "Bylae B: Aansoekfooi vir Nuwe Lisensies" in die Wes-Kaapse Regulasies op Dobbelary en Wedrenne (Fooie en Koste), 2016: Wysiging, 2024.

Raadsinspekteur se diensfooie: Raadsinspekteurs se diensfooie verteenwoordig die uurlikse dienstariewe vir Raads-inspekteurs wat deugsaamheids- en aansoekondersoeke uitvoer. Die Raad het ook vasgestelde tariewe gehef vir lisensie-aansoeke vir sleutelwerknemers en dobbelwerknemers.

Jaarlikse ondersoekfooie: Jaarlikse ondersoek- en lisensiefooie word uiteengesit in "Bylae C: Jaarlikse Lisensie- en Ondersoekfooie" in die Wes-Kaapse Regulasies op Dobbelary en Wedrenne (Fooie en Koste), 2016: Wysiging, 2024.

Rente of ander koste gehef

Geen rente is in die oorsigjaar vir statutêre ontvangbare rekeninge gehef nie.

Diskontokoers toegepas op die geskatte toekomstige kontantvloeie

Statutêre ontvangbare rekeninge word nie gediskonteer nie.

Ontvangbare rekeninge agterstallig maar nie in waarde gedaal nie

Spesifiek ten opsigte van statutêre ontvangbare rekeninge

Statutêre ontvangbare rekeninge wat meer as 30 dae uitstaande is, word as agterstallig beskou, maar nie in waarde gedaal nie. Op 31 Maart 2025 was statutêre ontvangbare rekening van R113 906 (31 Maart 2024: R223 476) agterstallig maar nie in waarde gedaal nie. Dit hou verband met bestaande lisensiehouers met geen vorige wanbetalings nie. Bestuur het die waardedalingsaanwysers vir statutêre ontvangbare rekeninge oorweeg, soos uiteengesit in rekeningkundige beleid 1.8. Op grond van hierdie assessering het geen van die uitstaande bedra in waarde gedaal nie.

Die veroudering van agterstallige bedrae wat nie in waarde gedaal het nie, is soos volg:

Groep 1: 31 - 60 dae agterstallig	48 896	80 000
Groep 2: 61 - 90 dae agterstallig	17 679	85 812
Groep 3: 91 en meer dae agterstallig	47 331	57 664
	113 906	**223 476**

Syfers in Rand	2025	2024

5. Ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies (vervolg)

Kredietgehalte van handelsdebiteure en ander ontvangbare rekeninge

Die kredietgehalte van handelsdebiteure en ander ontvangbare rekening wat nie agterstallig is of in waarde gedaal het nie, kan geassesseer word met verwysing na eksterne kredietgraderings (indien beskikbaar) of na historiese inligting oor teenpartywanbetalingskoerse:

Handelsdebiteure

Teenpartye sonder eksterne kredietgradering

Groep 1	262 766	706 662
Groep 1 – nuwe klant (minder as 6 maande).		

Nie een van die finansiële bates wat ten volle presteer is in die afgelope jaar heronderhandel nie.

Handelsdebiteure en ander ontvangbare rekeninge wat nie agterstallig is of in waarde gedaal het nie

Handelsdebiteure en ander ontvangbare rekeninge wat op jaareinde nie statutêre ontvangbare rekeninge uitmaak nie, was nie agterstallig of in waarde gedaal nie (31 Maart 2024: Rnul).

6. Ontvangbare rekeninge uit nieruiltransaksies

Statutêre ontvangbare rekeninge uit nieruiltransaksies	61 976 302	81 903 597

Statutêre ontvangbare rekeninge ingesluit by ontvangbare rekeninge uit nieruiltransaksies hier bo, is soos volg:

Jaarlikse lisensiefooie	68 057	134 771
Dobbelbelasting	61 908 245	81 768 826
	61 976 302	**81 903 597**
Totale ontvangbare rekeninge uit nieruiltransaksies	61 976 302	81 903 597

Statutêre ontvangbare rekeninge: Algemene inligting

Transaksies voortvloeiend uit statuut

Jaarlikse lisensiefooie: Ingevolge artikel 44(2) van die Wet moet die voorgeskrewe jaarlikse lisensiefooie deur ’n lisensiehouer betaal word met die uitreiking van die lisensie en daarna jaarliks met die hernuwing daarvan.

Dobbelbelasting: Ingevolge artikel 64(1) van die Wet moet daar van tyd tot tyd en op die voorgeskrewe wyse dobbel- en wedderybelasting aan die Raad betaal word deur die houers van lisensies, soos bepaal in Bylae III en IV.

Syfers in Rand	2025	2024

6. Ontvangbare rekeninge uit nieruiltransaksies (vervolg)

Bepaling van transaksiebedrag

Jaarlikse lisensiefooie: Jaarlikse lisensiefooie word uiteengesit in "Bylae C: Jaarlikse Lisensie- en Ondersoekfooie" in die Wes-Kaapse Regulasies op Dobbelary en Wedrenne (Fooie en Koste), 2016: Wysiging, 2024.

Dobbelbelasting: Die vasstelling van bedrae wat vir belasting betaalbaar is op dobbelaktiwiteite, word bepaal in Bylae III en IV tot die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne.

Rente of ander koste gehef

Geen rente is in die oorsigjaar vir statutêre ontvangbare rekeninge gehef nie.

Diskontokoers toegepas op die geskatte toekomstige kontantvloeie

Statutêre ontvangbare rekeninge word nie gediskonteer nie.

Statutêre ontvangbare rekeninge agterstallig maar nie in waarde gedaal nie

Statutêre ontvangbare rekeninge wat meer as 30 dae uitstaande is, word as agterstallig beskou, maar nie in waarde gedaal nie. Daar was op 31 Maart 2025 geen statutêre ontvangbare rekeninge agterstallig of in waarde gedaal nie (31 Maart 2024: R11 830).

Die veroudering van agterstallige bedrae wat nie in waarde gedaal het nie, is soos volg:

91 en meer dae agterstallig	-	11 830

Faktore wat die entiteit oorweeg het by die assessering van statutêre betaalbare rekening wat agterstallig is, maar nie in waarde gedaal het nie

Om te assesseer of daar enige aanduiding is dat 'n statutêre ontvangbare rekening of 'n groep statutêre ontvangbare rekeninge in waarde kon gedaal het, oorweeg die entiteit, as 'n minimum, die volgende aanduiers:

- Beduidende finansiële moeilikheid van die debiteur, wat bewys kan word deur 'n aansoek om skuldberading, sakeredding of gelykwaardig.
- Dit is waarskynlik dat die debiteur sekwestrasie, likwidasie of ander finansiële herorganisering sal ondergaan.
- 'n Oortreding van die bepalings van die transaksie, soos 'n wanbetaling of pligsversuim in hoof- of rentebetalings (waar gehef).
- Nadelige veranderinge in internasionale, nasionale of plaaslike ekonomiese toestande, soos 'n afname in groei, 'n toename in skuldvlakke en werkloosheid, of veranderinge aan migrasiesyfers en -patrone.

Syfers in Rand	2025	2024

7. Kontant en kontantekwivalente - Trustfondse

Trustfondse (sekuriteite)	46 800 236	43 302 835
Trustfondse (deugsaamheidskoste)	15 418 461	14 237 653
Totaal	**62 218 697**	**57 540 488**
Plus: Bedrag ontvangbaar uit bedryfsrekening		
Trusts	3 725 523	1 218 285
	65 944 220	**58 758 773**
Word tans in die finansiële state bekendgemaak		
Bedryfsbates		
Trustfondse (sekuriteite) - Verwys na Aantekening 3	46 800 236	43 302 835
Trustfondse (deugsaamheidskoste) - Verwys na Aantekening 3	19 143 984	15 455 938
Totaal	**65 944 220**	**58 758 773**
Bedryfslaste		
Trustkrediteure (sekuriteite)	46 800 236	43 302 835
Trustkrediteure (deugsaamheidskoste)	14 476 950	13 680 093
Totaal	**61 277 186**	**56 982 928**
Afwyking	4 667 034	1 775 845

Die afwyking soos hier bo aangedui is weens die vereffening van uitstaande bedrae betaalbaar deur lisensiehouers uit gelde wat aan die einde van die verslagtydperk van elke jaar vir onderskeie lisensiehouers in trust gehou word.

Rekonsiliasie van trustsaldo's		
Bedrae om trust gehou soos op 31 Maart (sekuriteite en deugsaamheidskoste)	62 218 697	57 540 488
Bedrae wat vanaf primêre bankrekening oorgedra moet word (deugsaamheidskoste)	3 725 523	1 218 285
Bedrae vereffen uit trustrekeninge vir uitstaande debiteuresaldo's	(4 667 034)	(1 775 845)
Trustsaldo's gehou namens lisensiehouers soos op 31 Maart	**61 277 186**	**56 982 928**

8. Kontant en kontantekwivalente IGSF-behuisingsfonds

IGSF: Behuisingstoelae	556 903	653 809

Die individueel-gekoppelde spaarfasiliteit in ingestel ingevolge klousule 4.5.6.3 en 4.5.6.4 van die Staatsdiens se Koördinerende Bedingingsraad Resolusie 7 van 2015.

Opgehoopte besparings sal slegs toegepas word met die doel om huiseienaarskap te verkry, 'n huis te bou en/of 'n huis te verbeter wat vir eienaarskap verkry is.

Verwys na Aantekening 3 - Kontant en kontantekwivalente.

Syfers in Rand	2025	2024

9. Eiendom, aanleg en toerusting

	2025			2024		
	Koste / Waardering	Opgehoopte waarde-vermindering en opgehoopte waardedaling	Drawaarde	Koste / waardering	Opgehoopte waarde-vermindering en opgehoopte waardedaling	Drawaarde
Grond	10 683 801	(1 883 801)	8 800 000	10 683 801	(1 883 801)	8 800 000
Geboue	14 811 633	(2 907 866)	11 903 767	14 811 633	(2 611 633)	12 200 000
Motorvoertuie	1 772 406	(1 629 820)	142 586	1 772 406	(1 563 292)	209 114
Toerusting en meubels	4 808 646	(3 159 845)	1 648 801	4 549 984	(2 837 760)	1 712 224
Rekenaars	6 393 062	(2 774 606)	3 618 456	5 559 113	(2 329 677)	3 229 436
Rekenaarbykomstighede	1 050 536	(865 360)	185 176	922 886	(816 971)	105 915
Totaal	**39 520 084**	**(13 221 298)**	**26 298 786**	**38 299 823**	**(12 043 134)**	**26 256 689**

Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting - 2025

	Beginsaldo	Toevoegings	Vervreemdings	Waarde-vermindering	Totaal
Grond	8 800 000	-	-	-	8 800 000
Geboue	12 200 000	-	-	(296 233)	11 903 767
Motorvoertuie	209 114	-	-	(66 528)	142 586
Toerusting en meubels	1 712 224	452 159	(11 091)	(504 491)	1 648 801
Rekenaars	3 229 436	1 159 996	(25 366)	(745 610)	3 618 456
Rekenaarbykomstighede	105 915	130 566	(89)	(51 216)	185 176
	26 256 689	**1 742 721**	**(36 546)**	**(1 664 078)**	**26 298 786**

Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting - 2024

	Beginsaldo	Toevoegings	Vervreem-dings	Waarde-vermindering	Waarde-dalings-verlies	Totaal
Grond	-	10 683 800	-	-	(1 883 800)	8 800 000
Geboue	-	14 811 633	-	(197 489)	(2 414 144)	12 200 000
Motorvoertuie	384 539	-	-	(175 425)	-	209 114
Toerusting en meubels	1 098 811	1 012 840	(1 444)	(397 983)	-	1 712 224
Rekenaars	3 550 280	321 289	(6 479)	(635 654)	-	3 229 436
Rekenaarbykomstighede	115 915	37 591	(2 502)	(45 089)	-	105 915
	5 149 545	**26 867 153**	**(10 425)**	**(1 451 640)**	**(4 297 944)**	**26 256 689**

Verpand as sekuriteit

Geen van die eiendom, aanleg en toerusting is as waarborg vir laste verskaf nie.

Syfers in Rand	2025	2024

9. Eiendom, aanleg en toerusting (vervolg)

Vergoeding ontvang vir verliese op eiendom, aanleg en toerusting – ingesluit by bedryfswins.

Die Raad het geen vergoeding van derde partye ontvang vir items eiendom, aanleg en toerusting wat in waarde verminder het, verloor is of prysgegee is nie.

Herwaarderings

Grond en geboue is op 31 Maart 2024 herwaardeer deur 'n Professionele Waardeerder ingevolge artikel 20(2)(a) van die Wet op die Eiendomswaardeerdersberoep, 2000.

Die markwaarde van grond en geboue is bepaal deur aktiewe markpryse te gebruik. Die benaderingsmetode, kapitalisering van inkomste, is gebruik om die waarde van die eiendom te bepaal.

Die waardering is met die volgende aannames uitgevoer:
- Die eiendom word vry van en sonder enige of alle pandregte of beswarings gewaardeer.
- Daar is geen verborge of onduidelike toestande van die eiendom, ondergrond of strukture wat dit waardevol maak nie.
- Daar is aan alle toepaslike sonerings- en gebruiksregulasies en -beperkings voldoen.
- Die benutting van die grond en verbeterings val binne die grense of eiendomslyne van die beskrewe eiendom en daar is geen oorskryding of oortreding nie.

Grond en geboue word elke 3 jaar onafhanklik herwaardeer.

Ander inligting

1. Daar was geen kapitaalverpligtinge met betrekking tot eiendom, aanleg en toerusting teen jaareinde nie.
2. Op 31 Maart 2025 is bates met 'n totale koste van R765 791 ten volle in waarde verminder. Vier van hierdie bates, met 'n gekombineerde koste van R566 790, verteenwoordig IBM-bedieners wat gedurende die lopende jaar vervang is. Alhoewel dit oorspronklik vir vervreemding bedoel was, het die IKT-afdeling aangedui dat die bedieners as spaaritems behou en vir toetsdoeleindes gebruik sal word.

Eiendom, aanleg en toerusting wat tans gebou of ontwikkel word

Die Raad het in die oorsigtydperk nie eiendom, aanleg en toerusting gehad wat tans gebou of ontwikkel word nie.

Uitgawes aangegaan om eiendom, aanleg en toerusting te herstel en in stand te hou

Uitgawes aangegaan om eiendom, aanleg en toerusting in stand te hou, word in Aantekening 32 by die finansiële state bekendgemaak.

Beperkte titel

Die Raad het soos op 31 Maart 2025 geen eiendom, aanleg en toerusting gehad waarvan die titel beperk was nie.

Wesenlike waardedalingsverliese - 2024

Soos bekendgemaak in die rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting, het die Raad 'n totale waardedalingsverlies van R4 297 944 ten opsigte van grond en geboue erken. Die waardedalingsverlies was as gevolg van die herwaardering van die gebou. Die Raad het die gebou teen 'n premie gekoop; verder het die Raad nieterugbetaalbare belasting op toegevoegde waarde ten bedrae van R3 300 000 betaal. Aangesien die Raad nie 'n BTW-ondernemer is nie, is die nieterugbetaalbare belasting nie deur die Raad verhaalbaar nie en het dit dus gelei tot die verhoogde waardedalingsverlies op die gebou. Die grond en geboue is niekontantgenererende bates aangesien die Raad hierdie bates vir administratiewe doeleindes hou.

Die verhaalbare diensbedrag van grond en geboue is die billike waarde minus koste om te verkoop. Soos bekendgemaak onder die opskrif "Herwaarderings", is 'n onafhanklike waardeerder gebruik om die verhaalbare diensbedrag te bepaal.

Syfers in Rand	2025	2024

10. Ontasbare bates

	2025			2024		
	Koste / Waardering	Opgehoopte amortisasie en opgehoopte waardedaling	Drawaarde	Koste / Waardering	Opgehoopte amortisasie en opgehoopte waardedaling	Drawaarde
Rekenaarsagteware	133 287	(108 335)	24 952	133 287	(101 396)	31 891
Intern gegenereerde rekenaarsagteware	6 169 364	(1 954 591)	4 214 773	5 738 574	(1 561 383)	4 177 191
Totaal	**6 302 651**	**(2 062 926)**	**4 239 725**	**5 871 861**	**(1 662 779)**	**4 209 082**

Rekonsiliasie van ontasbare bates - 2025

	Beginsaldo	Toevoegings	Amortisasie	Totaal
Rekenaarsagteware	31 891	-	(6 939)	24 952
Intern gegenereerde rekenaarsagteware	4 177 191	430 790	(393 208)	4 214 773
	4 209 082	**430 790**	**(400 148)**	**4 239 725**

Rekonsiliasie van ontasbare bates - 2024

	Beginsaldo	Amortisasie	Totaal
Rekenaarsagteware	38 830	(6 939)	31 891
Intern gegenereerde rekenaarsagteware	4 559 763	(382 572)	4 177 191
	4 598 593	**(389 511)**	**4 209 082**

Verpand as sekuriteit

Geen van die ontasbare bates is as waarborg vir laste verskaf nie.

Ontasbare bates wat in die oorsigjaar ontwikkel is

Rekenaarsagteware, intern gegenereer	430 790	-

Toevoegings vir die jaar behels onder meer die ontwikkeling van ’n aanlyn stelsel vir die hantering van versoeke ten bedrae van R47 840, asook verdere verbeterings aan die Raad se bestaande intern gegenereerde ontasbare bate, Projek Genesis, ten bedrae van R382 950.

Ontasbare bates wat tans gebou of ontwikkel word

Die Raad het op 31 Maart 2025 geen ontasbare bates gehad wat in die proses van ontwikkeling was nie.

Navorsing- en ontwikkelingsuitgawes

Aanlyn stelsel vir die hantering van versoeke	11 960	-

Die Raad het navorsings- en ontwikkelingsuitgawes van R11 960 aangegaan met betrekking tot die ontwikkeling van ’n aanlyn stelsel vir die hantering van versoeke. Hierdie uitgawes word ingesluit by konsultasie- en professionele fooie in Aantekening 23 by die finansiële state.

Syfers in Rand	2025	2024

10. Ontasbare bates (vervolg)

Beperkte titel

Die Raad het op 31 Maart 2025 geen ontasbare bates gehad waarvan die titel beperk was nie.

Wesenlike individuele ontasbare bate

Die Projek vir Outomatisering van Lisensiëring is 'n individuele bate wat wesenlik vir die Raad se finansiële state is.

Die drawaarde van die gekapitaliseerde ontwikkelingskoste vir die Projek vir Outomatisering van Lisensiëring het R4 214 773 beloop soos op 31 Maart 2025 (31 Maart 2024: R4 177 191).

Die oorblywende amortisasietydperk van die Projek vir Outomatisering van Lisensiëring is 9 jaar.

Ander inligting

Die Raad het op 31 Maart 2025 geen kontraktuele verpligtinge vir die verkryging van ontasbare bates gehad nie.

11. Betaalbare rekeninge uit ruiltransaksies

Handelskrediteure	2 080 216	1 331 200

12. Belasting en oordragte betaalbaar

Provinsiale Inkomstefonds (verwys na Aantekening 27)	96 089 796	110 060 510
Kenilworth Racing (Wedderyheffing)	3 038 584	2 835 108
	99 128 380	**112 895 618**

13. Voorsienings

Rekonsiliasie van voorsienings - 2025

	Beginsaldo	Toevoegings	Aangewend gedurende die jaar	Omgekeer gedurende die jaar	Totaal
Regsverrigtinge	682 117	-	(427 509)	(254 608)	-

Rekonsiliasie van voorsienings - 2024

	Beginsaldo	Toevoegings	Aangewend gedurende die jaar	Omgekeer gedurende die jaar	Totaal
Regsverrigtinge	600 000	682 117	(356 900)	(243 100)	682 117

Drie lisensiehouers het op 22 November 2017 met hersieningsverrigtinge begin. Die aansoekers het by die Wes-Kaapse Hooggeregshof, Kaapstad aansoek gedoen om die hersiening van die Raad se besluit om BBSEB-lisensievoorwaardes aan die aansoekers as lisensiehouers op te lê, tersyde te stel en onwettig en ongeldig te verklaar. Verder, dat die Hof koste toeken teen enige party wat die aansoek teenstaan. Uitspraak is op 11 Desember 2019 ten gunste van die Raad gelewer. Die lisensiehouers het op 30 Januarie 2020 by die Hooggeregshof van Appèl aansoek gedoen om verlof tot appèl. Die aansoeker se verlof tot appèl is op 15 Desember 2020 toegestaan. Die saak is op 24 Mei 2022 voor die Hooggeregshof van Appèl aangevoer. Uitspraak is op 24 Junie 2022 gelewer. Die appèl is met koste gehandhaaf en die bevel van die hof a quo is tersyde gestel. Regsfooie ten bedrae van R427 509 is gedurende die oorsigjaar aan die aansoekers betaal. Voordat hierdie saak afgehandel is, was die skatting vir die aansoekers se regskoste R682 117. Ná die skikking van hierdie aanspreeklikheid is daar nie enige verdere voorsiening nie.

Syfers in Rand	2025	2024

14. Werknemervoordele

Werknemervoordele

Bedryfslaste	5 465 727	4 706 432
Niebedryfslaste	5 547 000	4 520 000
	11 012 727	**9 226 432**

Bedryfslaste - Werknemervoordele

Toevalling vir verlofbetaling	3 972 586	3 258 469
Toevalling vir bonus	538 238	510 154
Subtotaal	4 510 824	3 768 623
Lopende gedeelte van na-aftrede- mediese fonds	87 000	88 000
Lopende gedeelte van langdienstoekennings	311 000	196 000
IGSF: Behuisingstoelae	556 903	653 809
	5 465 727	**4 706 432**

Nielopend - Werknemervoordele

Langdienstoekennings	725 000	786 000
Na-aftrede mediese fonds	5 220 000	4 018 000
Subtotaal	5 945 000	4 804 000
Minus: Bedryfslas	(398 000)	(284 000)
	5 547 000	**4 520 000**

Langdienstoekennings

Die Raad bied aan werknemers langdienstoekennings vir elke tien (10) jaar se ononderbroke diens wat voltooi is, van tien jaar diens tot veertig (40) jaar diens, inklusief.

Die tabel hier onder sit die Beleid oor Langdienstoekennings uiteen:

Voltooide diens (in jaar)	Voor 23 Maart 2017 aangestel	Na 23 Maart 2017 aangestel
10 jaar	'n Kontantbedrag gelykstaande aan die maandelikse voordeelsalaris van die werknemer op sy/haar 10-jaar-herdenking	Geen
20 jaar	R 10 899	R 10 899
30 jaar	R 21 797	R 21 797
40 jaar	R 29 064	R 29 064

Syfers in Rand	2025	2024

14. Werknemervoordele (vervolg)

Waardering van bates

Voorsiening is gemaak vir die Raad se verpligting vir langdienstoekennings. Geen toegewyde bates is egter opsy gesit om hierdie verpligting te dek nie.

Nadiens- mediesefondsplan

Werknemers van die Raad neem deel aan 'n mediese skema van hul keuse. Die Raad sal voortgaan om 'n mediesehulpsubsidie van 75% van medieseskemabydraes te bied indien 'n werknemer:

- Die diens van die Raad verlaat het of verlaat weens aftrede (insluitend vroeë aftrede), afsterwe of ontslag as gevolg van ongeskiktheid weens swak gesondheid of besering;
- Minstens vyftig (50) jaar oud geword het;
- Vir die twaalf (12) maande voor die datum waarop hy/sy die diens van die Raad verlaat het, 'n hooflid van 'n geregistreerde mediese skema gebly het;
- Indien 'n werknemer of voormalige werknemer sterf en sy of haar gade die hooflid van 'n geregistreerde mediese skema word, kom die gade in aanmerking om die subsidie te ontvang.

Die subsidie soos op 1 Januarie 2025 was R3 836 per maand (R3 620 per maand op 1 Januarie 2024) en sal na verwagting op 1 Januarie 2026 met 8.93% styg.

Veranderinge in die huidige waarde van die vastevoordeelverpligting is soos volg:

Beginsaldo	4 804 000	5 143 000
Netto uitgawe is in die staat van finansiële prestasie erken	1 141 000	(339 000)
	5 945 000	**4 804 000**

Opgeloopte aanspreeklikheid

Langdienstoekennings		
Bedryfslas	311 000	196 000
Niebedryfslas	414 000	590 000
Na-aftrede mediese fonds		
Bedryfslas	87 0000	88 000
Niebedryfslas	5 133 000	3 930 000
	5 945 000	**4 804 000**

Syfers in Rand	2025	2024

14. Werknemervoordele (vervolg)

Netto uitgawe is soos volg in die staat van finansiële prestasie erken:

Lopende dienskoste: Langdienstoekennings*	71 000	81 000
Lopende dienskoste: Mediesefondsvoordeel*	180 000	204 000
Rentekoste: Langdienstoekennings*	76 000	75 000
Rentekoste: Mediesefondsvoordeel*	627 000	597 000
Voordele betaal: Langdienstoekennings*	(119 698)	(177 482)
Voordele betaal: Mediesefondsvoordeel*	(66 132)	(57 641)
Aktuariële verlies/(wins) weens veranderinge in demografiese aanname: Langdienstoekennings	(93 302)	482
Aktuariële verlies/(wins) weens veranderinge in finansiële aanname: Langdienstoekennings	5 000	(22 000)
Aktuariële verlies/(wins) weens veranderinge in demografiese aanname: Mediesefondsvoordeel	287 132	(717 359)
Aktuariële verlies/(wins) weens veranderinge in finansiële aanname: Mediesefondsvoordeel	174 000	(322 000)
	1 141 000	**(339 000)**

*Hierdie items word ingesluit as deel van die inligting wat in Aantekening 22 by die finansiële state bekendgemaak word (mediese fonds maatskappybydraes en langdienstoekennings).

Sleutelaannames gebruik

Aannames wat op die verslagdatum gebruik is:

Langdienstoekennings	31 Maart 2025	31 Maart 2024
Diskontokoers	8.95%	9.98%
VPI (verbruikersprysinflasie)	4.46%	5.27%
Normale salarisverhogingskoers	5.46%	6.27%
Netto effektiewe diskontokoers	3.32%	3.49%
Sterfte voor aftrede	SA 85 - 90 (lig)	SA 85 - 90 (lig)

Na-aftrede mediese fonds	31 Maart 2025	31 Maart 2024
Diskontokoers	13.34%	15.26%
Mediese VPI (verbruikersprysinflasie)	7.93%	9.58%
Mediesefondsbydrae-inflasie	8.93%	10.58%
Netto effektiewe diskontokoers	4.05%	4.23%

Syfers in Rand	2025	2024

14. Werknemervoordele (vervolg)

Demografiese aannames	31 Maart 2025	31 Maart 2024
Sterfte voor aftrede	SA 85 - 90 (lig)	SA 85 - 90 (lig)
Sterfte na aftrede	PA (90) 2 jaar afgegradeer en 1% jaarlikse verbetering vanaf 2006	PA (90) 2 jaar afgegradeer en 1% jaarlikse verbetering vanaf 2006 (NDMF)
Gemiddelde aftree-ouderdom	65	65
Proporsie met gade wat by aftrede afhanklik is	85%	85%
Voortsetting van lidmaatskap by aftrede	70%	80%

Verwys na die tabel hier onder vir meer inligting oor belangrike aannames:

Diskontokoers	AARP 25 omskryf soos volg die bepaling van die diskontokoersaanname wat gebruik moet word: Die diskontokoers wat die tydwaarde van geld weerspieël, word die beste weergegee deur te verwys na markopbrengste op staatseffekte op die verslagdoeningsdatum. Waar daar geen diep mark in staatseffekte bestaan met 'n uitkeerdatum ver genoeg in die toekoms om die geraamde uitkeerdatum van al die voordelebetalings te ewenaar nie, gebruik 'n entiteit die huidige markkoerse van die toepaslike termyn om kortertermynbetalings te verdiskonteer, en raam die diskontokoers vir latere uitkeerdatums deur die ekstrapolering van huidige markkoerse op die opbrengskromme.
Normale salarisinflasiekoers	Die onderliggende toekomstige koers van verbruikersprysindeksinflasie (VPI-inflasie) is afgelei van die verhouding tussen die (gegrond op opbrengskromme) Konvensionele Effektekoers en die (gegrond op opbrengskromme) Inflasiegekoppelde Effektekoers vir die tydperk wat deur die waardering se geïmpliseerde duur aangedui word. Die aangenome koers van salarisinflasie is as die aangenome waarde van VPI plus 1% gestel.
Mediesefondsinflasie	Die Mediesefondsbydrae-inflasiekoers is gestel met verwysing na die vorige verhouding tussen die (gegrond op opbrengskromme) Diskontokoers vir elke relevante tydperk en die (gegrond op opbrengskromme) Mediesefondsbydrae-inflasie vir elke relevante tydperk. Suid-Afrika het in onlangse jare 'n hoë inflasie in die koste van gesondheidsorg ervaar. Die geannualiseerde saamgestelde koerse van verhoging vir die afgelope tien jaar dui daarop dat die inflasie van geregistreerde mediesefondsbydraes die algemene VPI met bykans 3% jaar-op-jaar oortref het. Hierdie verhogings word nie as volhoubaar beskou nie en daar is aangeneem dat die verhogings in mediesefondsbydraes die algemene inflasie met 1% per jaar oor die afsienbare toekoms sal oorskry.
Gemiddelde aftree-ouderdom	Die gemiddelde aftree-ouderdom vir alle aktiewe werknemers word aangeneem as 65 jaar. Hierdie aanname maak uitdruklik voorsiening vir aftrede weens swak gesondheid en vir vroeë aftrede.
Sterftekoers	Sterfte voor aftrede is gegrond op die SA 85 90-sterftesyfertabelle. Hierdie tabelle word mees algemeen in die bedryf gebruik. Sterfte ná diens (vir pensioenarisse) is op die PA (90) uiteindelike sterftesyfertabelle gegrond. Geen uitdruklike aanname is gemaak oor bykomende sterfte- of gesondheidsorgkoste as gevolg van VIGS nie.

Syfers in Rand	2025	2024

14. Werknemervoordele (vervolg)

Salarisverhogingskoerse met bevordering
Die volgende salarisverhogings met bevordering is aangeneem:

Ouderdomsgroep	Promosionele toename
20 - 24	5%
25 - 29	4%
30 - 34	3%
35 - 39	2%
40 - 44	1%
45 en ouer	0%

Afnames in onttrekking: Langdienstoekennings
Toekenning vir onttrekkings is op grond van ouderdom gemaak, soos opgesom in die tabel hier onder:

Ouderdomsgroep	Onttrekkingskoers, mans	Onttrekkingskoers, vroue
20 - 24	16%	24%
25 - 29	12%	18%
30 - 34	10%	15%
35 - 39	8%	10%
40 - 44	6%	6%
45 - 49	4%	4%
50 - 54	2%	2%
55 - 59	1%	1%
60+	0%	0%

Afnames in onttrekking: Na-aftrede mediese fonds
Toekenning vir onttrekkings is op grond van ouderdom gemaak, soos opgesom in die tabel hier onder:

Ouderdomsgroep	Onttrekkingskoers, mans	Onttrekkingskoers, vroue
20 - 24	15%	15%
25 - 29	10%	10%
30 - 34	7%	7%
35 - 39	4%	4%
40 - 44	2%	2%
45 +	0%	0%

Vroeë aftrede: Langdienstoekennings

Die aangenome koerse van vroeë aftrede is soos volg:

Ouderdomsgroep	Vermindering vir mans - NRA 65	Vermindering vir vroue NRA 65
20 - 54	0%	0%
55 - 59	5%	10%
60 - 64	5%	10%
65	100%	100%

Syfers in Rand	2025	2024

14. Werknemervoordele (vervolg)

Sensitiwiteitsontleding

Die resultate van die waardering hang af van die aannames wat gebruik is. Die tabelle hier onder dui eerstens aan hoe die opgeloopte aanspreeklikheid soos op 31 Maart 2025 deur veranderinge in die aannames geraak word, en tweedens hoe die inkomstestaatuitgawes (rente en dienskoste) deur veranderinge in aannames geraak word.

Na-aftrede mediese fonds

Sterftekoers

Afwykings van die aanvaarde vlak van sterfte-ervaring van die huidige werknemers en die voortsetting-werknemers (pensioenarisse) sal 'n groot impak op die werklike koste vir die organisasie inhou. As die werklike sterftesyfers hoër is as die koerse wat in die waardasiegrondslag aanvaar word, sal die organisasie se koste in die vorm van subsidies verminder, en omgekeer.

Die tabel hier onder illustreer die effek van hoër en laer sterftesyfers deur die sterftesyfers met 20% te verhoog en te verlaag. Die effek is soos volg:

	20% Sterftekoers	Waardering Aanname	+20% Sterftekoers
Totale opgeloopte aanspreeklikheid	R 5 656 000	R 5 220 000	R 4 849 000
Rentekoste	R 779 000	R 718 000	R 666 000
Dienskoste	R 270 000	R 247 000	R 227 000

Mediesefondsinflasie

Die koste van die subsidie ná aftrede hang af van die verhoging in die bydraes tot die mediese fonds voor en na aftrede. Die koers waarteen hierdie bydraes verhoog, sal dus 'n direkte effek hê op die aanspreeklikheid van toekomstige afgetredenes.

Die tabel hier onder illustreer die effek van 'n 1% p.j.-verandering in die mediesefondsinflasie-aanname. Die effek is soos volg:

	1% Mediese fonds inflasie	Waardering Aanname	+1% Mediese fonds inflasie
Totale opgeloopte aanspreeklikheid	R 4 938 000	R 5 220 000	R 5 367 000
Rentekoste	R 678 000	R 718 000	R 738 000
Dienskoste	R 231 000	R 247 000	R 254 000

Diskontokoers

Die waarde van die aanspreeklikheid is direk afhanklik van die vlak van die diskontokoers wat gebruik is om die toekomstige verwagte kontantvloeie te verdiskonteer As die diskontokoers hoër is, sal die huidige waarde van die aanspreeklikheid laer wees, en omgekeer.

Die tabel hier onder illustreer die effek van 'n 1%-verandering in die diskontokoersaanname. Die effek is soos volg:

	1%-diskontokoers	Waardering Aanname	+1%-diskontokoers
Totale opgeloopte aanspreeklikheid	R 6 156 000	R 5 220 000	R 4 469 000
Rentekoste	R 850 000	R 718 000	R 612 000
Dienskoste	R 301 000	R 247 000	R 204 000

Syfers in Rand	2025	2024

14. Werknemervoordele (vervolg)

Langdienstoekennings

Onttrekkingskoers

Afwykings van die aanvaarde vlak van onttrekkingservaring van die kwalifiserende werknemers sal 'n groot impak op die werklike koste vir die organisasie inhou. As die werklike onttrekkingskoers hoër is as die koerse wat in die waardasiegrondslag aanvaar word, sal die organisasie se koste in die vorm van voordele verminder, en omgekeer. Die tabel hier onder illustreer die effek van hoër en laer onttrekkingskoerse deur die onttrekkingskoerse met 20% te verhoog en te verlaag. Die effek is soos volg:

	20% Onttrekkingskoers	Waardering Aanname	+20% Onttrekkingskoers
Totale opgeloopte aanspreeklikheid	R 739 000	R 725 000	R 711 000
Rentekoste	R 59 000	R 58 000	R 57 000
Dienskoste	R 60 000	R 59 000	R 58 000

Normale salarisinflasie

Die koste van die langdienstoekennings hang af van die verhoging in die jaarlikse salarisse wat aan werknemers betaal word. Die koers waarteen salarisse verhoog sal dus 'n direkte effek op die aanspreeklikheid van toekomstige werknemers hê.

Die tabel hier onder illustreer die effek van 'n 1% p.j.-verandering in die normale salarisinflasie-aanname. Die effek is soos volg:

	1% Normale salarisinflasie	Waardering Aanname	+1% Normale salarisinflasie
Totale opgeloopte aanspreeklikheid	R 781 000	R 725 000	R 791 000
Rentekoste	R70 000	R 58 000	R 72 000
Dienskoste	R 76 000	R 59 000	R 77 000

Diskontokoers

Die waarde van die aanspreeklikheid is direk afhanklik van die vlak van die diskontokoers wat gebruik is om die toekomstige verwagte kontantvloeie te verdiskonteer As die diskontokoers hoër is, sal die huidige waarde van die aanspreeklikheid laer wees, en omgekeer.

Die tabel hier onder illustreer die effek van 'n 1%-verandering in die diskontokoersaanname. Die effek is soos volg:

	1% Diskontokoers	Waardering Aanname	+1% Diskontokoers
Totale opgeloopte aanspreeklikheid	R 750 000	R 725 000	R 702 000
Rentekoste	R 60 000	R 58 000	R 56 000
Dienskoste	R 54 000	R 59 000	R 63 000

Vastebydraeplan

Die Raad het 'n vastebydrae-aftreeplan wat in die Republiek van Suid-Afrika gedomisilieer is en deur die Pensioenfondswet, 1956 (Wet 24 van 1956) gereguleer. Alle permanente personeel word deur die aftreevoordeelplan gedek.

Die bates van die fonds word afsonderlik van dié van die Raad in fondse onder die beheer van trustees gehou.

Syfers in Rand	2025	2024

14. Werknemervoordele (vervolg)

Die totale koste van R4 990 015 (2024: R4 941 035) wat teen inkomste gehef is, verteenwoordig bydraes betaalbaar aan die fonds, soos gespesifiseer in die reëls van die fonds (soos bekendgemaak in Aantekening 22 by die finansiële state).

Ander bekendmakings

Die vastevoordeelverpligtinge het die volgende tydsduur en uitkeer:

Geweegde gemiddelde tydsduur van die vastevoordeelverpligting (jaar)	31 Maart 2025	31 Maart 2024
Langdienstoekennings	3.73	3.74
Na-aftrede mediese fonds	18.69	19.19

Uitkeerontleding van voordeelbetalings: Langdienstoekennings

1 jaar na die waarderingsdatum	311 000	196 000
2 jaar na die waarderingsdatum	220 0000	296 000
3 jaar na die waarderingsdatum	202 000	209 000
	733 000	**701 000**

Uitkeerontleding van voordeelbetalings: Na aftrede mediese fonds

1 jaar na die waarderingsdatum	87 000	88 000
2 jaar na die waarderingsdatum	135 000	96 000
3 jaar na die waarderingsdatum	189 000	156 000
	411 000	**340 000**

15. Rente-inkomste

Rente-inkomste

Bank	4 816 282	4 516 961
Ander finansiële instellings	181 566	610 042
	4 997 848	**5 127 003**

16. Bedryfsinkomste

Raadsinspekteur se diensfooie	11 068 884	9 445 151
Ondersoekfooie	39 433 994	37 469 766
Lisensie-aansoekfooie	5 542 864	4 261 105
Beperkte Uitbetalingsmasjien-operateursfooie	4 018 704	3 596 156
	60 064 446	**54 772 178**

17. Huurinkomste

Huurinkomste	838 213	449 206

Die Raad het in Augustus 2023 kantoorakkommodasie verkry. Die verkoopsooreenkoms het 'n voorsiening vir die oordrag van die bestaande bruikhuurkontrak aan die Raad ingesluit. Die huurooreenkoms sal in April 2025 verval.

Syfers in Rand	2025	2024

18. Diverse inkomste

Regsfooie verhaal	699 723	321 370
Ander diverse inkomste	117 625	151 879
	817 348	**473 249**

19. Staatstoewysing

Provinsiale Inkomstefonds	24 586 000	21 178 000

Daar is voorwaardes aan die toewysing verbonde nie. Die toewysing word met ontvangs daarvan in oorskot/tekort erken.

20. Dienste in natura

Dienste in natura-voordeelinkomste	-	4 076 153

Die Raad het tot 31 Oktober 2023 'n gebou wat deur die Departement van Infrastruktuur bestuur word, kosteloos geokkupeer. Die bedrag wat in die finansiële state bekendgemaak word, is gegrond op die betalings wat deur die Departement van Infrastruktuur ten opsigte van huuruitgawes en nutsdienste gemaak is.

Die Raad erken die ooreenstemmende bedrag as 'n uitgawe vir die verbruik van dienste in natura, soos bekendgemaak in Aantekening 23 by die finansiële state.

21. Borgskappe ontvang

Bydraes tot die dobbelbedryf	-	846 500

Die bedrag van R846 500 verteenwoordig borgskappe wat van lisensiehouers ontvang is vir die Raad se Beraad oor Verantwoordelike Dobbelary wat in November 2023 gehou is. R677 000 verteenwoordig borgskappe wat in kontant ontvang is. Een lisensiehouer het die lokaal vir die geleentheid gratis geborg in die bedrag van R169 500.

Die Raad erken die ooreenstemmende bedrag as 'n uitgawe vir die verbruik van borgskappe ontvang, soos bekendgemaak in Aantekening 23 by die finansiële state.

22. Werknemerverwante koste

Basiese salaris	40 139 244	38 224 570
Bonus	2 904 077	2 715 925
Mediese fonds - maatskappybydraes	3 199 839	3 098 182
WVF	156 960	153 525
Verlofbetaling	1 682 548	1 144 607
Vervoertoelae	62 500	-
Vastebydraeplanne	4 990 015	4 941 035
Motortoelaes	12 120	12 120
Oortydbetalings	323 668	144 728
Langdienstoekennings	71 001	81 001
Waarnemingstoelae	323 432	181 318
Behuisingsvoordele en -toelaes	989 296	1 045 827
	54 854 700	**51 742 838**

Syfers in Rand	2025	2024

22. Werknemerverwante koste (vervolg)

Vergoeding van uitvoerende bestuur

Die vergoeding van uitvoerende bestuur, soos uiteengesit in Aantekening 25 by die finansiële state, word ingesluit by die werknemerverwante koste wat in hierdie aantekening bekendgemaak word.

Vergoeding van Raadslede

Fooie wat aan die lede van die Raad betaal is, soos uiteengesit in Aantekening 25 by die finansiële state, word ingesluit by die werknemerverwante koste wat in hierdie aantekening bekendgemaak word.

23. Algemene uitgawes

Reklame	-	49 720
Ouditeursvergoeding	2 897 907	2 962 906
Bankkoste	5 662	3 495
Skoonmaak	339 949	269 277
Jaarlikse lisensies vir rekenaarsagteware	2 792 716	2 490 708
Konferensies en lidmaatskapfooie	513 809	636 573
Konsultasie- en professionele fooie*	2 679 165	1 553 626
Verbruiksgoedere	71 272	52 801
Versekering	374 473	365 570
Heffings	478 214	458 976
Uitgawes vir vergaderings	187 912	34 640
Posgeld	3 840	4 237
Posgeld en koerier	479	614
Drukwerk en skryfbehoeftes	236 494	213 294
Werwingskoste	337 914	113 386
Huur van toerusting	224 238	206 918
Herstelwerk en instandhouding (verwys na Aantekening 32)	1 188 320	457 181
Bewusmaking oor Verantwoordelike Dobbelary	968 499	1 186 263
Sekuriteitsdienste	24 148	37 900
Dienste in natura (verwys na Aantekening 20)	-	4 076 153
Dienste: Vertalings/intekeninge/transkripsies	184 511	165 656
Borgskappe-uitgawes (verwys na Aantekening 21)	-	846 500
Personeelwelstand	514 756	358 178
Telefoon en faks	759 197	732 006
Opleiding	338 686	516 998
Vervoerkoste	-	134 059
Nutsdienste	736 393	527 909
	15 858 554	**18 455 544**

**Konsultasie- en professionele fooie sluit navorsingskoste in ten bedrae van R1.2 miljoen vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2025.*

Syfers in Rand	2025	2024

24. Huuruitgawes

Kantoorakkommodasie		
Kontraktuele bedrae	194 465	2 131 998
Bergingsfasiliteite		
Kontraktuele bedrae	1 599 579	544 903
	1 794 044	**2 676 901**

Die Raad is besig om sy kantoorakkommodasie op te knap. 'n Bruikhuurkontrak moes dienooreenkomstig aangegaan word vir die tydelike berging van meubels tot tyd en wyl die opknapping voltooi is.

25. Emolumente

Uitvoerend

2025	Emolumente	Aftreefonds	Bonus	Ander	Totaal
Hoof- Uitvoerende Beampte	1 584 818	31 148	93 167	13 204	1 722 337
Bestuurder: Regsdienste	727 579	39 618	58 265	51 014	876 476
DH: Admin en Finansies	1 194 240	64 087	73 285	58 050	1 389 662
DH: Lisensiëring	881 785	48 014	35 566	4 232	969 597
DH: Voldoening	1 286 128	69 448	78 701	56 980	1 491 257
DH: Inligtingstegnologie	1 230 341	66 020	74 381	10 462	1 381 204
Bestuurder: Menslike Hulpbronne	956 152	51 520	57 817	21 965	1 087 454
Bestuurder: Regsdienste (Waarnemend)	290 878	15 397	-	73 120	379 395
	8 151 921	**385 252**	**471 182**	**289 027**	**9 297 382**

**Ander voordele behels reistoelae, mediese voordele, waarnemingstoelaes en uitbetaalde verlof.*

2024	Emolumente	Aftreefonds	Bonus	Ander	Totaal
Hoof- Uitvoerende Beampte	1 460 791	78 536	88 770	131 716	1 759 813
Bestuurder: Regsdienste (Aantekening 1)	1 025 413	50 686	80 266	148 836	1 305 201
DH: Admin en Finansies	1 122 612	59 997	68 902	55 912	1 307 423
DH: Lisensiëring (Aantekening 2)	617 201	28 458	55 569	176 970	878 198
DH: Voldoening	1 224 992	66 327	74 686	93 317	1 459 322
DH: Inligtingstegnologie	1 155 985	61 785	69 872	26 827	1 314 469
Bestuurder: Menslike Hulpbronne	899 088	48 239	54 355	7 285	1 008 967
Bestuurder: Regsdienste (Waarnemend)	136 288	7 421	-	35 595	179 304
	7 642 370	**401 449**	**492 420**	**676 458**	**9 212 697**

Aantekening 1: *Die Bestuurder: Regsdienste het met ingang van 31 Januarie 2024 bedank. 'n Waarnemende Bestuurder: Regsdienste is op 1 Februarie 2024 aangestel.*
Aantekening 2: *Die DH: Lisensiëring het op 31 Oktober 2023 bedank.*

**Ander voordele behels reistoelae en mediese voordele*

Syfers in Rand	2025	2024

25. Emolumente (vervolg)

Raadslede

2025	Ledefooie	Ander fooie	Totaal
Mnr. C.A. Bassuday	394 391	24 649	419 040
Me. C. Fani	272 947	28 018	300 965
Mnr. R.G. Nicholls	278 393	20 635	299 028
Me. L. Venter	260 276	15 059	275 335
Mnr. M. Burton	281 524	11 134	292 658
Me. A. Mvandaba	190 342	20 963	211 305
Mnr. A. Chetty (Aantekening 1)	203 078	22 658	225 736
	1 880 951	**143 116**	**2 024 067**

(a) **Aantekening 1:** *Mnr. Chetty is op 1 April 2024 in die Raad aangestel.*

**Ander fooie behels eise vir besigheidskilometers en verblyftoelaes.*

2024	Ledefooie	Ander fooie	Totaal
Mnr. C.A. Bassuday	296 226	35 255	331 481
Me. C. Fani	161 065	7 640	168 705
Mnr. R.G. Nicholls	209 457	7 232	216 689
Mnr T Arendse	239 666	22 233	261 899
Me. L. Venter	218 668	25 889	244 557
Mnr. M. Burton	187 422	7 517	194 939
Me. A. Mvandaba	91 659	1 457	93 116
	1 404 163	**107 223**	**1 511 386**

26. Bedryfsbruikhuurkontrakte

Minimum bruikhuurbetalings betaalbaar		
- binne een jaar	131 528	224 237
- in tweede tot vyfde jaar inklusief	30 910	162 437
Huidige waarde van minimum bruikhuurbetalings	**162 438**	**386 674**

Bedryfsbruikhuurbetalings verteenwoordig huurgeld betaalbaar deur die Raad vir toerustinghuur.

Syfers in Rand	2025	2024

27. Verwante partye

Verwantskappe	Aard van die verwantskap	Transaksies vir die oorsigtydperk
Uitvoerende Gesag - Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie: Me. D. Baartman	Minister Baartman is die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir die administrasie van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne.	Geen direkte transaksies nie.
Wes-Kaapse Provinsiale Hoofamptenaar: Me. J. Gantana	Die WKRDW is 'n Skedule 3C WOFB Provinsiale Openbare Entiteit met die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie as sy moeder-/verantwoordelike departement. Me. J. Gantana is die Hoof van Provinsiale Tesourie in die Wes-Kaap.	Geen direkte transaksies nie.
Wes-Kaap Provinsiale Tesourie	Die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne (WKRDW) val onder die toesigverantwoordelikhede van die Provinsiale Tesourie.	Regeringstoewysing soos in Aantekening 19 bekendgemaak. Belasting en heffings, soos in Aantekening 28 bekendgemaak. Die transaksies wat as betaalbaar aan of ontvangbaar namens die Provinsiale Tesourie bekendgemaak word met die Tesourie wat as 'n kanaal na die Provinsiale Inkomstefonds optree het plaasgevind volgens die bepalings en voorwaardes van die Raad se mandaat en is met normale bedryfsparameters belyn.
Nie uitvoerende lede van die Raad	Die nie uitvoerende lede van die Raad vorm die Rekeningkundige Gesag van die WKRDW ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.	Fooie vir die bywoning van vergaderings word in Aantekening 25 bekendgemaak.
Uitvoerende bestuur van die Raad	Bestuur is daardie persone verantwoordelik vir beplanning, leiding en beheer van die aktiwiteite van die entiteit, insluitend diegene wat gelas is met die regeringsbestuur van die entiteit ingevolge wetgewing, in gevalle waar daar van hulle vereis word om sodanige funksies uit te voer.	Vergoeding van Uitvoerende Bestuur, soos in Aantekening 25 bekendgemaak.

Syfers in Rand	2025	2024
Verwantepartysaldo's		
Bedrae betaalbaar aan Provinsiale Tesourie, wat optree as 'n kanaal na die Provinsiale Inkomstefonds		
Belasting en heffings betaalbaar: Provinsiale Tesourie (Verwys na Aantekening 12)	77 146 753	100 536 948
Kontantoorskot: Provinsiale Tesourie (Verwys na Aantekening 12)	18 943 043	9 523 562
	96 089 796	**110 060 510**

Syfers in Rand	2025	2024

27. Verwante partye (vervolg)

Bedrae betaalbaar aan Provinsiale Tesourie, wat optree as 'n kanaal na die Provinsiale Inkomstefonds

Belasting en heffings ontvangbaar: Provinsiale Tesourie (verwys na Aantekening 37)	60 371 738	80 515 148

Sleutelbestuursinligting

Klas	Beskrywing	Getal
Nie-uitvoerende Raadslede	Die Raad bestaan uit lede wat deeltyds deur die Uitvoerende Raad aangestel word.	Sewe (7) lede was soos op 31 Maart 2025 op die Raad aangestel.
Uitvoerende bestuur	Die Uitvoerende Komitee bestaan uit die Hoof-Uitvoerende Beampte, die departementshoofde van Lisensiëring, Regulatoriese Voldoening, Administrasie en Finansies en IKT, asook die Bestuurder: Regsdienste en die Bestuurder: Menslike Hulpbronne.	Ses (6) senior bestuurders was soos op 31 Maart 2025 op die Uitvoerende Komitee aangestel.

28. Belasting en heffings wat gedurende die jaar ingevorder is

Provinsiale belasting

Casino	391 031 990	384 595 938
Perdewedrenne en Weddery	1 227 942 990	980 234 217
Beperkte Uitbetaling-masjiene	124 821 571	135 440 924
	1 743 796 551	**1 500 271 079**

Heffings

Casino	2 749 232	2 569 787
Perdewedrenne en Weddery	466 842	388 240
Beperkte Uitbetaling-masjiene	1 090 303	1 043 931
	4 306 377	**4 001 958**

Rente, boetes en strafgeld

Casino	43 000	5 625
Perdewedrenne en Weddery	42 200	160 597
Beperkte Uitbetaling-masjiene	14 923	32 503
	100 123	**198 725**

Totaal ingevorder

Provinsiale belasting	1 743 796 551	1 500 271 079
Heffings	4 306 377	4 001 958
Rente, boetes en strafgeld	100 123	198 725
	1 748 203 051	**1 504 471 762**

Uitkeerbaar aan:

Provinsiale Inkomstefonds	1 662 564 372	1 436 382 872
Kenilworth Racing	85 638 679	68 088 890
	1 748 203 051	**1 504 471 762**

Syfers in Rand	2025	2024

28. Belasting en heffings wat gedurende die jaar ingevorder is (gevolg)

Die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne (Wet 4 van 1996, soos gewysig) maak voorsiening vir die oplegging van statutêre belasting en fooie betaalbaar deur lisensiehouers, asook administratiewe boetes vir nievoldoening. Die Raad samel dobbelbelasting en -heffings op dobbeltransaksies in namens die Provinsiale Inkomstefonds en ander begunstigdes.

Die Raad is deel van 'n prinsipaal-agent-reëling met die Provinsiale Inkomstefonds. Inligting oor hierdie ooreenkoms word in Aantekening 37 by die finansiële state bekendgemaak.

29. Kontant voortgebring uit bedrywighede

Oorskot	12 469 451	4 984 466
Aansuiwerings vir:		
Waardevermindering - tasbare bates	1 664 078	1 451 640
Amortisasie - ontasbare bates	400 148	389 511
Waardedalingsverlies	-	4 297 946
Beweging in voorsienings	(682 117)	82 117
Beweging in werknemervoordele	1 786 295	(290 766)
Verlies/(Wins) op verkoop van bates	26 407	(36 012)
Dienste in natura-inkomste	-	(4 076 153)
Dienste in natura-uitgawes	-	4 076 153
Veranderinge in bedryfskapitaal:		
Voorrade	12 644	(14 949)
Ontvangbare rekeninge	701 877	(12 175)
Vooruitbetalings	(412 390)	(368 405)
Betaalbare rekeninge	(2 550 291)	6 959 117
Trustkrediteure	4 294 258	14 592 893
	17 710 360	**32 035 383**

30. Risikobestuur

Finansiële risikobestuur

Die entiteit se aktiwiteite stel dit bloot aan 'n verskeidenheid finansiële risiko's: kredietrisiko en likiditeitsrisiko.

Likiditeitsrisiko

Die entiteit se likiditeitsrisiko is 'n gevolg van die fondse wat beskikbaar is om toekomstige verpligtinge te dek. Die entiteit bestuur likiditeitsrisiko deur 'n voortdurende hersiening van toekomstige verpligtinge en kredietfasiliteite.

Die Raad se finansiële laste is binne 'n tydperk van twaalf (12) maande betaalbaar.

Die Raad het sy likiditeitsrisiko verminder deur te verseker dat daar voldoende bankfasiliteite en fondse in trust is vir enige eis wat teen handelsdebiteure ingestel word. Bestuur was soos op 31 Maart 2025 van mening dat daar geen beduidende konsentrasie van risiko was waarvoor daar nie voldoende voorsiening gemaak is nie.

Syfers in Rand	2025	2024

30. Risikobestuur (vervolg)

Die Raad se maksimum blootstelling aan likiditeitsrisiko op die verslagdatum word hier onder bekendgemaak:

Betaalbare rekeninge uit ruiltransaksies	2 080 216	1 251 581

Kredietrisiko

Kredietrisiko word op 'n groepbasis bestuur.

Kredietrisiko bestaan grotendeels uit banksaldo's, kontantekwivalente en ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies. Die Raad deponeer kontant slegs by groot banke met hoëgehalte-kredietwaardigheid en beperk blootstelling aan enige teenparty.

Ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies bestaan uit 'n wydverspreide kliëntebasis. Bestuur het kredietrisiko met betrekking tot kliënte deurlopend geëvalueer. Indien kliënte onafhanklik gegradeer word, word hierdie graderings gebruik. Andersins, as daar geen onafhanklike gradering is nie, assesseer risikobeheer die kredietgehalte van die kliënt met inagneming van hul finansiële posisie, vorige ervaring en ander faktore. Individuele risikolimiete word gestel op grond van interne of eksterne graderings volgens limiete wat deur die Raad gestel is.

Die uitstaande bedrag ten opsigte van ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies wat nie statutêre ontvangbare rekeninge verteenwoordig nie, het aan die einde van die verslagtydperk R262 766 (31 Maart 2024: R706 662) beloop. Die Raad hou geen spesifieke kollateraal vir hierdie saldo nie. Bestuur beskou die bedrag van R262 766 as ten volle verhaalbaar aangesien daar geen waardedalingsaanwysers vir hierdie saldo bestaan nie.

Die Raad hou geen spesifieke kollateraal vir sy kredietrisikoblootstelling buiten die trustrekeninge nie. Die Raad het in die oorsigjaar nie die kredietvoorwaardes van enige van sy debiteure heronderhandel nie. Bestuur was soos op 31 Maart 2025 van mening dat daar geen beduidende konsentrasie van risiko was waarvoor daar nie voldoende voorsiening gemaak is nie.

Daar was soos op 31 Maart 2025 geen uitstaande saldo's vir meer as 30 dae nie.

Finansiële bates wat op jaareinde aan kredietrisiko blootgestel was, was soos volg:

Kontant en kontantekwivalente	48 148 432	39 716 857
Ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies	262 766	706 662
Kontant en kontantekwivalente - Trustfondse (sekuriteite)	46 800 236	43 302 835
Kontant en kontantekwivalente - Trustfondse (trust)	19 143 984	15 455 938
Kontant en kontantekwivalente - IGSF-behuisingsfonds	556 903	653 809

Rentekoersbestuur

Die Raad bestee nie enige wesenlike bedrae aan rente nie en gevolglik is die Raad nie aan enige wesenlike renterisiko blootgestel nie.

Kontantfondse word bestuur volgens daaglikse bedryfsbehoeftes en oorskotfondse word teen gunstige koerse by betroubare finansiële instellings in Suid-Afrika geplaas.

Billike waarde van finansiële instrumente

Die drabedrae wat in die staat van finansiële posisie aangegee word vir ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies, kontant en kontantekwivalente, betaalbare rekeninge uit ruiltransaksies en ander finansiële laste, verteenwoordig die benaderde billike waarde.

Syfers in Rand	2025	2024

31. Finansiële instrumente

Kategorieë finansiële instrumente

2025

Finansiële bates	Teen geamortiseerde koste	Totaal
Kontant en kontantekwivalente	48 148 432	48 148 432
Ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies	262 766	262 766
Kontant en kontantekwivalente - Trustfondse (sekuriteite)	46 800 236	46 800 236
Kontant en kontantekwivalente - Trustfondse (sekuriteite)	19 143 984	19 143 984
Kontant en kontantekwivalente - IGSF-behuisingsfonds	556 903	556 903
	114 912 321	**114 912 321**

Finansiële laste	Teen geamortiseerde koste	Totaal
Betaalbare rekeninge uit ruiltransaksies	2 080 216	2 080 216

2024

Finansiële bates	Teen geamortiseerde koste	Totaal
Kontant en kontantekwivalente	39 716 857	39 716 857
Ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies	706 662	706 662
Kontant en kontantekwivalente - Trustfondse (sekuriteite)	43 302 835	43 302 835
Kontant en kontantekwivalente - Trustfondse (sekuriteite)	15 455 938	15 455 938
Kontant en kontantekwivalente - IGSF-behuisingsfonds	653 809	653 809
	99 836 101	**99 836 101**

Finansiële laste	Teen geamortiseerde koste	Totaal
Betaalbare rekeninge uit ruiltransaksies	1 251 581	1 251 581

32. Herstel en instandhouding

Herstel en instandhouding: Gebou	838 584	384 890
Herstel en instandhouding: Toerusting	190 626	35 618
Herstel en instandhouding: Voertuie	159 110	36 673
	1 188 320	**457 181**

Verwys na Aantekening 23 by die finansiële state waar herstelwerk en instandhouding bekendgemaak is.

Syfers in Rand	2025	2024

33. Gebeure na die verslagdatum

Daar was geen gebeure na die verslagdatum wat die finansiële state wesenlik kon beïnvloed nie.

34. Gebeurlikhede

Twee lisensiehouers het op 8 Februarie 2018 om 'n verklarende bevel in die Wes-Kaapse Hooggeregshof aansoek gedoen vir 'n bevel in die volgende terme: (a) Verklaring dat Freeplay-krediete nie 'n "drop" uitmaak vir die doel om aangepaste bruto inkomste te bereken nie, en dat dit nie deel uitmaak van belasbare inkomste ingevolge artikel 64 van die Wet gelees met Bylae III nie; (b) Bevel dat die Minister van Finansies, in haar hoedanigheid as die bewaarder van die provinsiale inkomstefonds, die aansoekers onderskeidelik R44 570 465 en R1 763 983 terugbetaal met betrekking tot betaalde belasting; (c) Alternatiewelik dat die Raad die genoemde bedrae verreken teen die aansoekers se toekomstige aanspreeklikheid om dobbelbelasting te betaal. Uitspraak is op 29 April 2020 ten gunste van die aansoekers gelewer. Die Raad het besluit om teen die uitspraak te appelleer nadat regsadvies oor die vooruitsigte van 'n suksesvolle appèl ingewin is. Die Raad en die Minister van Finansies is verlof toegestaan om by die HHA te appelleer teen die hele uitspraak en dat die koste van die aansoek koste in die appèl sal wees. Die appèl is op 22 November 2022 in die Hooggeregshof van Appèl aangehoor. Uitspraak is op 4 September 2023 gelewer en die appèl is bekragtig. Geen bevel is gemaak oor koste nie, aangesien die partye ooreengekom het dat elke party hul eie regskoste sal betaal. Die Hof sal dus nie aanspreeklikheid aan die Raad toereken om die koste van die ander aansoekers te betaal indien hulle slaag nie, en omgekeer. Die aansoeker het op 26 September 2023 'n Kennisgewing van Aansoek om Verlof tot Appèl by die Konstitusionele Hof ingedien en die Raad het op 9 Oktober 2023 sy Kennisgewing van Teenstand en Funderende Beëdigde Verklaring by die Konstitusionele Hof ingedien. Die saak is op 4 Februarie 2025 in die Konstitusionele Hof aangehoor. Uitspraak is voorbehou.

35. Rekonsiliasie tussen begroting en staat van finansiële prestasie

Rekonsiliasie van begrotingsoorskot/-tekort met die oorskot/tekort in die staat van finansiële prestasie:

Netto oorskot per die staat van finansiële prestasie	12 469 451	4 984 466
Aangesuiwer vir:		
Behoud van oorskotfondse	6 224 795	31 525 000
Waardevermindering: tasbare bates	1 664 078	1 451 640
Amortisasie: ontasbare bates	400 148	389 511
Waardedalingsverliese	-	4 297 946
Dienste in natura-inkomste	-	(4 076 153)
Dienste in natura-uitgawes	-	4 076 153
Verlies/(Wins) op verkoop van bates	26 407	(36 012)
Beweging in voorrade	12 644	(14 949)
Beweging in ontvangbare rekeninge	701 877	(12 175)
Beweging in vooruitbetalings	(412 390)	(368 405)
Beweging in betaalbare rekeninge	775 887	635 007
Beweging in werknemervoordele	1 786 295	(290 766)
Beweging in voorsienings	(682 117)	82 117
Netto oorskot per goedgekeurde begroting (verwys na Aantekening 360	**22 967 075**	**42 643 380**

36. Begrotingsverskille

Verskille tussen begroting en werklike bedrae op grond van voorbereiding en aanbieding

Die begrotings- en rekeningkundige grondslag verskil. Die bedrae in die finansiële jaarstate is gewysig vanaf die toevallings-grondslag na die kontantgrondslag en is herklassifiseer volgens funksionele klassifikasie om op dieselfde grondslag as die finale goedgekeurde begroting te wees. Aansuiwerings van bedrae in die finansiële jaarstate is gedoen om die werklike bedrae op 'n vergelykbare grondslag met die finale goedgekeurde begroting uit te druk. Verwys na die Staat van Vergelyking van Begroting en Werklike Bedrae waar die bedrae gegrond op die vergelykbare grondslag (kontant) bekendgemaak is.

Die bedrae van hierdie aansuiwerings word in die tabel hier onder geïdentifiseer:

	Werklik (toevallings-grondslag)	Aansuiwer-ings	Aangesuiwer volgens vergelyk-bare grondslag (kontant)	Aantekeninge oor aansuiwerings
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates	60 064 446	500 411	60 564 857	Beweging in rekeninge ontvangbaar
Entiteitinkomste buiten verkope	6 653 409	201 466	6 854 875	Niekontant-items
Departementele oordragte	24 586 000	-	24 586 000	
Behoud van oorskotfondse	-	6 224 795	6 224 795	Die kontantoorskot is in vorige jare behou en as sodanig word 'n aansuiwering in die lopende jaar vereis.
Totale inkomste	**91 303 855**	**6 926 672**	**98 230 527**	
Vergoeding van werknemers	(54 854 700)	710 465	(54 144 235)	
Goedere en dienste	(23 979 704)	2 860 487	(21 119 217)	Toevallings, beweging in voorrade en vooruitbetalings, nie kontant items
Totale uitgawes	**(78 834 404)**	**3 570 952**	**(75 263 452)**	
Netto bedryfsoorskot/ (-tekort)	**12 469 451**	**10 497 624**	**22 967 075**	Verwys na Aantekening 35.
Betaling vir kapitaalbates	(2 173 511)	(26 871)	(2 200 382)	Niekontantgedeelte van bate-aankope in die vorige jaar.
Netto oorskot/(tekort)	**10 295 940**	**10 470 753**	**20 766 693**	

Veranderinge van die goedgekeurde begroting na die finale begroting

Daar was geen veranderinge van die goedgekeurde begroting na die finale begroting nie.

Syfers in Rand	2025	2024

37. Verantwoording deur prinsipale en agente

Die Raad is deel van 'n prinsipaal-agent-reëling.

Die besonderhede van die reëling is soos volg:

Ingevolge artikel 12(13) van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne (die Wet) is die bevoegdhede en funksies van die Raad om belasting, heffings, regte en lisensiefooie wat deur of kragtens hierdie Wet opgelê word, in te vorder en te administreer kragtens die bepalings van hierdie Wet.

Ingevolge artikel 3(1) van Deel C van die Wet, is enige bedrag belasting, lisensiefooie, boete of rente wat ingevolge hierdie Wet betaalbaar is, 'n skuld wat aan die Provinsie verskuldig is wanneer dit verskuldig en betaalbaar word, en sal dit verhaalbaar wees ten bate van die Provinsiale Inkomstefonds deur die Hoof- Uitvoerende Beampte soos hierna bepaal.

Die Raad is 'n agent aangesien dit belasting, lisensiefooie, boetes en rente namens die Provinsiale Inkomstefonds invorder. Die funksie van die Raad om belasting en heffings ten bate van die Provinsiale Inkomstefonds in te vorder en te administreer, word bepaal deur die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, Wet 4 van 1996. Geen ander bindende reëling bestaan nie.

Daar was gedurende die verslagtydperk geen veranderinge in soverre dit verband hou met die Raad se bevoegdhede en funksies om belasting, heffings, regte en lisensiefooie in te vorder en te administreer nie. Betalings ten opsigte van belasting, lisensiefooie en boetes word aan die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie betaal, aangesien die Provinsiale Tesourie 'n kanaal na die Provinsiale Inkomstefonds is vir die belasting en ander inkomste wat deur die Raad ingevorder word.

Entiteit as agent

Hulpbronne wat namens die prinsipaal gehou word, maar in die entiteit se eie finansiële state erken word

Sekere bedrae wat ingesluit is by Handelsdebiteure en ander Ontvangbare Rekening, is fooie wat aan die Provinsiale Inkomstefonds betaalbaar is. Verwys na die tabel hier onder vir besonderhede:

Jaarlikse lisensiefooie	68 056	134 771
Dobbelbelasting	60 303 682	80 380 377
	60 371 738	**80 515 148**

Inkomste erken

Die Raad word nie vergoed vir die transaksies wat namens die prinsipaal uitgevoer word nie. Die Raad het 'n staatstoewysing ten bedrae R24 586 000 vir die oorsigjaar ontvang.

Laste en gepaardgaande regte op vergoeding wat as bates erken word

Die Raad het geen laste namens die prinsipaal aangegaan nie en het gevolglik geen gepaardgaande reg op vergoeding as bates erken nie.

Bykomende inligting

Inkomste en uitgawes wat verband hou met transaksies met derde partye wat ingevolge die prinsipaal-agent-reëling uitgevoer is

Kategorieë inkomste wat ontvang is of namens die prinsipaal ontvang moet word:

Kategorieë

Dobbelbelasting
Jaarlikse lisensiefooie
Rente, boetes en strafgeld

Syfers in Rand	2025	2024

37. Verantwoording deur prinsipale en agente (vervolg)

Kategorie uitgawes wat namens die prinsipaal betaal of toegeval is:

Die Raad gaan nie in die normale loop van sake uitgawes namens die Provinsiale Inkomstefonds aan nie.

Bedrag van inkomste wat gedurende die verslagtydperk namens die prinsipaal ontvang is

Dobbelbelasting	1 658 157 872	1 432 182 189
Jaarlikse lisensiefooie	4 306 377	4 001 958
Rente, boetes en strafgeld	100 123	198 725
	1 662 564 372	**1 436 382 872**

Verwys na Aantekening 28 - Belasting en heffings wat gedurende die jaar ingevorder is vir inligting oor die inkomste wat namens die Provinsiale Inkomstefonds ingevorder is.

Betaalbare rekening wat erken is op grond van die regte en verpligtinge wat in die bindende reëlings bepaal is

Dobbelbelasting	76 834 061	100 178 469
Jaarlikse lisensiefooie	310 192	283 121
Strafgelde	2 500	73 000
Verbeuring van opbrengs uit onwettige dobbelary	-	2 358
	77 146 753	**100 536 948**

Ontvangbare rekeninge wat erken is op grond van die regte en verpligtinge wat in die bindende reëling bepaal is

Rekonsiliasie van die drabedrag van ontvangbare rekeninge

Beginsaldo	80 515 148	44 464 729
Belasting en heffings waarop prinsipaal geregtig is	1 642 420 962	1 472 433 291
Belasting en heffings namens die prinsipaal ontvang	(1 662 564 372)	(1 436 382 872)
	60 371 738	**80 515 148**

AARP 109 vereis dat die Raad 'n ontvangbare rekening erken vir belasting wat ingevorder moet word op grond van die Raad se funksie om belasting namens die Provinsiale Inkomstefonds in te vorder en te administreer. 'n Ooreenstemmende las is in die finansiële state erken aangesien hierdie belasting aan die Provinsiale Inkomstefonds betaalbaar is.

Verwys na Aantekening 27 waarin hulpbronne wat namens die prinsipaal gehou word, bekendgemaak word.

Verwys na Aantekening 6 - Ontvangbare rekeninge uit nieruiltransaksies.

Syfers in Rand	2025	2024

37. Verantwoording deur prinsipale en agente (vervolg)

Rekonsiliasie van die drabedrag van betaalbare rekeninge ten opsigte van belasting en heffings

Beginsaldo	100 536 948	58 789 602
Belasting en heffings waarop prinsipaal geregtig is	1 642 420 962	1 472 433 291
Belasting en heffings aan prinsipaal betaal	(1 665 811 157)	(1 430 685 945)
	77 146 753	**100 536 948**

Verwys na Aantekening 27 waarin bedrae betaalbaar aan verwante partye bekendgemaak word.

38. Vorige jaar-foute en -aansuiwerings

Behuisingsvoordele en -toelaes

Behuisingstoelaes is in die vorige jaar korrek as onkoste in die Behuisingsvoordele- en -toelae-uitgawerekeninge hanteer. Toe IGSF-fondse (individueel-gekoppelde spaarfasiliteit) ten bedrae van R115 731 egter onttrek is, is die transaksies deur salarisse verwerk, wat gelei het tot 'n duplikaatheffing en 'n ooraangewing van die Behuisingsvoordele- en =toelae-uitgawes met dieselfde bedrag. Ten einde die IGSF-behuisingstoelae-aanspreeklikheid op 31 Maart 2024 te verreken, is die bedrag van R115 731 verkeerdelik as Diverse Inkomste erken, wat tot 'n ooraangewing van Diverse Inkomste gelei het.

Mediese fonds maatskappybydraes

Tot en met 31 Maart 2019 is die mediesefondstoelaag in lyn met die lewenskoste-aanpassings ("LKA") verhoog, soos bepaal deur die DSA. Personeellede het gedurende die COVID-19-pandemie en die daaropvolgende jare nie LKA-verhogings ontvang nie as gevolg van finansiële beperkings en die prioritisering van noodsaaklike dienste. Ná die pandemie het personeel niepensioendraende kontanttoelaes ontvang wat LKA-aanpassings vervang het. Die mediesefondstoelaag het gevolglik vir verskeie jare onveranderd gebly. Nadat LKA-verhogings ná die pandemie hervat is, is die mediesefondstoelaag per ongeluk nie in lyn met daardie verhogings aangepas nie.

Verwys na die inligting hier onder vir die impak van die foute van die vorige jaar op die staat van finansiële posisie, staat van finansiële prestasie en bekendmakingsaantekeninge.

Staat van finansiële posisie	**Soos voorheen gerapporteer**	**Aansuiwering**	**Heraangegee**
Opgehoopte oorskot / Netto bates	(33 860 477)	220 958	(33 639 519)
Betaalbare rekeninge uit ruiltransaksies	(1 110 242)	(220 958)	(1 331 200)

Staat van finansiële prestasie	**Soos voorheen gerapporteer**	**Aansuiwering**	**Heraangegee**
Diverse inkomste	(588 980)	115 731	(473 249)
Werknemerverwante koste	51 637 611	105 227	51 742 838
Oorskot vir die jaar	(5 205 424)	220 958	(4 984 466)

Kontantvloeistaat	**Soos voorheen gerapporteer**	**Aansuiwering**	**Heraangegee**
Bedryfsinkomste (Aantekening 1)	54 611 717	(115 731)	54 495 986
Werknemerkoste	(51 539 500)	(105 227)	(51 644 727)
Verskaffers	(20 073 761)	220 958	(19 852 803)

Syfers in Rand	2025	2024

38. Vorige jaar-foute en -aansuiwerings (vervolg)

Aantekening 1: Aangesien die aansuiwering met die niekontantgedeelte van ander inkomste verband gehou het, het die regstelling die beweging in ontvangbare rekeninge beïnvloed, wat weer die kontantontvangste uit bedryfsinkomste in die kontantvloeistaat geraak het.

Ander vorige-jaar-aansuiwerings

Staat van finansiële posisie

Kontant en kontantekwivalente - Trustfondse (trust) is hernoem na Kontant en kontantekwivalente Trustfondse (deugsaamheidskoste) om met die ooreenstemmende trustaanspreeklikheid-rekening te belyn.

Aantekening 5 - Ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies
Finansiële bate- ontvangbare rekeninge ten bedrae van R706 662 wat by ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies ingesluit is, is in die vorige jaar verkeerdelik onder “Teenpartye sonder eksterne kredietgradering” as R705 862 bekendgemaak.

Aantekening 7 - Kontant en kontantekwivalente - Trustfondse
’n Rekonsiliasie is vir die lopende asook die vorige jaar verskaf om die bedrae aan te dui wat van die lopende rekening na die trustrekening oorgeplaas is, asook die trustvereffenings wat teen lisensiehouers se uitstaande saldo’s teen jaareinde toegepas is.

Aantekening 14 - Werknemervoordele
Met betrekking tot die ‘netto uitgawe wat in die staat van finansiële prestasie erken is’, is die lopende dienskoste vir Langdienstoekennings en die Aanspreeklikheid vir Mediesefondsvoordeel in die vorige jaar as netto van voordele betaal bekendgemaak. In die lopende asook die vorige jaar word voordele betaal nou afsonderlik in ooreenstemming met die vereistes van AARP 25 bekendgemaak.

Aantekening 23 - Algemene uitgawes
Die lynitem wat voorheen as ‘Vermaak’ geklassifiseer is, is herklassifiseer en word nou aangebied as ‘Uitgawes vir vergaderings’ om die aard van die uitgawe meer akkuraat te weerspieël.

Aantekening 28 - Belasting en heffings gedurende die jaar ingevorder
Vir die lopende asook die vorige jaar sluit die bekendmaking nou ’n opsomming in van belasting en heffings ingevorder, wat nie in die vorige jaar se finansiële state aangebied is nie.

39. Verandering in skatting

Eiendom, aanleg en toerusting

’n Assessering is gedoen van die nuttige lewensduur van die Raad se eiendom, aanleg en toerusting met ingang van 31 Maart 2025.

Bestuur is van mening dat die nuttige lewensduur van die bates in lyn met die huidige omstandighede is.

Die herassessering van nuttige lewensduur het gelei tot ’n afname in waardevermindering aangesien die veranderinge vooruitwerkend toegepas is.

Die effek in die lopende jaar is ’n toename in die netto oorskot van R85 857, wat lei tot ’n toekomstige afname in die netto oorskot van R85 857 oor die volgende jare.

Syfers in Rand	2025	2024

40. Onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes

Onreëlmatige uitgawes	703 537	-
Vrugtelose en verkwistende uitgawes	-	9 613
Eindsaldo	**703 537**	**9 613**

Die entiteit het gedurende die jaar loodgieters- en elektriese instandhoudingsdienste verkry sonder om die minimum CIDB-graderingsvereistes in die Versoek om Kwotasie-dokumentasie te spesifiseer, soos vereis deur Regulasie 25 van die Regulasies vir die Ontwikkeling van die Konstruksiebedryf. Hierdie weglating het ontstaan as gevolg van 'n verkeerde klassifikasie van die werk as algemene instandhouding pleks van konstruksie, en dit is verder vererger deur vakatures in die VKB-eenheid. Alhoewel die proses nie ten volle aan vereistes voldoen het nie, was die diensverskaffers met aanstelling by die CIDB geregistreer.

Verwys na Deel E: Verslag oor WOFB-voldoening ten opsigte van onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes.

41. BBSEB-prestasie

Inligting oor voldoening aan die BBSEB-wet word by die jaarverslag onder die afdeling Prestasie-inligting oor BBSEB-voldoening ingesluit.

Vir bykomende afskrifte van hierdie dokumente, kontak asseblief:

Die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
Fairwaysingel 24
Fairway Terraces
Parow
7500

Tel.: 021 480 7400
E-pos: ceo@wcgrb.co.za
Webwerf: www.wcgrb.co.za

Engelse en isiXhosa weergawes van die publikasie is op versoek beskikbaar.

PR 174/202
ISBN: 978-1-77997-917-9